


DOCUMENTA 27
UNISA 1983





Portret van Vergilius op 'n mosaïek in die vloer van 'n Romeinse villa wat in 1896 te Sousse in Tunisië opgegrawe is. Dit dateer uit die eerste eeu n.C. Aan Vergilius se linkerkant staan die Melpomene, muse van Tragedie (let op die tragedie-masker in haar hand). Aan sy regterkant staan Clio, muse van Geskiedenis.

Publius Vergilius Maro

ECLOGAE
en
GEORGICA

Uit die oorspronklike Latyn vertaal
deur
J.T. Benade

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA
PRETORIA
1983

© 1983 Universiteit van Suid-Afrika
Alle regte behou

ISBN 0 86981 234 3

Gedruk deur
V & R Drukkery (Edms) Bpk.
Pretoria

Uitgegee deur die
Universiteit van Suid-Afrika
Muckleneuk, Pretoria

Aan my vrou, Bessie

Voorwoord

Na my wete bestaan daar nog nie 'n Afrikaanse prosavertaling van Vergilius se *Eclogae (Bucolica)* nie. Wyle prof. T.J. Haarhoff se prosavertaling van die *Georgica* wat alreeds in 1925 in sy bundel *Die Romeinse Boer* verskyn het, is welbekend. Sedertdien, egter, het sowel die Afrikaanse taal as die navorsing m.b.t. die teks en interpretasie van Vergilius se gedigte met rasse skrede vooruitgegaan, met die gevolg dat gemelde vertaling ietwat verouder geraak het. Ook N.A. Blanckenberg se hoogs verdienstelike versvertaling (*Vergilius : Landelike Poësie : Bucolica, Georgica*, H.A.U.M., Kaapstad, 1975) wat onder dwang van die metrum noodwendig passim iets van die teks onvertaal moes laat, of iets wat nie in die teks staan nie moes byvoeg, voldoen nie algeheel aan die behoeftes van die Latynstudent nie. Daarom glo ek dat 'n nuwe prosavertaling van hierdie beroemde gedigte van Vergilius vir die Latynstudent noodsaaklik geword het. Ek vertrou dat die vertaling wat ek hier bied, hoewel nog steeds onvolmaak, tot effektiewer hulp vir die Latynstudent sal wees, maar tog ook aan die breër leserspubliek genot sal verskaf.

As basis vir my vertaling het ek die Vergiliusteks van Sir Roger Mynors in die Oxford Classical Texts-reeks (1969) benut. Waar ek 'n ander lesing volg, word dit in 'n voetnoot aangedui. Daarbenewens het ek dankbaar gebruik gemaak van nuttige wenke, frapante sinswendinge en pittige interpretasies in die reeds genoemde Afrikaanse vertalings van Haarhoff en Blanckenberg,

C. van Zuylichem se Nederlandse prosavertaling van die *Georgica* (*Vergilius : Georgica*³, Antwerpen, 1973), Marc Moonen se Nederlandse versvertaling van die *Eclogae* (*Vergilius : Bucolica*⁴, Antwerpen, 1964), H.R. Fairclough se Engelse prosavertaling (*Vergil : Eclogues, Georgics, Aeneid 1-6*, W. Heinemann, London, 1957). C. Day Lewis se Engelse versvertaling (*The Eclogues, Georgics and Aeneid of Vergil*⁵, O.U.P., 1974), en F. Klingner se Duitse vertaling van die *Eclogae* (*Vergil : Bucolica, Georgica, Aeneis*, Zurich 1967).

Verwysings na T.E. Page, Will Richter en R. Coleman in die voetnotas, verwys na hul werke *Vergil : Bucolics and Georgics*, MacMillan, London 1968, *Vergil : Georgica*, Max Hueber, München 1957, en *Vergil : Eclogues*, Cambridge U.P. 1977 respektiewelik.

Met groot genoë spreek ek ook my dank uit teenoor Prof. D.M. Kriel van die Universiteit van Pretoria vir sy skerpsinnige kontroliering van my vertaling van die *Eclogae*, en teenoor my mentor, prof. H.L. Gonin, tans van Unisa, vir sy konstante bemoediging en sorgvuldige nagaan van my vertaling van Georgicon IV.

Ten slotte bied ek langs hierdie weg my opregte dank aan die Universiteit van die Noorde vir hulp met tikwerk, veral aan mev. R. Otto vir haar onvermoeide ywer om die manuskrip finaal gereed te kry, en aan die Universiteit van Suid-Afrika vir hulle bereidwilligheid om die werk uit te gee.

J.T. BENADE

Universiteit van die Noorde
Maart 1979

Inhoud

'n Faksimile en transkripsie van enkele verse uit die oorspronklike handgeskrewe manuskrip van die Georgica x

INLEIDING 1

Eclogae 1

Georgica 3

ECLOGAE

Ecloga I: Tityrus (Tityrus en Meliboeus) 7

Ecloga II: Alexis 10

Ecloga III: Palaemon (Menalcas en Damoetas) 13

Ecloga IV: Pollio en die Goue Eeu 18

Ecloga V: Daphnis (Menalcus en Mopsus) 21

Ecloga VI: Varus 26

Ecloga VII: Meliboeus (Meliboeus, Corydon en Thyrsis) 28

Ecloga VIII: Pharmaceutria (Damon en Alpheisiboeus) 31

Ecloga IX: Moeris (Lycidas en Moeris) 36

Ecloga X: Gallus 39

GEORGICA

Georgicon I: Akkerbou 45

Georgicon II: Bome en wingerdbou 59

Georgicon III: Veeboerdery 74

Georgicon IV: Bye en byeboerdery 90

NOTAS 106

QUISSINICPOINERISERINICSVRGERIMES
 NOMITSEHSUNTRIMINMGAVEROBYRARNRI
 IARDMELLINSINAMRISNOIVENTIAFLANSTR
 IRIBVINEQIRAHAIQETINSIQVOPONDEREASR
 VIRGENFRMTERACALLEIVTISQSYPLIN
 ARBVTAICRATESIMYSTHICAVANNNSIACCHI
 OMNEXQVAMNLIQANTEMMORPROVTSARE
 SHEDIGNAMANENTIDVINIGLORIARNDIS
 CONTINVOINSITIVISIMAGNAVIFLEXADOMAIN
 ANAVRIMEICVRVITORMAMACOTPIVLMVEMBE
 TIMCASITRPUDES TERKOPRODIENTVSIKXOTIS
 MINALAVRISQVPIRUMPIANLVRDEXVALLADOR
 QNEDIVRUITHEKANTIMGOLENTISALIXQJACVS
 FIDVACQVARKVVRVSAITRGOTORQVEXATIMOS

'n Faksimile van enkele verse uit die oorspronklike handgeskrewe manuskrip van die GEORGICA. Dit is in die capitalis quadrata lettertipe op perkament geskryf en dateer uit die 4e of 5e eeu n.C.

*Quis si nec potuere seri nec surgere messis
vomis et inflexi primum grave robur aratri
tardaue Eleusine matris volventia plaustra
tribulaeque trahaeque et iniquo pondere ratri
5 virgea praeterea Caelei vilisque supplex
arbuteae crates et mystica vannus Iacchi
omnia quae multo ante memor provisā repones
sit te digna manent divini gloria ruris
continuo in silvis magna vi flexa domatur
10 in burim et curvi formam accepit ulmus aratri
huic a stirpe pedes temo protentus in octo
binae aures duplici aptantur dentalia dorso
caeditur et tilia ante iugo levis altaque fagus
stiuā quaeque currus a tergo torqueat imos*

'n Transkripsie van die vorige bladsy

Inleiding

DIE ECLOGAE

Met sy eersteling-bundel, die *Bucolica*,¹ ook genoem *Eclogae*,² het Vergilius Rome se eerste digter van bukoliese of pastorale poësie geword. Hy was egter nie self die uitvinder van hierdie genre nie, want daardie verdienste kom 'n Griekse digter van die derde eeu v.C. toe – Theocritus van Syracusa in Sicilië. Daarbenewens het Theocritus se onmiddellike opvolgers, Moschus (fl. c.150 v.C.) en Bion (c.100 v.C.) ook betekenisvolle bydraes gelewer tot die ontwikkeling van hierdie genre voordat Vergilius sy hand daaraan gewaag het.

Pastorale poësie het ontstaan uit 'n reaksie van gesofistikeerde stede-linge³ teen die kompleksiteit van die stadskultuur en hul hunkering na plattelandse eenvoud en kontak met die vrye natuur. 'n Sterk faktor in die ontwikkeling van hierdie soort poësie was die mitologiese tradisie dat daar eens in die ver-verre verlede, nog voor die totstandkoming van beskawing en stede en handel en nywerheid, 'n Goue Eeu bestaan het toe die mens in ongestoorde, ongeordende vrede, rustig in onskuld en gemak sy voedsel sonder arbeid of inspanning van die milde aarde ontvang het. Uit hierdie toestand sou daar toe 'n pastorale kultuur ontstaan het, waarin die mens vir die eerste maal begin het om vir hom huisdiere mak te maak. Na die totstandkoming van stede het die herders hul kuddes onverpoos op die velde versorg, en steeds onaangeraak gebly deur die onaangename uitvloeisels en spanninge van die komplekse lewe in die stad. Vandaar die idealisering van die herder se lewe in pastorale poësie, 'n geïdealiseerde voorstelling waarby die mite van die Goue Eeu ongedwonge betrek kon word.

Gedagtig aan die afgryslieke burgeroorloë tydens Vergilius se leeftyd, en ook aan die klaaglike lot van menige eertyds gelukkige plattelander in die stede, kan ons goed begryp waarom sy sensitiewe digtersiel allereers in die pastorale poësie die instrument gesien het waarmee hy sy eie, en sy volk se hunkering na vrede en geluk kon uitbeeld.

Hoewel die pastorale mite van Theocritus sy model was, en hoewel hy ook verskeie vernuwende temas van Moschus en Bion benut het, het hierdie genre in Vergilius se hande verdere betekenisvolle vernuwing ondergaan. In die tien gedigte waaruit die *Eclogae* bestaan, vind ons nog die konvensionele dramatiese vorm – dialoog of monoloog – en ook nog al die konvensionele temas: genieting van ongerepte natuurskoon, liefde vir musiek en sang, sangwedstryde, opregte vriendskap, lofwaardige godsdienssin, die liefdesvreug en -smart van die herders. Maar by Vergilius word die eksotiese planteryk en landskap van die mitiese Arkadië, die tuiste van sy herders, plek-plek verdring deur die ryk bodem en natuurskoon van die Italiaanse platteland (vgl. o.a. *Ecl.* I, 46-58; II, 45-55; IX, 7-10), en word kontemporêre persoonlikhede en aktiwiteite direk en ondubbelsinnig met die mitiese wêreld in verband gebring. Soms word die mitiese illusie hierdeur versteur (vgl. bv. *Ecl.* III met sy ongeïntegreerde verwysings na Varus, Varius en Cinna) maar merendeel is sulke verwysings kunsvol met die mite verweef. Nieteenstaande hul Griekse name, is dit uit die konteks duidelik dat Meliboeus in *Ecl.* I, en Moeris en Menalcas in *Ecl.* IX Romeinse burgers is, en besef ons terdeë dat albei gedigte direk betrokke is by die onteiening en verdwyning van die Italiaanse kleinboer van sy grond in die laat veertigerjare v.C., 'n onreg wat Vergilius persoonlik gely het toe sy erfplasia naby Mantua onteien is.

Nog intenser beleef ons kontemporêre politieke gebeure as Vergilius in *Ecl.* V homself voorstel as die pastorale figuur Menalcas, en die vermoorde Julius Caesar as Daphnis. Die dood en vergoding van die konvensionele mite se Siciliese held Daphnis, verwys onteenseglik na die dood en vergoding van Julius Caesar in 44 v.C. Die digter se politieke simpatie is maklik kenbaar uit Menalcas se loflied oor Daphnis (vv. 56-80), en sy vertroue in die toekoms van sy volk onder leiding van die jongman Octavianus spreek duidelik uit sy bereoemde *Ecl.* IV, waarin die digter voorspel dat daar binnekort 'n goddelike kind gebore sou word in wie se leeftyd 'n nuwe Goue Eeu tot stand sou kom – 'n kind wat deur latere geleerdes, o.a. die kerkvader Augustinus, verkeerdelik met die Christuskind geïdentifiseer is. Deur op hierdie wyse uiting te gee aan sy onwrikbare vertroue het die digter wat so diep betrokke was by die wel en wee van sy volk, nuwe hoop aan sy verwarde mense voorgelê. Die

konvensionele Goue Eeu word hier vir die eerste maal uitgebeeld as iets wat nie net in die mitiese verlede bestaan het nie, maar as 'n tydvak wat weer tot heil van die mensdom, en meer bepaald vir die Romeinse volk sal kom.⁴

Nog 'n element wat Vergilius in sy *Eclogae* aan die pastorale genre toegevoeg het, is die positiewe morele kritiek op sosiale en politieke wan-toestande (vgl. veral *Ecl.* I en IX), en op die lewe in die stad van sy eie tyd (vgl. *Ecl.* I, 33-35; IV, 31-33; en die dreunende refrein van VII, 68, 72, 76 ens.), 'n element wat ná hom een van die belangrikste wesenskenmerke van pastorale poësie geword het.

Deur hierdie genre te verinnig, te verbreed en te verdiep, en dít in 'n styl wat Horatius *molle et facetum*, "soepel en geestig" (Sat. I. 10. 44) genoem het, het Vergilius die rigting vasgelê waarin latere Europese pastorale poësie sou ontwikkel, en kan ons saamstem met R. Coleman se uitspraak: "In making the impersonal myth of Arcady the vehicle for an intense, if oblique, form of personal poetry he – far more than Theocritus – can be deemed the father of European pastoral."⁵

Die bekoring van die *Eclogae* se herders met hul *solliciti amores*, "kommervolle liefdes", teen 'n agtergrond van ongerepte natuur, bly vandag na meer as tweeduisend jaar nog net so sterk soos by die eerste verskyning van hierdie gedigte. Tereg het hulle aan Vergilius onmiddellik roem as digter besorg, en sal hulle steeds in die toekoms, net soos vir die Romeinse jeug van meet af aan, 'n "voorgeskrewe" werk op skool en universiteit bly.

DIE GEORGICA

Die *Georgica* wat "boerderyaangeleenthede" beteken, verskyn in 29 v.C. Hierdie gedig is geskep op aandrang van Maecenas, politieke en administratiewe regterhand van Octavianus. Die redes vir Maecenas se versoek is voor die hand liggend. In daardie stadium was Rome en die volkere van Italië al ongeveer 'n eeu lank onderworpe aan oorloë, politieke, sosiale en ekonomiese onrus. Deurdat die fleur van die bevolking, veral die stoere boerestand, in die leërs opgeneem is en baie van hulle omgekom het, het die Italiaanse stapelbedryf, die landbou, in verval geraak. Onteiening van hul plase, gebrekkige finansieringsfasiliteite en strawwe buitelandse kompetisie t.o.v. produktepryse het die boerestand

deur wie se hardwerkendheid, gehardheid en morele deugdelikheid Rome tot grootheid gegroei het, al dieper en dieper in 'n ekonomiese moeras laat sink, en hulle as ontevrede werkloses na Rome en ander Italiaanse stede laat stroom. Octavianus en sy regering was vasberade om hierdie stroom te keer, en om weer die landbou in ere te herstel as die enigste eerbare lewenstog van die rasegte Romein. Vir hierdie doel is die hulp van die Romeinse digters ook ingeroep, en het Maecenas hom veral na Vergilius as erkende meester onder die lewende digters gewend.

In die lig van bogenoemde feite, en veral as ons in ag neem dat die vier boeke waaruit die *Georgica* bestaan aan akkerbou (Bk. I), boomkwekery en wynbou (Bk. II), perde- en veeteelt (Bk. III) en byeboerdery (Bk. IV) gewy is, sou 'n mens tereg 'n prosaïese leerboek van boerderybeginsels deurspek met sosiaal-politiese en sosiaal-ekonomiese verwysings kon verwag. Maar dit is juis wat hierdie gedig nie is nie.

Die *Georgica* val weliswaar binne die genre van didaktiese poësie. Vergilius gee self voor (*Georg.* II, 176) dat sy gedig 'n imitasie is van die Griekse digter Hesiodus se leerdig oor landbou, die *Erga kai Hêmérai*, en hy erken (II. 475 e.v.) die diep indruk wat die Romeinse digter Lucretius se filosofiese leerdig, die *De rerum natura*, op hom gemaak het. Ons weet ook dat hy talle ander didaktiese bronne benut het vir sy *Georgica*, o.a. die Griekse digters van Alexandrië, t.w. Aratus, Nicander en Eratosthenes, maar veral ook die landboukundige werke van die Romeinse skrywers Cato (*De agricultura*) en Varro (*Rerum rusticarum libri tres*). Die *Georgica* vertoon ruimskoots feite en nuttige suggesties aan hierdie bronne ontleen, maar heelwat voorskrifte kon Vergilius ook uit sy eie ervaring as boersun geput het. Tog was dit nie die digter se primêre doel om sy volk te leer boer, of om hulle na die plaaslewe terug te lok nie – sy waarskynlike lesers was immers 'n relatief klein groepie hoogs gekultiveerde letterkundige fynproewers. Sy doel was eerder om genot te verskaf, genot wat terselfdertyd 'n nuttigheidsdoel dien.⁶

En genot is dit, voorwaar, wat hierdie gedig ons bied. In Vergilius se groot, begrypende en simpatieke gees het die oënskynlik prosaïese stof gegis en gegroei om uiteindelik in die *Georgica* as een van die bekoorlikste brokkies literatuur in die Westerse kultuurskat gestalte te verkry. Niemand wat dit eenmaal gelees het, sal ooit die beeld van 'n geïdealiseerde moederland vergeet nie; een wat haar afhanklikes liefderik versorg en voed, maar wat van mens en huisdier *labor improbus* (*Georg.* I. 145-146) "meedoënlose arbeid" eis; een wat nie net troetel en versorg nie, maar ook met ysige winters, versengende somers, droogtes, storms en

vloedwaters, en peste onder vee en gesaaides teister. So word die *Georgica* 'n geheelbeeld van die Italiese landelike lewe, 'n heerlike lied van die bodem, telkens versomber deur wat J.W. Mackail⁷ noem 'n "majestic sadness", daardie aangrypende deernis wat die digter vir sy onderwerpe openbaar. So juig ons saam met die boere, die grond, struike, bome, welige gesaaides, voëls en diere; so ly ons saam met die uitgestote bul (Bk. III. 225-34), die os wat onder juk dood neerslaan (Bk. III. 520-25), die treurende nagtegaal wie se kleintjies nog sonder vere deur die hartelose boer uit die nes gepluk is (Bk. IV, 511-15). So intens is Vergilius betrokke by elke, selfs die kleinste onderdeeljie van sy onderwerp dat lewelose en ander natuurdinge as't ware geantropomorfiseer word, sodat daar 'n menslike gees uit hulle straal. En by die antropomorfisering betrek die digter ewig-menslike gevoelens, verlangens en ideale.

Hierdie "Durchseelung der Form"⁸ is by uitstek die valensie wat Vergilius se werk die toets van tweeduisend jaar kon laat deurstaan. Geslag na geslag van die mensdom vind in Vergilius die weerklink van hul eie gevoelens, verlangens en ideale.

Net soos in die *Eclogae* is die digter ook in die *Georgica* betrokke by die politieke gebeure van sy tyd. Vol bewondering staan ons voor sy antropomorfisering van die heuningby, veral voor sy beskrywing van die byestaat (bk. IV. 153-218), wat as sosiaal-politieke en nasionaal-patriotiese betrokkenheid in die oog spring. Die geordende samelewing in die byestaat, die gesamentlike arbeid waaraan almal ywerig tot die gemeenskaplike voordeel meedoen, die selfopoffering in die uitvoer van hulle taak, die eenheid in die verering en onderskraging van hulle leier is voorwaar 'n ideale voorbeeld vir die Romeinse volk wat nou na die chaos van die burgeroorloë weer hulle staat moes opbou.

Weer eens opvallend is Vergilius se waardering vir Octavianus. In die byestaat verwys die koning met die edel voorkoms en wat met goue kolletjies skitter (Bk. IV. 90-93) ongetwyfeld na Octavianus, terwyl die ander soort wat verwaarloos lyk van leegle en 'n breë pens roemloos agter hom aansleep (Bk. IV, 93-94), op Antonius dui.⁹ Maar nog veel meer uitgesproke is die digter se lof en waardering vir die jong heerser as hy hom heel aan die begin van die gedig (Bk. I. 5-42) saam met die twaalf erkende beskermgode van die landbou as 'n toekomstige dertiende god aanroep, en sy beskerming afsmeek vir die boere en die landbou, asook vir die digter self met die dig van die *Georgica*; as hy die gode vra om tog "hierdie jongman" nie te verhinder om 'n ontwortelde geslag te hulp te kom nie (Bk. I. 498-501); as hy voorspel dat hy 'n marmertempel¹⁰ – 'n

tempel van verse – tot eer van Caesar Octavianus gaan oprig (Bk. III. 10-39); as hy in die loflied aan Italië (Bk. II. 136-176) sy “*Saturnia tellus*” loof as ‘n land wat ‘n stoere geslag helde voortgebring het, en onder hulle “ook vir u, Caesar, die grootste van almal” (II. 170). Hierin moet ons nie aanstootlike vleierij sien nie, maar alleenlik die digter se opregte dankbaarheid en vaste geloof in ‘n nuwe bedeling vir sy volk. Bowendien is al hierdie verwysings ten volle geïntegreer met die totale opset van die gedig.

T.E. Page meen “for an ordinary man to criticise his (Virgil’s) poetic power is almost an impertinence”.¹¹ Daarom beoog hierdie inleiding niks meer nie as om aan die geïnteresseerde leser ‘n riglyn te bied tot ‘n vooraf begrip van hoe Vergilius sy taak aangepak het binne die sfeer van die verskillende genres waarin hierdie twee gedigte val, en om ‘n aanduiding te gee van waarom dit in elke gedig gaan.

Uit die byna oorweldigende volume literatuur wat reeds geheel of gedeeltelik oor die *Eclogae* en *Georgica* verskyn het, kan die volgende werke vir ruimer studie aanbeveel word:

Letters, F.J.H.: *Virgil*, London 1946.

Mackail, J.W.: *Virgil and his meaning to the world of today*, New York 1930.

Oppermann, H. (ed.): *Wege zu Vergil*, Darmstadt 1963.

Pöschl, V.: *Die Hirtendichtung Vergils*, Heidelberg 1964.

Sellar, W.Y.: *Poets of the Augustan Age: Vergil*³, Oxford 1941.

Tekste met kommentare en insiggewende inleidings:

Coleman, R.: *Eclogues*, Cambridge Univ. Press 1977.

Holtorf, H.: *P. Vergilius Maro: Die grösseren Gedichte I: Einleitung, Bucolica*, München 1959.

Klingner, F.: *Vergil: Bucolica, Georgica, Aeneis*, Zürich 1967.

Page, T.E.: *Virgil: Bucolics and Georgics*, London 1968.

Richter, W.: *Georgica*, München 1957.

Williams, R.D.: *Virgil: The Eclogues and Georgics*, New York 1979.

Eclogae

Ecloga I: Tityrus

(Tityrus en Meliboeus)

- M. : Jy, Tityrus, lê op jou rug onder die blaredak van 'n wydgetakte beukeboom en oefen 'n herdersliedjie op jou dun rietfluit. Maar ons verlaat die grense van ons vaderland en ons geliefde weivelde; ons vlug uit ons vaderland, terwyl jy, Tityrus, luilekker in die skadu die woude "Skone Amaryllis" leer uitgalm.
- T. : O, Meliboeus, 'n god het vir ons hierdie vrede besorg – want 'n god sal hy altyd vir my wees; dikwels sal 'n jong lam uit my kraal sy altaar met bloed deurdrenk. Hy is dit wat my beeste toegelaat het om vry rond te wei, soos jy sien, en vir my om net wat ek wil op my landelike fluit te speel. 10
- M. : Ek misgun jou dit nie, sowaar, ek staan eerder verstom: so lank al heers daar oral verwarring op die ganse platteland. Kyk, ek self jaag met 'n seer hart my bokooie aan: die een hier, Tityrus, lei ek nouliks nog agter my aan. Want so pas het sy hier tussen die digte haselare 'n tweeling swaar gelam en hulle, die hoop van my trop, helaas!, op die barre rots gelos. Ek onthou dat eike wat deur die weerlig geslaan was, hierdie ramp herhaaldelik vir my voorspel het – as ek maar nie so dom was nie! Maar nou, Tityrus, daardie god van jou, sê my wie hy is. 15
- T. : Die stad, Meliboeus, wat hulle Rome noem, het ek in my dwaasheid gedink, lyk net soos hierdie een van ons, waarheen ons herders gewoon is om ons jong skaaplamers 20

telkens weer aan te jaag. So het ek geweet dat klein hondjies soos grotes lyk, en bokkies soos hul ma's; en so was ek gewoon om groot en klein te vergelyk. Maar sowaar, hierdie stad het sy hoof so hoog bokant ander stede uitgelig, soos wat sipresse dit gewoonlik tussen buigsame wildewingerd doen.

M. : En wat was dan vir jou so 'n dwingende rede om Rome te sien?

T. : Die Vryheid wat, hoewel laat, tog ag geslaan het op my in my weerloosheid, eers nadat my baard al gryserig begin val het as ek dit knip; maar darem tog ag geslaan, en na 'n lang verloop van tyd gekom het, nadat Amaryllis my gevat en Galatea my laat staan het. Want solank Galatea my gehad het, dit sal ek erken, was daar geen hoop op vryheid en geen sorg vir my spaargeld nie. Ofskoon menige offerdier uit my krale gekom het en menige vet kaas vir die ondankbare stad gepepers is, het my regterhand nooit swaargelaai met geld tuis gekom nie.

30

M. : Ek het gewonder, Amaryllis, waarom jy so weemoedig tot die gode geroep, en vir wie jy dit jou laat welgeval het dat die appels aan hulle eie boom bly hang. Tityrus was van die huis af weg, nè! Die denne self, Tityrus, selfs die fonteine, ja selfs die boorde hier het na jou geroep.

T. : Wat kon ek doen? Op geen ander manier kon ek aan my slawerny ontsnap, en nêrens anders sulke magtige gode leer ken nie. Hier, Meliboeus, het ek daardie jongman gesien vir wie my altaar twaalf dae elke jaar sal rook. Hier het hy heel aan die begin op my versoek geantwoord: "Laat wei julle beeste soos tevore, my seuns, en maak julle bulle groot."

40

M. : Gelukkige ou man! Jou plaas sal dus joune bly, en groot genoeg vir jou. Hoewel kaal klipbank en moeras vol slykerige riet jou hele veld bedek, sal geen kos waaraan hulle nie gewoon is nie jou swaar dragtige ooie aantass, en geen verderflike besmetting van 'n naburige trop hulle skaad nie. Gelukkige ou man! Hier by die bekende strome en heilige fonteine sal jy die koelte van die skadu opsoek. Aan hierdie kant, op jou buurman se grens, sal die heining met sy wilgerblomme leeggedrink deur Hybla¹-bye, jou nog dikwels soos altyd, met sagte soemgeluide tot sluimer nooi. Aan die ander kant, aan die voet

50

van die hoë krans, sal die wingerdsnoeier sy lied tot hoog in die lug laat klim. Maar intussen sal die skor bosduiwe — jou geliefde voëls — en die tortel nie ophou om vanuit die hoë olm te koerklaag nie.

T. : Daarom sal die ligvoet herte eerder in die lug wei, en die see sy visse onbeskerm op die strand agterlaat; sal die Parth eerder uit die Arar drink en die Germaan uit die Tigris, nadat hulle as ballinge oor mekaar se grense geswerf het, voor daardie man se beeld uit my hart sal wegwyn. 60

M. : Maar ons sal hiervandaan trek, party na die dors Afrikane — ander sal in Skithië aankom, en by die Oaxesrivier wat kryt saamsleur in sy vaart, en by die Britte, ver van die hele wêreld afgeskei. Ag, sal ek ooit na lange jare weer die erwe van ons vadere sien, en die dak van my armoedige hut met sooie dig gedek; na lange jare verwonderd staan by die aanskouing van 'n klompie koringare, my koninkryk? Sal 'n gewetenlose soldaat hierdie lande van my wat so mooi bewerk is, besit? 'n Barbaar hierdie gesaaides? Kyk waartoe het tweedrag ons arme burgers gebring! Vir hierdie mense het ons ons lande gesaa! Ent jy nou maar jou peerbome, Meliboeus, en plant jou wynstokke ry op ry. Vooruit my bokooitjies! Vooruit, eertyds gelukkige trop! Hierna sal ek my nie in 'n groen grot neervly en julle dophou waar julle ver weg teen die doringbegroeide krans hang nie. Geen liedjies sal ek meer sing nie. Julle sal nie weer, my bokooitjies, terwyl ek julle laat wei, lusern in blom en bitter wilgerblare vreet nie. 70

T. : Maar jy sou vannag hier by my op 'n groen blarebed kon rus. Ons het ryp appels en melerige kastaiings en volop kaas. Buitendien, in die verte rook die dakke van die plaashuise al, en lang-lang skaduwees val van die hoë berge neer. 80

Ecloga II: Alexis

Die herder Corydon het van liefde gebrand vir skone Alexis, die liefing van sy baas, maar rede tot hoop het hy nie gehad nie. Hy het net maar elke dag tussen die digte beukebome met hul skaduryke toppe sy opwagting gemaak. En daar het hy stoksielalleen hierdie onbeholpe verse in vergeefse hartstog aan die berge en woude uitgestort:

“O, wrede Alexis, gee jy dan niks om vir my liedere nie? Het jy dan geen medelye met my nie? Dryf jy my nog uiteindelik die dood in? Selfs die kuddes soek nou die koelte van die skadu’s op, selfs die doringbosse beskut nou die groen akkedisse, en vir die oesvolk, tam van die skroeiende hitte, stamp Thestylis geurige kruie, knoffel en wildetiemie. 10

Maar terwyl ek jou spoor volg, weerklink die struikgewas onder die brandende son van die skril sonbesies in ’n koor saam met my. Was dit dan nie maar beter om die stuurse woedebuie en hooghartige gedrag van Amaryllis te verduur nie? Nie beter om Menalcas te verdra het nie, al was hy blas en jy blond? Ai, pragtige knaap, maak tog nie te veel staat op jou gelaatskleur nie: wit ligusterblomme val af, maar donker hiasinte word gepluk.

Jy sien neer op my, Alexis, en jy vra nie wie ek is, hoe ryk ek is aan vee, hoe ruim voorsien van sneeuwit melk nie! Op die heuwels van Sicilië loop daar ’n duisend ooilammers van my, en vars melk ontbreek my nie in die somer, en ook nie in die winter nie. 20

Ek sing die liedjies wat Amphion¹ van Dirce² altyd op Attiese Aracynthus³ gesing het as hy sy kuddes kraal toe roep. Ek is ook nie so lelik nie: onlangs nog op die strand, toe die see deur die guns van die winde rustig gelê het, het ek my spieëlbeeld gesien. As jy die beoordelaar was, sou ek nie vir Daphnis⁴ bang wees nie — as 'n spieëlbeeld nooit bedrieg nie!

Ag, as jy maar net saam met my in my nederige hut in die ruwe veld wou woon, saam met my die hert wou skiet en my boklamtrop met 'n groen rietmalva-lat wou aanjaag. Saam met my sal jy in die bosse vir Pan naboots met jou sang — Pan was die eerste wat die mens geleer het om 'n klompie rietstengels met was aanmekaar te heg; Pan sorg vir die skape en die wagters van die skape. En jy sal nie spyt wees dat jy jou lippie hard geskaaf het teen die rietfluit nie : wat het Amyntas tog nie alles gedoen om juis hierdie dinge te leer nie?

30

Ek het 'n fluit wat uit sewe ongelyke pype saamgevoeg is, een wat Damoetas my eens op 'n tyd present gegee het. Op sy sterfbed het hy gesê: 'Dit het jou nou as sy tweede baas'. So het Damoetas gesê, en Amyntas, die dwaas, was jaloers. Boonop het ek nog twee takbökkies wat ek in 'n gevaarlike kloof gevind het. Selfs nou nog is hul velletjies wit gespikkel, en twee maal op 'n dag suip hul 'n ooi se uier leeg — ek hou hulle vir jou! Lank reeds smee Thestyli my om hulle te kan saamvat; en dit sál hy ook, want my presente is mos vir jou niks werd nie.

40

Kom tog hierheen, o pragtige knaap. Kyk! vir jou dra die Nimfe mandjies vol lelies aan. Vir jou pluk die blonde Nais⁵ bleek viooltjies en langstengel papawers en voeg nog tersing en soetgeurende anysblom daarby. Dan omvleg sy die tere hiasint met wildekaneel en ander welriekende kruie, en skakeer dit met goudgeel gousblom. Ek self sal vir jou kwepers pluk, vol sagte dons, en kastaiingneute waarvoor my Amaryllis lief was. Wasgeel pruime sal ek byvoeg — hierdie vrug sal ook sy eer ontvang. Ook van julle sal ek pluk, o lourië, en van jou, naburige mirt, want so gerangskik sal julle jul lieflike geure meng.

50

Corydon, jy is 'n plaasjapie : Alexis gee niks om vir jou presente nie, en as jy met presente sou meeding, sou Iöllas ook geen tree vir jou terugstaan nie. Helaas! Helaas! Wat het ek op my arme self gehaal? In my stommiteit het ek die Suidewind onder my blomme losgelaat, en wildevarke in my helder fonteine.

Vir wie vlug jy, ai tog, jou dwase seun? Selfs die gode het al in
woude gewoon, en ook Paris van Troje. Laat Pallas maar self in **60**
die stede woon wat sy gestig het; laat die woude ons twee bo
alles bekoor. Die kwaai leeuwyfie agtervolg die wolf, die wolf
self die bok, die speelse bok die lusern in blom, en, Alexis,
Corydon vir jou: elkeen laat hom deur sy eie begeerte lei.

Kyk, die jong bulle bring die ploeg terug wat aan die juk hang,
en die ondergaande son laat die langerwordende skadu's rek.
Maar die liefde bly my brand; want watter perk kan daar vir
liefde wees? Ag, Corydon, Corydon, watter waansin het jou **70**
beetgepak? Jou wingerdrank in die blaarryke olm is nog maar
half gesnoei. Waarom maak jy ten minste nie liever gereed om
van die wilgertakkies en soepel biesies iets van die dinge wat jou
daaglikse gebruik benodig, klaar te vleg nie? Jy sal 'n ander
Alexis vind as hierdie een sy neus optrek vir jou.

Ecloga III: Palaemon

(Menalcas en Damoetas)

M. : Sê my, Damoetas, wie se trop is dit die? Dalk Meliboeus s'n?

D. : Nee, in werklikheid Aegon s'n; onlangs het Aegon hulle aan my toevertrou.

M. : Ag, skape, altyd maar 'n ongelukkige trop! Terwyl hulle baas vir Neaera liefkoos en bang is dat sy my dalk bo hóm verkies, melk hierdie vreemde wagter die ooie elke uur tweemaal uit en word die trop hul lewensap, en die lammetjies hul melk ontroof.

D. : Daardie verwyte van jou moet jy egter spaarsamer in manne se gesigte slinger, onthou dit! Ons weet wie jou terwyl die bokke jul skuins aangekyk het en ook in watter heiligdom – maar die insiklike nimfe het gelag.

M. : Dis daardie dag, daarvan is ek oortuig, toe hulle my Micon se boord en jong wingerdranke met 'n kwaadwillige snoeimes sien toetakel het.

10

D. : Of dit was hier by die ou beukebome, toe jy Daphnis se boog en rietpyle gebreek het. En nie alleen was jy gegrief, afgunstige Menalcas, toe jy sien hulle word aan die seun gegee nie, maar jy sou ook gesterf het as jy hom nie op een of ander manier leed aangedoen het nie.

M. : Wat kan base tog doen as diewe sulke dinge waag? Jou opperste skelm, het ek nie gesien hoe jy Damon se bok in 'n hinderlaag oorval terwyl Lycisca verskriklik geblaf het nie? En toe ek skree: 'Waar storm daardie vent nou heen? Tityrus, jaag jou trop bymekaar!' toe kruip jy agter die rietpolle weg. 20

D. : Wat? Moes hy dan nie, toe hy in die sangwedstryd geklop is, die bok aan my gee wat my fluit met sy deuntjies verdien het nie? As jy dit nie weet nie, daardie bok was myne! En Damon het dit self aan my erken, maar hy het gesê hy kan nie betaal nie.

M. : Jy hom in sang geklop?! Of het jy al ooit 'n fluit besit wat met was aanmekeargesit is? Was dit dan nie jy, stumperd, wat gewoonlik op die kruispaaie jou miserabele deuntjie op 'n skril strooipypie verknoei het nie?

D. : Wil jy dus hê dat ons hier onder onsies om die beurt moet uittoets waartoe elk in staat is? Ek sit hierdie jaaroudvers in – om te voorkom dat jy dalk weier, sy kom twee keer per dag melkemmer toe en maak twee kalwers aan haar uier groot. Sê jý nou vir watter pand jy met my sou wedywer. 30

M. : Uit my trop sou ek nie iets teen jou durf insit nie: tuis het ek 'n vader en 'n kwaai stiefma. Hulle albei tel die trop twee keer per dag, en een van hulle ook die boklammers. Maar, aangesien jy lus is om gek te wees, ek sal iets insit wat jy self sal toegee veel waardevoller is: twee drinkbekers van beukehout, 'n kunswerk van die besielde Alcimedon, in reliëf uitgerf. 'n Buigsame wingerdrank, met 'n bedrewe beitel daarop aangebring, bedek die trosse wat onder bleekgroen klimop versprei is. In die middel staan daar twee figuurtjies : Conon¹ en wie was die ander een, die man wat die hele siklus van die seisoene met sy tekenstif vir die volkere afgebaken het – watter seisoene die oesman en watter die vooroorgeboë ploegman s'n was om te hou? Aan hulle het ek nog nie my lippe gesit nie, maar ek hou hulle weggebêre. 40

D. : Ook vir my het dieselfde Alcimedon twee bekere gemaak. Die ore het hy met soepel akant omwind, en in die middel het hy vir Orpheus² afgebeeld met die woude wat

agter hom aanloop. Aan hulle het ek nog nie my lippe gesit nie, maar ek hou hulle weggebêre. As jy egter die vers bekyk, is daar geen rede waarom jy jou bekers prys nie.

M. : Nooit gaan jy vandag loskom nie! Ek sal kom, waarheen jy my ook al oproep. Laat hierdie wedstryd tog net aangehoor word deur wel, wel, kyk!, dis mos Palaemon wat daar aankom. Ek sal sorg dat jy na dese niemand uitdaag om te sing nie. 50

D. : Nouja, kom dan, as jy iets het om te sing. Van my kant af sal daar geen oponthoud wees nie, en ek vlug ook vir niemand³ nie. Net een ding, Palaemon, ou buurman : jy moet sorgvuldige aandag skenk aan hierdie wedstryd – dis geen klein sakkie nie.

P. : Sing julle dan maar, ons sit tog mos op die sagte gras. En nou bloei elke akker, nou bot elke boom, nou is die woude groen, nou is dit die mooiste jaargety. Begin, Damoetas; jy, Menalcas, moet dan volg. Om die beurt sal julle sing; die Muses hou van beurtsang.

D. : By Jupiter begin my lied; van Jupiter is alles vol. Hy sorg vir die aarde; hy gee om vir my liedere. 60

M. : En vir my is Phoebus lief; vir Phoebus is daar by my altyd geskenke wat geskik is vir hom : lourierkrans en die lieflik-blosende hiasint.

D. : Galatea gooi my met 'n appel, die wulpse meisiekind, en vlug dan na die wilgerbome, en wil graag hê dat sy gesien word voor sy hul bereik.

M. : Maar Amyntas, my vurig-beminde, kom ongevraag na my toe, met die gevolg dat Delia tans nie bekender is vir my honde nie.

D. : Geskenke vir my liefling is klaar gevind: want ek het self die plek gemerk waar die bosduiwe hoog in die lug hul neste gebou het.

- M. : En ek het — dis al wat ek kon doen — tien goudkleurige
appels wat ek van 'n boom in die bos gepluk het, vir my
knaap gestuur; môre sal ek nog tien stuur. 70
- D. : Ag, hoe dikwels en wat alles het Galatea nie met my
gesels nie! Dra 'n deeltjie daarvan, o winde, na die ore
van die gode!
- M. : Wat baat dit dat jy my nie self in jou hart verag nie,
Amyntas, as ek die nette oppas terwyl jy wildevarke jag?
- D. : Stuur vir Phyllis na my toe: vandag is my verjaarsdag,
löllas, en wanneer ek 'n vers vir die oes slag, moet jy self
ook kom.
- M. : Vir Phyllis het ek bo alle ander nooientjies lief; want sy
het mos gehuil toe ek vertrek, en nog lank gesnik:
'Vaarwel, mooi löllas, vaarwel.'
- D. : Die wolf is vir veekrale 'n verderf, reënbuie vir die ryp 80
oes, vir bome is dit die winde, maar vir my is dit Ama-
ryllis se woede.
- M. : Soet is 'n reënbui vir die gesaaides, vir gespeende bok-
kies die aarbeiboom, die buigsame wilg vir dragtige vee,
maar vir my is net Amyntas soet.
- D. : Pollio⁵ hou van my Muse, al is sy landelik : dogters⁶ van
Piëria, maak vir die leser⁷ wat aan u toegewy is 'n kalf
vet.
- M. : Pollio self dig ook nuwe gedigte; maak vir hom 'n bul
vet wat al met sy horing stoot en die sand met sy pote
laat spat.
- D. : Mag hy wat jou lief het, Pollio, bereik waaroor hy bly is
dat jy dit ook bereik het; mag strome heuning vir hom
vloei, en die ruwe braambos geurige kruie dra.
- M. : Laat hy wat nie vir Bavius⁸ haat nie, van jou gedigte 90
hou, Maeuius; en laat hy ook jakkalse⁹ inspan en bok-
ramme melk.

D. : Julle wat blomme en laaggroeiende aarbeie pluk, seuns
– vlug hier weg! – 'n koue slang skuil in die gras.

M. : Oppas, my skape, moenie te ver aanstap nie; dis gevaar-
lik om die oewer te vertrou. Die ram self maak nou nog
sy wol droog.

D. : Tityrus, dryf die weidende bokke van die stroom af
weg! Wanneer die gepaste tyd kom, sal ek hulle almal
persoonlik in die fontein was.

M. : Keer die skape in 'n trop, seuns! As die hitte eers die
melk laat opdroog, soos onlangs, sal ons vergeefs die
spene met ons handpalms druk.

D. : Helaas! Helaas! Hoe maer is my bul daar in die geil
wilde-ertjies! Dieselfde liefde bring ondergang vir die
kudde en hul wagter.

100

M. : Vir hierdie skapies is liefde beslis nie die oorsaak nie;
hulle kleef nouliks nog aan hulle beendere vas. Een of
ander bese oog toor my jong lammers.

D. : Sê my in watter land – en jy sal vir my die groot Apollo
wees – die hemelruim nie meer as drie el breed is nie.

M. : Sê my in watter land groei blomme met konings se name
daarop geskryf – jy alleen kan dan vir Phyllis hou.

P. : Dis nie vir my om so 'n verbete stryd tussen julle te
besleg nie. Jy én hy verdien die jong vers – en enigeen
wat òf die soet van die liefde vrees òf die bitterheid daarvan
ervaar. Maak nou die sluise toe, my seuns; die weilande het
genoeg gedrink.

Ecloga IV: Pollio en die Goue Eeu

Muses van Sicilië,¹ laat ons 'n effens grootser onderwerp besing!
Struikgewas en nederige tamariske behaag nie alle mense nie. As
ons van woude sing, laat die woude dan 'n konsul² waardig
wees.

Die laaste tydvak van Cumae se orakelspreuk³ het nou gekom.
Die magtige kringloop van die eeue kom van nuuts af aan tot
stand. Nou keer ook die Maagd⁴ terug, keer Saturnus se heer-
skappy⁵ terug; nou word 'n nuwe geslag uit die hoë hemel
neergestuurt. O kuise Lucina,⁶ wees u die seun maar net goed-
gesind wanneer hy gebore word, hy onder wie die ystereeu
eers tot 'n einde sal kom en 'n goue geslag dan oor die ganse
aarde sal verrys. U eie Apollo heers nou! En in u konsulskap,
Pollio, ja in u s'n, sal die glans van hierdie eeu 'n aanvang neem,
en sal die magtige maande begin loop. As daar êrens nog spore
van ons verdorwenheid oorbly, sal dit in u bewind uitgewis
word en die aarde van ewigdurende vrees verlos. Daardie kind
sal die lewe van gode deelagtig wees, hy sal die helde te midde
van die gode sien, en self deur hulle gesien word, en hy sal oor
'n wêreld heers wat deur sy vader se deugde tot vrede gebring is.

10

Maar vir jou, kind, sal die aarde onbewerk sy eerste klein
geskenkies uitstrooi : klimop wat hier en daar saam met kat-
tekruie rondkruip, en Indiese waterroos met blye akant gemeng.
Die bokooie sal vanself hul uiers, styf van die melk, huis toe
bring, en die kuddes sal die magtige leeus nie langer vrees nie.

20

Jou wiegie self sal lieflike blomme vir jou strooi. Ook sal die slang vrek, en die bedrieglike gifplant sal vergaan; maar oral sal Assiriese amomum⁷ opskiet.

Maar sodra jy eers van helderoem en die daede van jou vader kan lees, en kan leer wat deug is, sal die vlakke geleidelik geel word van golwende koringare. Die druiwetros sal blosend aan die wilde doringstruik hang, en die forse eike sal druppels heuning sweet. Nogtans sal enkele spore van die ou verdorwenheid heimelik bly voortbestaan om ons te dwing om Thetis⁸ met skepe aan te durf, om stede met mure te omring en ploegvore in die aarde te skeur. Dan sal daar 'n tweede Tiphus⁹ wees, en 'n tweede Argo om die keurbende helde te vervoer. Daar sal ook 'n tweede¹⁰ oorlog wees, en weer eens sal 'n magtige Achilles¹¹ na Troje gestuur word.

30

En later, wanneer die krag van jou jare jou 'n grootman gemaak het, sal selfs ook die handelaar die see verlaat, en die dennehoutskip sal ook nie meer handelsware ruil nie: elke land sal alles produseer. Die grond sal nie meer die harke verduur nie, die wynstok nie die snoeimes nie; ook die stoere ploegman sal nou die jukke van sy bulle afhaal. En wol sal nie meer leer om veelsoortige kleure te vervals nie, maar die ram sal sy vag self op die weiland verkleur, nou in lieflik-blosende purper, en dan in goudgeel saffraan; skarlaken sal sommer vanself die weidende lammers klee.

40

“Spoed voort deur eeue soos die”, het die Skikgodinne, eensgesind met die onwankelbare wil van die Noodlot, aan hul spinspoele gesê.

Aanvaar u hoë amp – die uur sal binnekort aanbreek – o geliefde spuit van die gode, magtige aanwins vir Jupiter! Aanskou hoe die heelal met sy gewelfde massa bewe – die lande, die stroke see en hoë hemel. Aanskou hoe alles juig oor die eeu wat op hande is!

50

O, mag die laaste jare van 'n lang lewe dan op my wag, en besieling wat genoeg sal wees om u daede te besing! Nie Orpheus van Thraasië, en ook nie Linus sal my met hul liedere oortref nie, al help eersgenoemde se moeder, en laasgenoemde se vader hom – Calliope¹² vir Orpheus, en mooi Apollo¹³ vir Linus. Selfs

as Pan met my sou wedywer voor Arkadië as die beoordeelaar, sou selfs Pan voor Arkadië as die beoordelaar toegee dat hy oortref is.

Begin, klein ou seuntjie, om jou moeder met 'n glimlag te herken – tien maande het vir jou moeder lang ongemak gebring. Begin, klein ou seuntjie: hy wat nie sy moeder toegelag het nie, hom ag 'n god nie sy tafel, en 'n godin nie haar bruidsbed waardig nie.

60

Ecloga V: Daphnis

(Menalcas en Mopsus)

Me. : Aangesien ons twee hier saamgekom het, Mopsus, albei van ons be drewe, jy om in slanke riete te blaas en ek om verse voor te dra, waarom gaan sit ons nie hier tussen die olms deurengemeng met haselare nie?

Mo. : Jy is die oudste: dit is gepas dat ek my na jou wense skik, Menalcas, of ons nou die flikkerende skadu's instap terwyl die Westewind hul roer, en of ons liever die grot binnegaan. Kyk hoe het die wildewingerd die grot met yl trosse bestrooi!

Me. : In ons berge ding net Amyntas met jou mee.

Mo. : En wat as hy ook sou strewe om Phoebus in sang te klop?

Me. : Begin jy eerste, Mopsus, as jy iets het oor jou liefdesvuur vir Phyllis, of 'n loflied aan Alcon, of 'n skimpdig teen Codrus. Begin! Tityrus sal die bokkies oppas waar hul wei.

10

Mo. : Nee, ek sal liever hierdie liedjies probeer wat ek onlangs in die groen bas van 'n beuk gekerf, en hul afwisselinge van stem en fluit so met die toonset aangedui het. Dan kan jy maar vir Amyntas aansê om met my mee te ding.

Me. : So ver as wat die buigsame wilg voor die bleekgroen olyf, so ver as wat nederige wildenardus voor beddings persrooi rose swig, so ver, na my mening, swig Amyntas voor jou. Maar sê niks verder nie, my seun: ons het die grot betree.

Mo. : Oor Daphnis, deur 'n wrede dood ontruk, het die nimfe geween — o haselare en strome, julle is getuies vir die nimfe — terwyl sy moeder haar seun se erbarmlike lyk omhels en gode en sterre wreed noem. In daardie dae, Daphnis, het niemand hul dikgevrete beeste na die koel strome gejaag nie; geen viervoetige dier het aan die beek geproe of 'n grasspriet aangeraak nie. Daphnis, die woeste berge en woude vertel dat selfs die leeus van Afrika oor jou dood gekreun het. 20

Daphnis het ook die mensdom geleer om Armeense tiers onder 'n juk in te span; Daphnis het hul geleer om die reidanse van Bacchus uit te voer en soepel latte met sagte blare te omvleg. Soos die wingerdrank 'n versiering vir 'bome is, soos druiwe-trosse vir wingerdranke, soos bulle vir hul kuddes, soos graan vir vrugbare akkers, so is jy die volle sieraad vir jou volk. 30

Nadat die noodlot jou weggeneem het, het selfs Pales¹ en Apollo self ons lande verlaat. In die vore waaraan ons dikwels groot garskorrels toevertrou het, kom nou verderflike drabok en onvrugbare wildehawer op. In plaas van die sagte viooltjie, in plaas van helderkleurige narsing, spuit die distel en die chris-tusdoring met sy skerp stekels uit. Bestrooi die aarde met blare, o herders, oordek die fonteine met koelte — Daphnis beveel dat sulke eerbewyse aan hom betoon word. En rig 'n grafhoop op, en plaas op die grafhoop ook nog hierdie vers: 40

“Ek is Daphnis, beroemd in die woude, beroemd van hier tot aan die sterre; wagter van 'n skone trop, maar self nog skoner as die vee.”

Me. : Jou lied, besielde digter, is vir my soos wat slaap op die gras vir vermooides is, soos om in somerhitte jou dors te les in 'n klaterende stroom van soet water. Nie alleen met jou fluit nie, maar ook met jou sang ewenaar jy jou meester. Gelukkige seun, nou sal jy tweede staan na hom. Maar nogtans sal ek op my beurt, hoe gebrekkig ook al, vir jou hierdie lied van my sing, en jou geliefde Daphnis tot aan die sterre verhef. Vir Daphnis sal ek tot aan die sterre dra: vir my het Daphnis ook bemin. 50

Mo. : Kon enigiets dan vir my waardevoller wees as so 'n geskenk? Nie alleen het die seun self verdien om besing te word nie, maar ook lank gelede al het Stimichon jou liedere teenoor my geprys.

Me. : In stralende skoonheid bewonder Daphnis die vreemde drumpel van Olimpus, en onder sy voete aanskou hy die wolke en sterre. Daarom besiel 'n tintelende blydskap die woude en al die velde; ook vir Pan en die herders en die jeugdige bosnimfe. Die wolf beplan geen hinderlaag vir die kudde, en die nette ook geen valstrik vir die herte nie: die goeie Daphnis hou van rus en vrede. Van vreugde slinger die beboste berge self hul eggo's na die sterre; selfs die rotse, ja selfs die struikgewas weer-galm reeds die lied : " 'n God, 'n god is hy, Menalcas."

60

Ag, wees tog goed en genadig vir u volk! Kyk, hier staan vier altare: twee vir u, siedaar, Daphnis, en twee vir Phoebus. Twee bekere skuimende vars melk en twee kruike ryk olyfolie sal ek elke jaar as offer vir u neersit. En veral wanneer ek die feesmaal vrolik maak met baie wyn, sal ek — as dit koue weer is, voor die vuurherd, en as dit oestyd is, in die skaduwee — wyne van Ariusia,² 'n nuwe nektar, uit my mandjieflesse skink. Damoetas en Aegon van Lyctus³ sal vir my sing, en Alphiseboeus sal die dansende Saters naboots.

70

Hierdie eerbewyse sal daar ewig vir u wees, sowel wanneer ons ons gebruiklike geloftes aan die Nimfe vervul, as wanneer ons ons landerye reinig. Solank die wildevark lief is vir die berg-rûens, en die vis vir waterstrome; solank bye op tiemie wei, en die sonbesie op dou, sal u eer en naam en lofbetuigings steeds voortleef. Soos aan Bacchus en Ceres, so sal die boere elke jaar aan u geloftes maak. Ook u sal hulle aan hul geloftes hou.

80

Mo. : Watter, ja, watter geskenke sal ek jou betaal vir so 'n lied? Want sóveel bekoor die suising van die opstekende Suidewind my nie; nie die strand wat deur golwe gebeuk word, en ook nie strome wat tussen rotsige dale neertuimel nie.

Me. : Ek sal jou eers hierdie brose rietfluit gee. Hý het my "Corydon het van liefde gebrand vir die skone Alexis" geleer, en die einste hy ook "Wie se trop is dit? Dalk Meliboeus s'n?"

Mo. : Maar, Menalcas, neem jy dan my herderstaf wat Antigene nie gekry het nie hoewel hy my dikwels daarom gevra het – en tog was hy destyds werd om deur my bemin te word – 'n mooi staf met sy knoppe ewe ver van mekaar, en met sy brons beslag.

Ecloga VI: Varus

Eers het dit my Thalia¹ behaag om die tyd met verse van Syracuse² te verdryf, en sy was nie skaam om in die bosse te woon nie. Toe ek van konings en oorloë wou sing, het die Cynthiër³ my oor getrek en vermaan: “Tityrus, dit pas ’n herder om vet skape te laat wei en ’n ongekunstelde lied te sing”. En nou – want jy sal meer as genoeg mense hê, Varus, wat begerig is om jou lof te besing en jou grimmige veldslae te beskryf – gaan ek die herderslied op ’n tenger rietfluit beoefen.

Ek sing nie sonder opdrag nie. As iemand egter ook hierdie verse, as iemand hul met liefdevolle oorgawe lees, dan, Varus, sal ons tamariske van jou sing, van jou die ganse woud. En vir Phoebus is geen bladsy aangenamer as dié een wat Varus se naam as opskrif vir homself geskryf het nie.

10

Vooruit dan, dogters van Piëria! Die knape Chromis en Mnasylos het vir Silenus in ’n grot aan die slaap sien lê – sy are, soos altyd, dik geswel van die dag tevore se wyn. Vlak by hom het die blomkranse gelê wat bloot van sy kop afgegly het, en die swaar drinkbeker het aan sy verslete handvat sel gehang. Hulle storm op hom af – want die ou man het hulle albei al dikwels met die vooruitsig van ’n lied gekul – en slaan hom in boei wat van daardie einste blomkranse gemaak is. Aegle voeg haar as hul bondgenoot by en kom die skugter paar te hulp, Aegle, die skoonste van die Nimfe, en terwyl hy reeds oop-oog lê, verf sy sy voorkop en slape met bloedrooi moerbeie.

20

Laggend oor die poets, sê hy: "Waarvoor boei jul my? Maak my los, seuns; dis genoeg dat dit lyk of julle dit kon doen. Luister nou na die liedere wat julle so graag wil hoor; vir julle sal my liedere, maar vir haar hier sal daar 'n ander soort beloning wees." Met dié begin hy uit eie beweging sing.

Toe, voorwaar, kon jy aanskou hoe bosgode en wilde diere op maat dans, toe, hoe stram eike hul toppe wieg. Die rots van Parnassus⁴ verskaf nie soveel genot aan Phoebus nie, en soveel⁵ bewonder Rhodope⁶ en Ismarus⁶ ook nie vir Orpheus nie.

30

Want hy het gesing van hoe die atome van aarde, lug en see, en ook dié van vloeibare vuur deur die ontsaglike leë ruimte bymekaargebring is; hoe alles uit hierdie oerelemente, alles, ja selfs die sagte bol van die aarde tot 'n eenheid saamgegroeï het; hoe die aardbol sy bodem toe begin hard maak, vir Nereus in die oseaan begin opsluit, en geleidelik die vorms van dinge begin aanneem het; en nou, hoe die aarde verstom staan dat die nutgeskape son begin skyn, en dat daar reënbuie val uit die wolke wat hoër weggedring is, terwyl die woude vir die eerste keer begin opskiet en diere hier en daar tussen onbekende berge rond dwaal.

40

Vervolgens sing hy van die klippe wat Pyrrha gegooï het, van Saturnus se heerskappy, van die voëls van die Kaukasus en Prometheus se diefstal. Hierby voeg hy, by welke fontein die seelui na die agtergelate Hylas geroep het sodat die hele strand "Hylas! Hylas!" weergalm het.

Hy troos ook vir Pasiphaë – gelukkig sy, as daar net nooit beeste bestaan het nie – oor haar liefde vir die sneeuwit bul. Ag, arme meisie, watter waansin het jou beetgepak? Proetus se dogters het die velde met hul nagemaakte koeigebulk vervul, maar nogtans het nie een van hulle na so 'n skandelige byslaap met beeste gestreef nie, hoewel hulle elkeen die ploeg vir hul nek gevrees, en dikwels op hul gladde voorkop na die horings gesoek het.

50

Ag, arme meisie, jy dwaal nou in die berge rond: hy, met sy sneeuwit flank op sagte hiasinte gestut, herkou liggroen gras onder 'n donker steeneik, of hy jaag een of ander koei in 'n

groot kudde. “Sluit, nimfe, nimfe van Dicte, sluit nou die weiplekke in die woude, ingeval die spore van my swerwende bul toevallig iewers voor my oë verskyn; miskien lei ’n klompie koeie hom na ons stalle in Gortinia terwyl hy òf deur die groen gras verlei word, òf ’n kudde najaag”.⁷

60

Toe sing hy van die meisie wat bewonderend gestaar het na die appels van die Hesperides; dan hul hy weer Phaëthon se susters in mos van bitterbas en rig hulle uit die grond as slanke else op. Daarna sing hy van hoe een van die susters vir Gallus waar hy langs die strome van Permessus rondswerf, na die berge van Aonië gelei, en hoe die hele koor van Phoebus ter ere van die held opgestaan het; hoe Linus, die herder met die goddelike lied, sy hare versier met blomme en bitter seldery, vir Gallus gesê het: “Hierdie rietfluit gee die Muses jou – kyk!, neem dit – die een wat hulle tevore aan die grysaard⁸ van Ascra geskenk het, en waarmee hy, wanneer hy speel, gewoonlik die stram esse van die berge af laat neerdaal het. Hiermee moet die oorsprong van Gryneum se woud deur jou besing word, sodat daar geen heilige bos sal wees waaroor Apollo trotser kan voel nie.”

70

Waarom sal ek meld dat hy ook van Scylla, die dogter van Nisus, gesing het, sy aan wie die verhaal kleef dat sy, haar blanke lendene met blaffende monsters omgord, die skepe van Dulichium geteister het, en, ag!, die angsbevange matrose in ’n diep draaikolk deur haar seehonde laat verskeur het? Of hoe hy vertel het van Tereus se gedaanteverwisseling, en welke feesmaal en watter geskenke Philomela vir hom voorberei het; met watter vaart sy na die wildernis gevlug, en met welke vlerke die ongelukkige eers oor haar eie huis rondgefladder het?

Al die liedere wat die Eurotas, toe Phoebus daar geoefen het, verruk gehoor en sy lourië aangesê het om uit die hoof te leer, sing Silenus – die dawerende dale weerkaats hul na die sterre toe – totdat die Aandster beveel het om die skape kraal toe te dryf en hulle te tel, en oor ’n teësinne hemel voortgeskry het.

Ecloga VII: Meliboeus

(Meliboeus, Corydon en Thyrsis)

M. : Toevallig het Daphnis onder 'n ruisende steeneik gesit, en Corydon en Thyrsis het hul kuddes bymekaargejaag – Thyrsis sy skape, en Corydon sy bokke met hul uiers styf-geswel van melk. Hulle albei was Arkadiërs en albei in die fleur van hul lewe, sowel mekaar se gelykes in sang as gereed met 'n antwoord. Terwyl ek my tere mirtebome teen die koue beskut, het juis die bokram, my trop se groot meneer, hierheen weg-gedwaal, en daar kry ek vir Daphnis in die oog. Toe hy my op sy beurt gewaar, sê hy : “Gou, Meliboeus, kom hier; jou ram en bakkies is veilig, en as jy 'n rukkies kan talm, kom rus dan uit in die skaduwee. Jou bulle sal vanself oor die weiveld hierheen kom om te suip; hier omsoom die Mincius sy groen oewer met malse riet, en uit die heilige eik soem daar swerms bye.” 10

Wat kon ek doen? Ek het nie 'n Alcippe of 'n Phyllis gehad om by die huis die gespeende lammers af te hok nie, en die wed-stryd, Corydon teen Thyrsis, was hoogs belangrik. Ewenwel, ek het my dringende sake agtergestel by hulle spel . In verse om die beurt, het die twee dus begin meeding; die Muses wou mos beurtsang onthou.¹ Corydon het eers hierdie verse voorgedra, en Thyrsis op sý beurt daardies. 20

C. : Nimfe van Libethra,² my geliefdes, skenk my òf 'n lied soos aan my vriend Codrus – hy maak gedigte wat die naaste aan die verse van Phoebus kom – òf as ons nie almal daartoe in staat is nie, sal my helderklinkende fluit hier aan die heilige den bly hang.

T. : Herders van Arkadië, tooi jul ontluikende digter met klimop sodat Codrus se ingewande van afguns kan bars; of, as hy my meer prys as wat aanneemlik is, omkrans dan my voorhoof met duiwelsklou³ om te voorkom dat sy bouse tong jul toekomstige digtersanger skaad.

C. : Aan u, godin van Delos,⁴ wy klein Micon hierdie kop van 'n ruie wildevark en die getakte horings van 'n lewenskrachtige hert. As dit vir u 'n gepaste offer is, sal u lewensgroot uit gladde marmer staan, met purper jagterstewels hoog om u kuite gebind. 30

T. : Dit is genoeg, Priapus, dat u jaarliks 'n kommetjie melk en hierdie offerkoeke verwag: u is die bewaker van 'n skraal tuintjie. Voorlopig het ek u van marmer gemaak, maar as die lammers my kudde aangevul het, wees u dan van goud!

C. : Galatea, dogter van Nereus, nog soeter vir my as Hyblatiemie en blanker as swane en mooier as bleke klimop, kom na my sodra die bulle dikgevrete na hul stalle terugkeer, as daar nog 'n bietjie liefde vir jou Corydon in jou hart is. 40

T. : Nee, laat ek liever vir jou bitterder as kruie van Sardinië, ruwer as muisdoring en waardeloser as uitgespoelde seegras voorkom, as hierdie dag nie reeds vir my langer as 'n hele jaar is nie.⁵ Loop huis toe, my dikgevrete bulletjies, as julle nog enige skaamte het, loop!

C. : O, mosbegroeide fonteine en gras sagter as die slaap, en jy, groen aarbeiboom wat julle met sy yl skadu bedek, weer tog die middelsomerhitte van my kudde af. Nou nader die skroeiende somer, nou swel die botsels aan die soepel wingerd-rank.

T. : Hier is 'n haard en harsige dennehout, hier is altyd 'n baie groot vuur, en deurposte swart van onophoudelike roet. Hier steur ons ons aan die koue van die Noordewinde soveel as wat die wolf hom aan die getal skape, of soveel as wat siedende strome hulle aan hul oewers steur. 50

C. : Hier staan jenerwstruïke en ruie kastaiïngbome; oral onder die bome lê hul eie besondere vrugte gestrooi; nou glimlag alles, maar as die skone Alexis hierdie berge verlaat, sou jy selfs die riviere droog sien staan.

T. : Die veld verdroog; die gras ly dors en gaan dood van die dorheid van die lug; Bacchus het die heuwels wingerdskadu misgun: maar by die aankoms van my Phyllis sal die hele woud weer groen word, en Jupiter sal oorfloediglik neerdaal in 'n reënbus wat geluk en vrugbaarheid bring.

60

C. : Vir Hercules is die populier die dierbaarste boom, die wynstok vir Bacchus, vir skone Venus die mirt, en sy eie lourier vir Phoebus. Maar Phyllis hou van haselare, en solank Phyllis daarvan hou, sal nóg die mirt, nóg Phoebus se lourier die haselare oortref.

T. : In die woude is die es die mooiste boom, die tuinden in tuine, die populier langs waterstrome, die bergden op die hoë berge: maar as jy my meer dikwels besoek, skone Lycidas, sal die es in die woude en die tuinden in die tuine die knie voor jou skoonheid buig.

M. : Dié liedere onthou ek nog, en dat Thyrsis, reeds geklop, vergeefs gestry het. Van daardie dag af is dit Corydon, Corydon vir my.

70

Ecloga VIII: Pharmaceutria

(Damon en Alphesiboeus)

Van die herders Damon en Alphesiboeus se Muse – gedurende hulle wedstryd het die jong vers hulle bewonder en skoon van die gras vergeet, het die rooikatte verstom gestaan oor hul lied, het die strome hul loop verander en tot rus gekom – van Damon en Alphiseboeus se Muse sal ek sing.

Of jy¹ reeds by die rotse van die magtige Timavus verbyvaar, en of jy langs die kus van Illiriese see seil, ag, sal daardie dag ooit aanbreek wanneer dit my veroorloof sal wees om jou daade te besing? Ag, sal die dag aanbreek dat ek veroorloof mag wees om jou verse, die enigste wat die gelyke is van Sophokles se tragedies, oor die hele wêreld heen te verbrei? By jou begin my lied, tot jou eer sal dit eindig. Aanvaar die verse wat op jou bevel begin is, en laat hierdie klimopkransie toe om tussen die oorwinnaarslourier om jou slape in te kruip.

10

Nog skaars het die koue skadu van die nag uit die hemel gewyk, die tyd wanneer die dou op die jong gras op sy lekkerste is vir die kudde, of Damon leun teen 'n gladde olyfboom en begin soos volg:

“Verrys, o Mōrester, seil voor en bring die weldadige daglig aan terwyl ek, bedrieg deur die onwaardige liefde van Nysa, my verloofde, kla, en sterwend in my laaste uur nogtans die gode aanroep, hoewel ek geen baat daarby gevind het dat hulle getuies was nie.

20

Hef aan met my, my fluit, 'n lied van Maenalus!

Maenalus het altyd 'n ruisende woud en fluisterende denne-bome: altyd luister hy na die herders se liefdes en na Pan, die eerste wese wat dit nie geduld het dat die riethalm ledig bly nie.

Hef aan met my, my fluit, 'n lied van Maenalus!

Nysa word aan Mopsus gegee : wat sou ons verliefdes nie kon verwag nie? Griffone sal nou met perde gepaar word, en in die eeu wat kom sal skugter reebokke saam met honde water toe kom.

Hef aan met my, my fluit, 'n lied van Maenalus!

Mopsus, sny nuwe fakkels af²!; vir jou word 'n bruid gebring. Strooi jou neut³, bruidegom!; vir jou verlaat die Aandster Oetaberg.

30

Hef aan met my, my fluit, 'n lied van Maenalus!

O, jy wat met 'n waardige man gegroud is, terwyl jy op almal neersien, terwyl my rietfluit, terwyl my bokooie en ruie wenkbrou en onversorgde baard haatlik is vir jou, glo jy ook dat geen god hom sorg maak oor menslike sake nie.

Hef aan met my, my fluit, 'n lied van Maenalus!

In ons omheinde boord het ek jou as klein dogtertjie dounat appels sien pluk saam met jou ma – ek was julle gids. Destyds het die jaar wat na die elfde volg my reeds in ontvangs geneem; ek kon alreeds die brose takke van die grond af raak. En toe ek jou sien, hoe gans verlore was ek nie! Hoe het 'n bese waansin my tog meegesleur!

40

Hef aan met my, my fluit, 'n lied van Maenalus!

Nou weet ek wat Liefde is. Op harde rotspunte het die Tmarosberg, of Rhodope, of die Garamantes aan die einde van die wêreld dié kind, nie van ons eie ras of bloed nie, gebaar.

Hef aan met my, my fluit, 'n lied van Maenalus!

Die wrede Liefde het 'n moeder⁴ geleer om haar hande met haar kinders se bloed te bevlek. Harteloos was ook jy, o moeder! Was dit eerder die moeder wat harteloos, of eerder daardie seun⁵ wat boos was? Boos was daardie seun; harteloos ook jy, o moeder! 50

Hef aan met my, my fluit, 'n lied van Maenalus!

Laat die wolf nou selfs voor skape vlug, en stoere eike goue appels dra; laat die elsboom met narsingblomme bloei, en tamariske ryk amber uit hul basse sweet; laat uile ook met swane meeding, en laat Tityrus 'n Orpheus wees – 'n Orpheus in die woude, 'n Arion tussen die dolfyne.

Hef aan met my, my fluit, 'n lied van Maenalus!

Laat alles see word, ja, selfs middesee! Vaarwel, o woude! Van die top van 'n hemelhoë berg af sal ek my blindelings in die golwe afstort; neem dit as die laaste geskenk van 'n sterwende. 60

Beëindig my fluit, beëindig nou die lied van Maenalus!"

So het Damon gesing. Sê julle nou, dogters van Piëria, wat Alphisboeus geantwoord het; ons almal kan nie alles doen nie.

"Dra water uit en omkrans hierdie altaar met 'n sagte wolband; brand sappige offerkruid en manlike wierookkorrels, dat ek my geliefde se gesonde gees met towerrites kan probeer verdryf. Niks ontbreek hier nie, behalwe die towerspreuke.

Bring Daphnis huis toe uit die stad, my towerspreuke, ja, bring hom!

Towerspreuke kan selfs die Maan uit die hemel neerhaal; met towerspreuke het Circe Ulysses se makkers van gedaante laat verander, en deur 'n towerspreuk te uiter, bars 'n kille slang in die weivelde uitmekaar. 70

Bring Daphnis huis toe uit die stad, my towerspreuke, ja, bring hom!

Eers bind ek hierdie drie drade met van drie verskillende kleure om jou, en drie maal bring ek jou beeld om hierdie altaar; die god verheug hom in 'n onewe getal.

Bring Daphnis huis toe uit die stad, my towerspreuke, ja, bring hom!

Knoop die drie kleure in drie knope saam, Amaryllis; knoop hulle tog net Amaryllis, en sê: 'Ek knoop die bande van liefde vas.'

Bring Daphnis huis toe uit die stad, my towerspreuke, ja, bring hom!

Soos hierdie klei hard word, en soos hierdie was smelt in een en dieselfde vuur – mag Daphnis só word van liefde vir my. Strooi die offermeel en steek die knetterende louriertakke met pik aan die brand. Die wrede Daphnis brand my, en ek brand hierdie lourier op Daphnis.⁶

80

Bring Daphnis huis toe uit die stad, my towerspreuke, ja, bring hom!

Mag so 'n liefde vir Daphnis beetpak, soos wanneer 'n vers, uitgeput van die soektog na haar jong bul deur bosse en hoë woude heen, wanhopig in die groen vleiriet langs 'n waterstroom gaan lê, en nie voor laatnag onthou om daar weg te gaan nie – mag so 'n liefde hom beetpak, en mag ek nie die drang hê om hom te genes nie.

Bring Daphnis huis toe uit die stad, my towerspreuke, ja, bring hom.

90

Hierdie klere het daardie ontroue man eens vir my agtergelaat – geliefde pande van homself – en dit, o Aarde, vertrou ek nou hier reg op my drumpel aan u toe; hierdie pande skuld vir Daphnis aan my.

Bring Daphnis huis toe uit die stad, my towerspreuke, ja, bring hom!

Hierdie kruie en hierdie gifplante wat in Pontus gepluk is, het Moeris self vir my gegee – in Pontus groei hulle in oorvloed. Ek het al dikwels gesien dat Moeris met behulp van hierdie goed 'n wolf word en hom in die bosse verskuil, dikwels dat hy geeste uit die diepte van hul grafte oproep, en gesaaide oeste na 'n ander plek toe oorbring.

Bring Daphnis huis toe uit die stad, my towerspreuke, ja, bring hom!

100

Neem die as buitentoe, Amaryllis; gooi dit in 'n lopende waterstroom, oor jou kop, en moenie omkyk nie! Met hierdie goed gaan ek vir Daphnis te lyf gaan; niks gee hy om vir gode, niks vir towerspreuke nie.

Bring Daphnis huis toe uit die stad, my towerspreuke, ja, bring hom!

Kyk! terwyl ek gedraal het om dit te bring, het die as die altaar sommer vanself met flikkerende vlamme aangegryp. Mag dit 'n goeie teken wees⁷! Daar is ongetwyfeld iets, en Hylax blaf by die voordeur. Kan ek dit glo? Of versin verliefdes dalk self droombeelde vir hulself?

Hou op, my towerspreuke, hou nou op, daar kom Daphnis uit die stad!

Ecloga IX: Moeris

(Lycidas en Moeris)

L. : Waarheen slaan jy voet, Moeris? Dalk stad toe, waar hierdie pad heen loop?

M. : Ai, Lycidas, in ons leeftyd het ons die stadium bereik – iets wat ons nooit gevrees het nie – dat 'n vreemdeling as eienaar van ons akkertjie kan sê: 'Dis myne die, julle ou boere moet trek!' En nou, verslae en bedroef, want die noodlot keer alles onderstebo, stuur ek hom hierdie boklammers – mag dit hom suur bekom!

L. : Ek het tog beslis gehoor dat jul Menalcas¹ die hele land met sy poësie gered het, van waar die heuwels begin wyk en hul rug in sagte glooiing laat daal tot onder by die water en ou beukebome met hul reeds verwaaide kruine.

10

M. : Dit het jy gehoor, en so was die gerug. Maar, Lycidas, te midde van oorlogswapens is ons poësie soveel werd as wat hulle beweer die duiwe² van Chaonië werd is wanneer die arend opdaag. En as 'n kraai aan my linkerkant my nie vooraf van 'n uitgeholde eik af gewaarsku het om die nuwe dispuut op die een of ander wyse te beëindig nie, sou jou vriend Moeris hier, en ook Menalcas self nie meer geleef het nie.

L. : Helaas! kan sulke ontsaglike boosheid iemand oorval? Helaas! jou troosliedere, Menalcas, is so amper saam met jou van ons af weggeskeur! Wie sou dan van die Nimfe gesing

het? Wie sou die grond met blomryke kruie bestrooi, of die fonteine met groen skadu oordek het? Of daardie liedjies wat ek heimelik by jou afgeluister het nou die dag toe jy op pad was na ons liefling, Amaryllis, toe?: 'Tityrus, laat my bokke wei tot ek terugkom – die pad is kort – en as hulle dikgevreet is moet jy hulle water toe jaag, Tityrus, en pas tog op om nie die ram so tussen die aanjaag deur raak te loop nie – hy stamp jou met sy horing!' 20

M. : Nee! liever hierdie een wat hy, hoewel nog onvoltooi, vir Varus³ gesing het: 'Varus, die swane sal jou naam besing en na die sterre dra, as Mantua maar net vir ons behoue bly – Mantua, helaas!, te na aan arme Cremona!'

L. : Hef aan, as jy iets het om te sing, en mag jou byeswerms dan die taksisbome van Korsika⁴ vermy, en jou koeie, dikgevreet aan lusern, hulle uiers styf laat swel. Ook vir my het die dogters van Piëria 'n digter gemaak, ook ek het my gedigte, en ook vir my noem die herders 'n digtersanger; maar ek glo hulle nie. Want tot sover lyk dit nie of ek verse van die gehalte van Varius⁵ of Cinna⁵ s'n sing nie, maar asof ek soos 'n gans tussen melodieuze swane gaggel. 30

M. : Dis inderdaad waarmee ek besig⁶ is, Lycidas, en in stilte dink ek by myself na of ek dit kan onthou; dit is ook nie sommer 'n ordinêre lied nie: 'Kom hier na my toe, Galatea! Wat se pret is daar tog in die golwe? Hier is dit stralende lente; hier by die strome strooi die aarde sy veelkleurige blomme; hier leun die silwerpopulier oor die grot, en die buigsame wingerd-ranke vleg 'n skaduryke lushof. Kom hier na my toe, en laat die rasende golwe die kuslyn beuk.' 40

L. : Wat van daardie verse wat ek jou eensaam in die helder nag hoor sing het? Ek onthou die melodie – as ek my net die woorde kon herinner:

'Daphnis, waarom kyk jy op na die opgang van die ou sterre-beelde? Kyk! die ster van Caesar⁷, spruit van Dione, het opgekom, 'n ster waardeur die oeslande hulle in hul graan verbly en die druif teen sonbestraalde heuwels sy kleur verkry. Ent jou peerbome, Daphnis; jou kleinkinders sal jou vrugte pluk.' 50

M. : Die tyd beroof ons van alles, ook van ons geheue. Ek onthou dat ek dikwels as seun lang somerdae met gesang ter ruste gelê het. Maar nou het so baie liedjies my ontgaan; ook sy stem self het vir Moeris nou in die steek gelaat; die wolwe het vir Moeris eerste raakgesien.⁸ Ewenwel, hy sal weer vir jou daardie verse wat jy wil hoor vaardig genoeg voordra ja, dikwels hy wat Menalcas is.

L. : Met jou verskonings skuif jy my verlange⁹ op die lange baan. Haai, en nou lê die hele see glad en stil en, kyk net, elke vlagie van die ruisende wind het gaan lê. Presies van hier af is dit nog halfpad vir ons, want Bianor se graf begin binne sig te kom. Hier waar die boere die digte blare afstroop, Moeris, laat ons hier sing. Sit jou boklammers hier neer, ons sal die stad wel haal. Of as ons bang is dat die nag reën mag bring voor ons daar is, kan ons onafgebroke sing-sing aanstap – so sal die pad minder swaar wees. Ek sal jou van hierdie las verlig sodat ons sing-sing kan aanstap.

60

M. : Sê niks verder nie, ou seun, en laat ons die taak onderneem wat nou dringend is. Ons sal ons liedere beter sing wanneer Menalcas self gekom het.

Ecloga X: Gallus

Arethusa¹, vergun my hierdie laaste taak: ek moet nog 'n klompie verse vir my Gallus² sing, maar verse wat Lycoris³ self sou lees. Wie sou vir Gallus verse weier? As die soute Doris⁴ nie haar water met jou sal vermeng terwyl jy onder die Siciliaanse golwe verbygly nie, begin dan! Laat ons van Gallus se kommervolle liefde sing, terwyl my stompneus bokke aan sagte struike wei. Ons sing nie vir dowe ore nie; die bosse weergalm elke noot.

Watter woude of watter dale het julle gehuisves, maagdelike Najades, toe Gallus weggekwyn het van 'n onwaardige liefde? Want nòg die rùens van Parnassus, nòg dié van die Pindus, nòg die Aganippebron in Aonië het julle laat vertoef. Selfs die lourierbome het hom beween, ja, selfs die tamariske; selfs denbegroeide Maenalus en die kranse van koue Lycaeus het hom beween waar hy eensaam aan die voet van 'n rots gelê het.

10

Ook die skape staan om hom. Hulle neem geen aanstoot aan ons nie, en jy, besielde digter, moet ook nie aan hulle aanstoot neem nie: die skone Adonis het ook sy skape langs die strome laat wei.

Ook die skaapherder het gekom, die varkwagters het lui-lui opgedaag, en druipnat van winter-eikelvoer⁵, het Menalcas daar gekom.

20

Almal vra: “Waar kom hierdie liefde van jou vandaan?” Apollo het gekom, en gesê: “Gallus, waarom is jy so dwaas? Lycoris, jou geliefde, het deur sneeu en ruwe leërkamp agter ’n ander man aangeloop.” En Silvanus het gekom met die landelike versiering van sy hoof, terwyl hy bloeiende vinkel en groot lelies rondswaai. Pan, die god van Arkadië het gekom en ons het hom self gesien, blosend van bloedrooi vlierbessies en vermiljoen. “Sal daar geen einde wees nie?” het hy gesê. “Die Liefde steur hom nie aan sulke dinge nie! Die wrede Liefde het nooit genoeg aan trane nie, die gras nooit aan stroompies, bye nooit aan lusern, en bokke ook nooit aan blare nie.”

30

Maar hy⁶ antwoord droewig: “Maar tog, Arkadiërs, sal julle hierdie verhaal vir julle berge sing – slegs Arkadiërs is bedrewe om te sing. O hoe sag sou my beendere dan rus, as julle herdersfluit eendag van my liefde sou sing! En was ek maar een van julle, òf die wagter van jul trop, òf ’n plukker van jul ryp druiwe! Dan sou my hartstog, of dit nou Phyllis of Amyntas was, of watter een òk al – wat dan as Amyntas soel van vel is?; viooltjies is ook donker, en donker is hiasinte – sekerlik by my kom lê het tussen die wilgers onder die buigsame wingerdloot. Phyllis sou vir my blomkrans gepluk, en Amyntas sou vir my gesing het.

40

Hier is koel fonteine, hier grasryke weivelde, Lycoris, hier die woud. Hier sou ek bloot deur die verloop van tyd saam met jou weggeslyt word. Maar nou hou ’n waansinnige drang na wrede oorlog my onder wapen, te midde van werpspieë en opponerende vyande. Jy, ver van jou vaderland – laat my tog nie so ’n verskriklike ding glo nie – aanskou, ag! hartelose, alleen en sonder my, die sneeu van die Alpe en die koue weer van die Ryn. Ag, mag die koue weer jou nie kwaad doen nie! Ag, mag die skerpgepunte ys nie jou sagte voetjies seermaak nie!

Ek sal gaan, en die liedjies wat ek in Chalcidiese⁷ versmaat gekomponeer het, sal ek op die hawerfluit van ’n Siciliese herder toonset. Ek is vasbeslote om verkieslik in die bosse tussen die hole van wilde diere te ly, en om my liefde op jong bome uit te kerf. Hulle sal groei, en jy, my liefde, sal groei. Intussen sal ek saam met die Nimfe oor die Maenalusberg rondswerf, of kwaai wildevarke jag. Geen koue weer sal my verhinder om die bergweidings op Parthenius met my honde te omsingel nie. Dit voel

50

vir my of ek reeds oor rotse en deur ruisende bosse stap, en dis vir my 'n vreugde om Cydoniese⁸ pyle met my Parthiese boog af te skiet — asof dit 'n geneesmiddel vir my waansin kon wees, of dat daardie god⁹ sou leer om deernis te voel vir die smarte van mense!

60

Nou skep ek weer eens geen behae in bosnimfe, en ook nie in my liedere nie; weer eens, bosse, moet selfs julle wyk! Ons swaarkry kan hóm¹⁰ nie verander nie, nie as ons in die hartjie van die winter uit die Hebrus sou drink en die sneeu van Thracië en sy winterreëns trotseer nie; ook nie as ons die Ethiopiërs se skape onder die Kreefgesternte heen en weer sou jaag wanneer die kwynende bas aan die rysige olm uitdroog nie. Die Liefde oorwin alles; laat ook ons voor die Liefde swig”.

Dit sal genoeg wees, goddelike Muses, dat u digter hierdie liedere gesing het terwyl hy van slanke hibiskus 'n mandjie sit en vleg het. Hierdie verse sal u van die allerhoogste waarde in Gallus se oë maak, in die oë van Gallus, vir wie my liefde uur na uur soveel aangroei as wat 'n groen elsboom in die vroeë lente opskiet.

70

Kom ons staan op: skaduwee is gewoonlik skadelik vir sangers, ja, skadelik die skaduwee van die jenerwerstruik; skaduwee beskadig ook die graan.

Aanstap huis toe, my dikgevrete bokooitjies; die Aandster kom op; aanstap!

Georgica

Georgicon I: Akkerbou

Wat oeslande welig maak, onder welke ster, Maecenas, dit paslik is om die grond om te ploeg en wynstokke teen olms op te lei; wat aandag aan beeste, en wat die sorg vir die behoud van 'n kudde behels; hoe groot die kundigheid van die spaarsame bye is – van hierdie dinge sal ek begin sing.¹

U, o skitterende ligte van die heelal, u wat die jaar voortlei terwyl dit deur die hemel gly; u, Liber, en milddadige Ceres, as die aarde deur u gawe die eikels van Chaonië vir vet koringare verruil en rivierwater met die pas ontdekte druiwe gemeng het; en u, Faune, kragtig helpende gode van die boerevolk – dans saam, Faune en Dryadedogters: ek sing van u geskenke; ook u, Neptunus, vir wie die aarde, getref deur u magtige drietand, heel eerste die runnikende perd voortbring het; en u, bewoner² van die woude, vir wie driemaal honderd sneeuwit bulle die geil struikgewas van Cea afwei; en Pan, bewaker van die skape, verlaat u self die woud van u vadere en die bergweides van Lycaeus, as u lief is vir u eie Maenala, en wees genadig hier aanwesig, o heer van Tegea; ook u, Minerva, skepper van die olyf, en u, seun,³ onthuller van die gekromde ploeg, en u, Silvanus, met 'n jong sipres, wortel en al uitgetrek, in u hand: wees u teenwoordig, alle gode en godinne wat u beywer vir die beskerming van die velde, sowel u wat jong graan voed wat sonder enige saad opgekom het, as u wat milde reëns uit die hemel neerstuur vir die gesaaides.

En u veral, o Caesar, van wie dit onseker is welke raad van gode u eerlank in hul midde sal hê, of u nou oor stede en die versorging van ons land sou wou toesig hou, en die magtige aardbol u slape met u moeder se mirt omwind en u as gewer van aanwas en heerser oor die weer aanvaar; en of u as god van die onmeetlike see kom en die seelui u godheid alleen vereer, terwyl ver-verre Thule u dien en Tethys u met al haar golwe as skoonseun koop; en of u uself as nuwe ster by die trae maande voeg waar daar 'n plek oop is tussen die Maagd en die grypende Kloue⁴ – vir u trek die gloeiende Skerpioen vanself reeds sy knipers terug, en het meer as 'n billike deel van die hemel oopgelaat; wat u ook al sal wees – want Tartarus hoop nie op u as hul koning nie, en mag so 'n afgryslieke heerssug nie by u opkom nie, hoewel Griekeland die velde van Elysium bewonder en Proserpina geen moeite doen om haar moeder te volg nadat sy teruggevra is nie – skenk my 'n voorspoedige tog en sien my stoutmoedige onderneming goedgunstig aan; toon saam met my medelye met die boerevolk wat die pad nie ken nie, aanvaar u roeping en maak u nou al reeds daaraan gewoond om in gebede aangeroept te word.

In die vroeë lente, wanneer ysige water uit die witgesneeude berge sytel en die verkrummelde kluit in die Westewind verstuif, dan moet my bul reeds begin steun vanweë die diep ingedrukte ploeg, en moet my ploegskaar, geskuur deur die voor, begin blink. Slegs dié land wat tweemaal son en tweemaal koue gevoel het, antwoord die gebede van die gierige boer; dáárdie land se oneindig groot oeste vul die skure barstensvol.

Maar voordat ons 'n onbekende vlak met die yster oopkloof, moet ons sorg om ons vooraf op hoogte te stel van die winde en die wisselende luime van die weer, van die tradisionele bewerking en geaardheid van die grond, en van wat elke streek oplewer en wat elkeen weier om te dra. Hier groei koring weliger, daar druiwe, en op 'n ander plek skiet jong boompies op en word die gras somer vanself groen. Sien jy dan nie hoe Tmolusberg sy geurige saffraan, hoe Indië ivoor, en die verwyfde Sabaeërs hulle eie wierook vir ons stuur nie? Nie hoe die kaal Chalybiërs daarenteen yster lewer, Pontus stink beweroelie, en Epirus die Olimpiese oorwinnings van haar merries nie? Heel van die begin af het die natuur hierdie wette en ewige verbonde aan bepaalde streke opgelê, ja, van dié tyd af toe Deucalion die eerste keer klippe die leë wêreld in gegooi het, waaruit mense, 'n harde ras, gebore is.

Kom dan, laat jou sterk bulle die ryk bodem van die aarde onmiddellik van die eerste maande van die jaar af omploeg, en laat die stowwerige somer die kluite waar hulle daar lê, met sy volle sonnegloed bak. Maar as die grond nie vrugbaar is nie, sal dit voldoende wees om dit net voor die verskyning van die Groot Beer lossies met 'n vlak voor om te ploeg, sodat, ener- syds, onkruid nie die welige graan hinder, en andersyds, die ou bietjie vogtigheid nie die onvrugbare sandgrond verlaat nie.

70

Insgelyks sal jy jou afgeoeste lande om die beurt toelaat om braak te lê, en die uitgeputte vlakke om hard te word van die lang lê. Of anders sal jy onder 'n ander ster geel koring saai op die plek waaruit jy tevore 'n welige boontjie-oes met ritselende peule, of die saad van die klein wieke en die brose halms en ruisende ruigte van die bitter wolfsboon gehaal het. Want 'n vlasoes dor die bodem uit; hawer dor dit uit, en ook papawers, deurdrenk met die slaap wat vergetelheid bring. Maar tog is die werk ten gevolge van wisselbou ligter: jy moet net nie skaam wees om die uitgedorde grond met ryk mis te versadig, of om vuil as oor die uitgeputte akkers te strooi nie. So rus jou lande ook deur die wisseling van opbrengste, en intussen is die ongeploegde aarde nie ondankbaar nie.

80

Dikwels was dit ook al voordelig om onvrugbare lande aan die brand te steek en die ligte stoppels in knetterende vlamme af te brand; sy dit dat die grond daardeur verborge krag en ryk voedingstowwe ontvang, of dat alle gebreke daaruit gebak word deur die vuur, en nuttelose vog daaruit sweet; sy dit dat daardie hitte meer paaie en onsigbare lugkanale oopmaak waarlangs sap na die jong gewasse kan vloei, of dat dit die aarde eerder hard maak en die gapende are vernou, om te voorkom dat geringe reëns of die alte felle krag van die versengende son of die deurdringende koue van die Noordewind dit verskroei.

90

Hy wat die lewelose kluite met sy bylpik breek en 'n eg van takke daaroor sleep, help sy grond gewis baie, en blonde Ceres hou hom nie sonder rede uit die hoë hemel dop nie; ook hy wat sy ploeg omdraai en die rûens wat hy met die oopklief van die bodem laat verrys, weer 'n keer in die dwarste breek, sy grond herhaaldelik bewerk en sy bevele aan sy akkers gee.

Bid, boere, om vogtige somers en sonnige winters! Van winterstof staan koring op sy geilste, en geil lê jou land. Van geen ander bebouing⁵ pronk Mysia soveel, en staan Gargara self verbaas oor sy eie oeste nie. 100

Wat moet ek sê van hom wat die saad strooi, met skoffel in die hand die akkers dadelik pak en die onvrugbare hope sand platloop? En daarna rivierwater en stroompies wat hom volg vir sy gesaaides lei, en wanneer die verskroeiende land bak terwyl die plantjies kwyn, siedaar, die water oor die wal van die leivoor teen die skuinste lok? Terwyl dit val, laat dit 'n dowwe gekabbel tussen die gladde klippe hoor en laaf die uitgedorde akkers met sy geborrel. En wat moet ek sê van hom wat sy geil graan in die tenger blaar laat afwei sodra die gesaaides net so hoog soos die ploegvoorrûens staan, om te voorkom dat die halm vooroorval van die swaar are? En van hom wat die versamelde water van 'n moeras met dorstige sand dreineer? Veral as die oorvol rivier in wispelturige maande sy walle oorstroom en alles oor 'n wye gebied met slyk bedek en in sy mag hou, ten gevolge waarvan die hol poele van louwarm dampe stoom. 110

Maar tog, hoewel die arbeid van mense en osse hierdie dinge met die omploeg van die grond probeer uitrig het, doen die gulsige gans en die kraanvoëls van Strymon en sigorei met sy bitter vesels heelwat kwaad; of skaduwee is ook skadelik. Die Vader self wou hê dat boerdery se pad nie maklik sou wees nie, en eers het hy die landerye met oorleg laat bewerk, ons sterweling se verstand deur sorg verskerp en nie toegelaat dat sy koninkryk verlam sou wees van 'n ernstige slapte nie. Voor Jupiter se tyd het geen boere die akkers onderwerp nie: dit was selfs onwettig om die vlakke af te merk of met 'n grenslyn te verdeel. Die mense het alles vir gemeenskaplike gebruik versamel, en die aarde het vanself alles kwistiger voortgebring sonder dat iemand daarom gevra het. Dis hý wat dodelike gif in die swart slange geplaas het, die wolwe gebied het om strooptogte te maak, en die oseaan om in beroering te kom. Dis hý wat heuning van die blare afgeskud, vuur weggesteek en 'n einde gemaak het aan die wyn wat orals in strome gevloei het, sodat ervaring gaandeweg deur nadenke verskillende vaardighede kon smee, die koringhalm in ploegvore sou soek, en die vonk wat in die are van die vuurklip verberg is, uit kon slaan. Toe het riviere die eerste keer uitgeholde elsbome gevoel; toe het die seeman getalle en name 120

130

vir die sterre gevorm: Pleiade, Hyade en Lycaon se skitterende Beer. Toe het die mens uitgevind hoe om wilde diere met strikke te vang, om met voëlent te bedrieg en om uitgestrekte bergwoude met hul honde te omsingel. Nou slaan een sy werpnet oor 'n breë rivier en soek na die diepte, en 'n ander sleep sy druipnat sleepnet oor die see. Toe het die hardheid van yster, die skril saaglem – want die vroegste mense het splytbare hout met wê gekloof – ja toe het verskillende vaardighede gekom. Meedoënlose arbeid en nypende gebrek in haglike omstandighede seëvier oor alles.

140

Ceres het sterweling die eerste geleer om die aarde met yster om te ploeg, toe eikels en wilde-aarbeie van die heilige woud reeds begin skaars word en Dodona sy voedsel weerhou het. Spoedig is daar ook vir die graansoorte ellende toegevoeg, met die gevolg dat vernietigende roes die halms verteer, en die nuttelose distel stekelig gestaan het op die akker. Die oeste vergaan, 'n ruwe bos klitsgras en brandnetel verskyn in die plek daarvan, en oral in die pragtig bewerkte akkers voer skadelike drabok en onvrugbare wildehawer die oorhand. Daarom, as jy die onkruid nie voortdurend met skoffels aanval, die voëls met 'n lawaai verwilder, die skadu's van jou skaduryke land met die snoeimes in bedwang hou en in jou gebede om reën roep nie, sal jy, helaas!, vergeefs na 'n ander man se groot hoop graan loer, en jou honger in die bosse stil deur die akkerboom te skud.

150

Ek moet ook nog meld watter wapens die stoere boere het, waarsonder oeste nie gesaai kan word, en ook nie kan opkom nie. Eerstens die ploegskaar en die swaar eikehoutbalk van die gekromde ploeg, en die stadig voortrollende waens van die moeder⁶ van Eleusis, en waens en sleë om graan mee te trap, en bylpikke van alte swaar gewig. Verder nog Celeus se latjieswerk en primitiewe toerusting, vlegwerk van wilde-aarbeilatte en lacchus se mistieke koringwan – al die dinge waarvoor jy lank vooruit toegewyde voorsorg sal tref en wegbêre, as die glorie van die goddelike veld in voldoende mate vir jou beskik is. Sonder uitstel word 'n olm in die bosse met groot geweld gebuig en tot 'n ploegbalk getem, en neem dit die vorm van 'n gekromde ploeg aan. Hieraan word 'n disselboom wat agt voet in lengte strek, twee rysterplanke en 'n skaarblok met dubbele rug vasgemaak. Vooraf word 'n ligte lindeboom vir die juk gevel, en vir die stert 'n hoë beuk wat die kar se onderstel van agter af moet stuur; die hout word in die vuurherd opgehang en die rook deursoek dit.

160

170

Ek kan vir jou baie voorskrifte van die oumense herhaal, as jy nie daarvoor terugdeins en dit jou nie irriteer om van nietige sorge te verneem nie. Allereers moet jou dorsvloer met 'n yslike rol gelyk gemaak, met die hand gebrei, en met taai potklei stewig gebind word, sodat daar nie onkruid opkom en dit ook nie tot stof verstuif en bars, en allerhande peste dan met jou die gek skeer nie. Dikwels al het 'n klein ou muisie sy woning onder die grond gebou en sy graanskuur daar opgerig, of het blinde molle daar slaapkamers uitgegrawe; is die padda in holtes aangetref, en al die menigvuldige ongediertes wat die aarde voortbring; of die kalender plunder jou groot hoop koring, of die mier, uit vrees vir 'n behoeftige oudag. 180

En let ook op, wanneer die amandelboom in die woude hom weelderig in blomme tooi en sy geurende takke afbuig : as daar volop vrugte aan is, sal die graan net so volop volg, en saam met groot hitte sal daar 'n groot trapsel kom. Maar as die skaduwee ten gevolge van 'n blareweelde oorvloedig val, sal jou dorsvloer tevergeefs kafryke halms dors. 190

Inderdaad het ek al baie saaiers hul saad sien behandel deur te eers met soda en swart olyfoliemoer te oorgiet, sodat die pit groter mag wees in die bedrieglike peule en hulle gou sag kan word, al is dit met 'n klein vuurtjie. Ek het gesien dat saad wat lank uitgesoek en met groot sorg ondersoek is nietemin ontaard, as die menslike inspanning nie jaar na jaar al die grootstes met die hand uitsoek nie. So snel alles deur die werking van die noodlot hul verderf tegemoet, gly agteruit en word teruggestoot, net soos iemand wat met sy spane 'n bootjie moeisam stroom-op dwing, en as hy dalk sy arms laat skiet het, sleur die rivier dit dadelik op sy snel voortsietende stroom na hals-oorkop verdelging mee. 200

Owerigens moet die sterre van die Beer, die dae van die Bokkies, en die helder Slang net so versigtig deur ons dopgehou word as wat die Swartsee en die engtes van oesterryke Abydus aangedurf word deur hulle wat oor die windgeteisterde seë na hul vaderland vaar. Wanneer die Weegskaal die ure van die dag en van slaap ewe lank maak en die wêreld nou met lig en skadu's in twee gelyke dele verdeel, dan manne, moet julle jul bulle hard laat werk, en gars op die vlaktes saai tot kort voor die laaste reënbui van die onhandelbare winter. Dan is dit ook tyd om 'n 210

vlasoes en Ceres se papawer in die grond te begrawe, en om sonder verposing vooroor te leun op jou ploeg solank as wat jy toegelaat word terwyl die grond nog droog is, solank as wat die wolke nog in die lug hang. In die lente is dit saityd vir boon-tjies; dan, lusern van Medië, ontvang die verkrummelde ploeg-vore ook vir jou, en breek die jaarlikse sorg vir manna aan wanneer die glansende Bul met sy goue horings die jaar open, en die Hondster voor sy teenster ritireer en ondergaan.

Maar as jy die grond bewerk vir 'n koringoes of stewige spelt en op are alleen ingestel is, moet jy dat die dogters van Atlas hulle eers in die môre verberg, en die Kretensiese ster van die vlam-mende Kroon die wyk neem voordat jy die verskuldigde saad aan die ploegvore oorhandig, en voor jy jou haas om die hoop van die jaar aan teësnigge grond toe te vertrou. Baie boere het al begin voor Maia ondergaan, maar die veragte oes het hulle met leë are bespot. Maar as jy inderdaad wieke en goedkoop snyboontjies saai, en die sorg vir Egiptiese lensies nie versmaai nie, sal Boötes jou onmiskenbare tekens stuur wanneer hy ondergaan: begin dan te saai en hou aan daarmee tot in die middel van die winter.

Om hierdie rede stuur die goue son sy baan wat in vaste sones verdeel is, tussen die twaalf sterrebeelde van die wêreld deur. Vyf gordels dek die hemelruim; een daarvan is altyd rooi van die glinsterende son en verdor van sy vuur. Rondom hierdie een, links en regs aan die eindes van die aarde, loop twee donker-bloues, verstyf van ys en donker reënbuie. Tussen hierdie twee en die middelste gordel is daar twee wat deur die guns van die gode aan rampsalige sterweling toegeë is, en 'n pad, deur albei heen gesny, waarin die skuins opeenvolging van die ster-rebeelde kan wentel. Soos die aarde styl oploop na Skithië en die pieke van die Noorde, so daal en sink dit af na die Suide-winde van Libië. Hier is die een pool altyd hoog bokant ons, maar die swarte Styx onder ons voete en die skimme diep in die onderwêreld, aanskou die ander een. Hier seil die magtige Slang soos 'n rivier met golwende kronkelings rondom en tussen die twee Bere deur – die Bere wat bang is om in die Oseaan se watervlak natgemaak te word. Dáár, na hulle beweër, swyg ôf 'n tydlose nag en word die skemering immer deur die sluier van die nag verdig, ôf keer die Daeraad van ons af terug en bring die daglig weer vir hul; en wanneer die vroegste Môrestond met sy

hygende perde op ons blaas, steek die rooigekleurde Aandster daar sy late strale aan. Hieruit kan ons die weer vooruit te wete kom, al is die lug onseker; hieruit die dag en tyd vir oes en saai, en wanneer dit geleë is om die verraderlike gladde seevlak met roeispane in beweging te bring, wanneer om die toegeruste vloot te water te laat, of die den tydige in die woude te vel. Nie te vergeefs hou ons die ondergang en opkoms van die sterrebeelde, en die jaar, gelyk verdeel in vier verskillende seisoene, dop nie.

Wanneer 'n koue reënbui die boer soms binnenshuis hou, word hy die geleentheid gebied om baie take wat binnekort in mooi-weer haastig gedoen sou moes word, op tyd te verrig. Die ploegman smee die harde punt van die stomp skaar skerp; uit 'n boomstam hol hy 'rôe uit, of hy merk sy vee, of nommer sy hope graan. Ander maak heiningpale en tweetandgaffels skerp, en kry bindlatte van die Amerikaanse wilger gereed vir die soepel wynstok. Nou moet die mandjie lossies van braamrank gevleg word, nou moet julle koring rooster op die vuur, nou dit fynmaal met 'n klip. Selfs op feesdae laat die wette van God en die mens ons immers toe om sekere take te verrig. Geen godsdiensstige ontsag het ons belet om stroompies afdraand te lei, 'n heining voor die koringland te span, 'n strik vir voëls te stel, doringstruïke aan die brand te steek, of om jou kudde blêrende vee in 'n heilsame rivier te dip nie. Dikwels belaaï die drywer die stadige eseltjie se sye met olie of goedkoop vrugte, en as hy terugkom bring hy 'n geriffelde meulsteen of 'n klont swart pik van die stad af saam.

260

270

Die maan self het verskillende dae in verskillende volgorde as gunstig vir die arbeid daargestel. Vermoed die vyfde: op daardie dag is bleke Orcus en die Wraakgodinne gebore; daardie dag het Aarde met 'n sondige geboorte vir Coeus en Iapetus gebaar, en die woeste Typhoeus en die broers⁷ wat saamgesweer het om die hemel af te breek. Driemaal het hulle probeer om Ossa of Pelion te stapel, verbeel jou dit!, en om lowerryke Olympus op Ossa om te rol; driemaal het die Vader die opgestapelde berge met sy bliksemstog neergeslaan. Die sewentiende is 'n gunstige dag om die wynstok te plant, osse te pak en in te breek, en om lussies aan die skering van die weefsel te heg. Die negende is gunstiger vir die wegloper, maar ongunstig vir diefstal.

280

Betreklik baie take leen hulle beter om in die koelte van die nag afgehandel te word, of wanneer die Môrester die aarde by sonsopkoms met dou besprinkel. Snags word ligte stoppels, snags word die dorre weivelde makliker gemaai, want snags ontbreek die soepelmakende vog nie. En daar is die man wat laat wakkerbly by die lig van 'n wintervuur en met 'n skerp mes sy fakkels splyt. Intussen maak sy vrou die langdurige arbeid ligter met 'n lied en laat die rinkelende kam deur die skering snel, of kook soet mos se waterigheid oor 'n vuur weg, en skuim die golwende inhoud van die borrelende koperpot met blare af. **290**

Maar rooigeel graan word in middaghitte gesny, en in middaghitte trap die dorsvloer die rypgebakte koring. Ploeg met jou bolyf kaal, saai met jou bolyf kaal. Winter is vir die boer 'n tyd van leeglê. In koue weer geniet die boere meestal van hul opbrengs en met blydskap sorg hul om die beurt vir feesmale waarin almal deel. Die vrolike winter nooi hul om fees te vier en verdryf hul sorge, net soos wanneer swaargelaaide skepe alreeds die hawe binnegevaar, en die matrose vol blydskap blomkranse aan die agterstewens gehang het. Maar dan is dit nogtans ook die tyd om die eikeboom se eikels, om lourierbessies, die olyf en bloedrooi mirtebessies af te pluk, dan die tyd om valle vir kraanvoëls en nette vir herte te stel, en om die langoorhase agterna te sit, dan om reebokke neer te vel terwyl jy die hennep-toue van 'n Baleariese slingerfel swaai, wanneer die sneeu diep lê en die riviere hul ys voorstoot. **300**

Waarom sou ek vertel van herfsstorms en die sterre van die najaar, en waarteen mense moet waak as die dag reeds korter en die somer milder word? Of wanneer reënbringende lente aangesnel kom, wanneer die are-oes reeds ruig staan op die vlaktes en die melkerige korrels aan hul groen halm swel? Dikwels het ek al gesien, wanneer die boer sy oesvolk in die goude lande gebring en reeds die gars van die brose halm gestroop het, hoe al die winde in gevegte bots om die swaargelaaide oes dan wyd en syd van sy diepste wortels af uit te ruk en hoog in die lug op te waai: dan sal die storm die ligte halms en vlieënde stoppels met 'n donker dwarrelwind wegwaa. **310**

Dikwels verskyn daar ook 'n magtige heerskaar van waters aan die hemel, en wolke wat uit die hoë lug versamel is, pak dan saam tot 'n afskuwelike storm met donker reënvlae. Die hoë

hemel stort neer en spoel die welige gesaaides en die arbeid van die osse met 'n geweldige stortvloed weg. Slote loop vol, die hol riviere swel met 'n gedruis, en die see sied met deinende waters. In die middernag van stormwolke slinger die Vader met eie hand flikkerende weerligstrale. So groot as wat hy is, bewe die aarde van die skok, die wilde diere slaan op vlug, en deur die volke heen slaan kruipende vrees die harte van sterwelingeterner. Met vlamme skig slinger hy òf Athos òf Rhodope òf die pieke van Ceraunia neer. Die Suidewinde verdubbel hul geweld en die reën val op sy digste. Nou huil die woude van die geweldige wind, nou bruis die strande.

330

Uit vrees hiervoor moet jy die maande en die sterre van die hemel dophou: waarheen die koue ster van Saturnus terugkeer, in welke sirkels die vuur⁸ van Cyllene in die hemel rond dwaal. Allereers moet jy die gode eer, en jaarlikse offers aan die grote Ceres bring terwyl jy die offertaak hier by die einde van die winter wanneer die helder lente reeds daar is, in die welige gras verrig.

340

Dan is die lammers vet, dan is die wyn ferweelsag, dan is die slaap soet en die skadu's op die berge dig. Laat al die jongmense van die platteland — sorg daarvoor — vir Ceres vereer. Meng vir haar heuning met melk en sagte wyn, en laat jou seënbringende offerdier driemaal om jou jong graan loop terwyl jou hele vriendskaar dit juigend vergesel en luidkeels vir Ceres in hul huise innooi. En laat niemand sy sekel onder aan die ryp graan lê voordat hy, sy slape omwind met 'n eikekrans, primitiewe danspassies tot eer van Ceres uitvoer en liedere sing nie.

350

En dat ons hierdie dinge uit vaste tekens te wete sou kon kom — die hitte en die reën en die winde wat koue bring — het die Vader self bepaal welke waarskuwing die maandelikse maan sou gee, by welke teken die Suidewinde sou gaan lê, en wat die boere, as hulle dit herhaaldelik sien, hulle kuddes nader aan die stalle sou laat hou. Sodra die winde opsteek, begin òf die see-engtes onstuimig te dein, en 'n droë gekraak word op die hoë berge gehoor, òf die strande raak hewig beroer en weergalm in die verte, en die gedruis van die woude word luider en luider. Reeds dan al weerhou die golf hom met moeite van die geboë kiele, wanneer die duikvoëls vinnig van die middel van die see af terugvlug en hul gekrys strandwaarts dra; wanneer die see-

bleshoenders op die droë land speel, en die reier sy vertroude vleie verlaat en bo 'n hoë wolk vlieg. Dikwels ook, wanneer daar wind dreig, sal jy sterre ylings uit die hemel sien val, en dat lang strepe vuur deur die duister van die nag agter hulle skitter; dikwels hoe ligte kaf en vallende blare dwarrel, of hoe drywende vere op die water se oppervlakte speel. Maar wanneer dit uit die rigting van die grimmige Noordewind weerlig en die woning van die Ooste- en Westewind donder, dan word al die velde oorstroom deur oorvol slote, en elke matroos haal op see sy nat seile in. 370

Nog nooit het reën boere skade aangedoen nie, of hulle kon dit verwag het: òf die hoogvliegende kraanvoëls het daarvoor gevlug toe dit onder in die dale opsteek, òf die jong vers het na die hemel opgekyk en die lug met oopgesperde neusgate gesnuif, òf die kwetterende swaeltjie het al om die waterpoele rondgevlieg, en die paddas in die modder het hul ou klaaglied gekwaak. Dikwels ook het die mier 'n smal paadjie oopgetrap en sy eiers uit sy binnekamers weggedra, het 'n reusereënboog die lugvog opgedrink, en het 'n leërmag rawe in 'n lang kolonne van die weiveld af padgegee en met vlerke dig teen mekaar gekras. Dan is daar die veelsoortige seevoëls en dié wat in die Asiatiese weivelde van Caÿster rondsnuffel, oral rond in hul geliefde moerasse – jy sou kon sien hoe hul wedywerend kwistige sproeireëns oor hulle rugge giet, nou die kop in die golwe steek, en nou die water inhardloop en doelloos pretmaak uit begeerte om te baai. Dan roep die snode kraai met volle stem om reën, en stap stoksielalleen op en neer op die droë seesand. Selfs nie eers meisies wat snags hul porsies wol afspin, was onbewus van die storm toe hulle die olie in die brandende lamp sien sputter en die kwynende lamppitte sien hard word nie. 380

390

Ewe goed sal jy ná die reëns sonskyn en oopgetrekte helder lug kan voorsien en uit onfeilbare tekens kan opmaak. Want dan is die helder glans van die sterre onverdoef te aanskou, en sien ons die Maan sonder enige verpligting teenoor haar broer se strale verrys, en dat geen yl vlieswolkies deur die hemelruim dryf nie. Nou spreid die ysvoëls, gelief deur Thetis, nie op die strand hul vlerke oop na die warm son, en die besmeerde varke ont hou nie om met hul snoet die bondels strooi op te gooi totdat dit los is nie. Maar die miswolke neig al meer na die laagtes en 400

gaan lê op die vlakke, en die naguil wat vergeefs bo van die nok af op die uitkyk is vir sonsondergang, sing sy late lied. Hoog in die helder lug verskyn Nisus⁹, en dien Scylla⁹ haar straf uit vir die purper haarlok: waar sy ook al in haar vlug die yl eter met haar vlerke klief, kyk, daar agtervolg Nisus haar vyandig en wreed, met luide vlerkgesuis deur die briese; waar Nisus teen die briese in styg, klief sy die yl eter met haar vlerke en vlug ylings weg. Met half-toe keel herhaal die kraaie dan drie- of viermaal hul skril gekras, en dikwels babbel hulle in hul hoë neste tussen die blare met mekaar, meer as gewoonlik verbly deur een of ander bekoring. Hulle geniet dit om nou dat die reëns verby is hul klein kroos en dierbare neste weer op te soek. Dit is beslis nie, glo ek, omdat hulle 'n goddelike instink, of deur die wil van die noodlot 'n groter voorkennis van dinge het nie, maar wanneer die weer en beweeglike hemelvog van koers verander het, en die lug, klam van die Suidewinde, dinge wat nog pas yl was, verdig, en wat dig was, verdun, dan verander hul gees-tesgesteldheid en hul hart ervaar nou ander roeringe, ander as toe die wind die wolke aangedryf het. Vandaar daardie voëlkoor in die velde, die vee vol blydschap en die kraaie wat juigend kras.

Maar as jy op die verskroeiende son let, en die mane wat een na die ander op mekaar volg, sal die môre-uur jou nooit bedrieg, en sal jy nooit mislei word deur die verraad van 'n helder nag nie. Sodra die maan haar terugkerende vure versamel, as sy donker lug met haar dowwe horing omkring, word daar 'n baie groot reënbui vir die boere en die see voorberei. Maar as sy 'n maagdelike bos oor haar gelaat laat spoel, sal daar wind wees: goue Phoebe bloos altyd van wind. Maar wanneer sy by haar vierde opkoms – want dit is die betroubaarste waarborg – helder is en nie met verdopte horings deur die hemel sweef nie, sal sowel daardie hele dag as die dae wat uit hom gebore word tot aan die einde van die maand sonder reën en wind wees, en omdat hulle bewaar is, sal die matrose hul geloftes aan Glaucus en Panopea en Melicertes, seun van Ino, op die strand betaal.

Ook die son, sowel by sy opkoms as wanneer hy hom in die golwe verberg, sal tekens gee: die feilloosste tekens sal met die son gepaard gaan, sowel die wat hy in die môre bring as die wat hy gee wanneer die sterre verrys. Wanneer hý, in 'n wolk versteek, sy vroeë opkoms met vlekke spikkel en met die middel van sy skyf terugwyk, moet jy op reënbuie bedag wees, want

van die diepsee af waai die Suidewind dan onophoudelik, skadelik vir bome en gesaaides en die kudde. Of wanneer uitgespreide strale kort voor ligdag tussen digte wolke deurbreek, of wanneer Aurora bleek verrys as sy Tithonus se safraangeel bed verlaat, helaas!, dan sal die wingerdloof die ryp druiwetrosse maar moeilik beskerm: in sulke groot getalle spring die digte hael kletterend op die dakke. Ook dit, wanneer hy die lug deurkruis het en alreeds aan die sink is, sal jou nog meer loon om te onthou; want dikwels sien ons dat verskillende kleure oor sy gesig dwaal: 'n donkerblou kondig reën aan; 'n vlamkleur, Oostewinde. Maar as vlekke met die geelrooi vuur begin meng, dan sal jy alles tegelyk in beroering sien van wind en stormwolke. Laat niemand my aanraai om in so 'n nag oor die see te vaar of om my vasmeertou van die land af te ruk nie. Maar as sy skyf helder is, sowel wanneer hy die dag terugbring as wanneer hy die een wat hy gebring het, begrawe, sal jy verniet deur stormwolke verskrik word, en sal jy die woude in die helder Noordewind sien roer.

450

460

Ten slotte: wat die laataand bring, uit watter rigting die wind die sonbestraalde wolke dryf, wat die vogtige Suidewind in die skild voer — van al dié dinge sal die son vir jou tekens gee. Wie sou dit waag om die son bedrieglik te noem? Dikwels waarsku hy selfs dat verborge oproer dreig, dat verraad en bedekte oorloë begin te gis. Ook na die dood van Caesar het hy medelye gehad met Rome, toe hy sy glansende hoof met ondeursigtige duisternis bedek, en 'n goddelose geslag 'n ewigdurende nag gevrees het. Hoewel, destyds het die aarde en die vlaktes van die see, het onheilspellende honde en ongunstige voëls ook voortekens gegee. Hoe dikwels het ons nie gesien hoe Etna uit sy oopgebarste smeltoonde borrel, golwend in die Siklope se lande instroom, en vuurbolle en gesmelte rotse aanrol nie! Germanië het die wapengekletter oor die ganse hemelruim gehoor, en die Alpe het getril van ongewone skokke. Ook is daar 'n stem deur almal in die stil woude gehoor — 'n magtige stem; en spookgestaltes, wonderbaar bleek, is teen die aandskemering gesien, en diere, o gruwel!, het gepraat. Riviere gaan staan, die aarde gaap, en in die tempels ween die ivoorbeelde bedroef en die bronsbeelde sweet. Eridanus, koning van die riviere, het in 'n dolle maalstroom voortgespoel, bosse verwring en kuddes tesame met hul stalle oor al die vlaktes heen gesleur. En in dieselfde tyd het dreigende vesels nie opgehou om uit onsalige

470

480

ingewandes te voorskyn te kom, of bloed om uit waterbronne te vloei, of rysige stede om heelnagdeur van die gehuil van wolwe te weerklink nie. Nog nooit het daar meer bliksems uit die helder hemel geval, of het daar soveel keer huiweringwekkende komete gevlam nie. Daarom het Philippi weer eens gesien hoe Romeinse veglinies mekaar met gelyke wapens stormloop, en was dit ook nie vir die gode iets onbehoorlik dat Emathia en Haemus se wye vlaktes twee maal geil word van ons bloed nie. En die tyd sal gewis kom wanneer die boer in daardie streke die grond moesaam met sy gekromde ploeg sal omwoel, en werpsiese daar sal vind wat deur skilferende roes weggevreet is. Of hy sal met swaar bylpikke teen leë helms pik en verstom staan oor die reusagtige beendere in die oopgeploegde grafte.

490

Gode van ons vaderland, aanbiddelike inheemse helde, u Romulus, en u, moeder Vesta, u wat oor Etruriese Tiber en die Palatinus van Rome waak, verhinder ten minste hierdie jongman nie om 'n ontwortelde geslag te hulp te snel nie. Lank reeds het ons genoeg met ons bloed geboet vir die meened van Troje, stad van Laomedon. Lank reeds, Caesar, misgun die koninklike hof van die hemel u vir ons, en kla hul dat u omgee vir die triomfoptogte van mense, hier waar reg en onreg immers omgekeer is: soveel oorloë word daar op aarde gevoer, soveel vorms is daar van misdaad. Die ploeg kry nie die eer wat dit verdien nie, die landerye lê onbewerk omdat die landbouers onttrek is, en krom snoeimesse word in harde swaarde omgesmee. Hier blaas die Eufraat oorlog aan, daar Germanië; buurstede het hul onderlinge verbonde verbreek en staan onder wapen. Oor die hele wêreld woed die gewetenlose Mars, soos wanneer 'n vierspan van die slagboom af wegskiet en rondte na rondte voortspeed; vergeefs pluk die drywer aan die teuels, maar hy word deur die perde voortgesleur en die span gehoorsaam nie die leisels nie.

500

510

Georgicon II: Bome en Wingerdbou

Tot hiertoe dan van akkerbou en die sterre van die hemel. Nou, Bacchus, sal ek van u sing, en saam met u van die struikgewas in die woud en die vrugtekroos van die stadig-groeiende olyfboom. Hierheen, o vader Lenaeus! Hier is alles vol van u gawes, vir u bloei die akker, swaar van najaarswingerdranke en skuim die wynoes in vol kuipe. Kom hierheen, o vader Lenaeus, pluk u stewels uit en doop u kaal bene saam met my in die vars mos.

Om mee te begin : daar is verskillende natuurlike metodes vir die kweek van bome. Want party, soos die sagte waterwilg en taai besembos, die populier en vaalgroen wilger met sy witglansende blare, kom vanself uit vrye wil op, sonder enige dwang van mense, en neem die vlaktes en kronkelende riviere wyd en syd in. Maar ander kom op uit geplante saad, soos die hoë kastaiings en die wintereik, magtigste boom van die woude, wat sy blare tot eer van Jupiter dra, en die eike¹ wat deur die Grieke as orakels beskou is. By ander spruit daar 'n baie digte bosgasie uit die wortel, soos by kersies en olmbome. Ook die klein louriertjie op Parnassus skiet op in die reuseskadu van sy ma. Hierdie groeiwyses het die natuur in die begin bepaal, só word elke soort bos en struik en heilige woud groen.

10

20

Daar is ander groeiwyses wat ervaring self gaandeweg vir homself uitgevind het. Die een sny steggies van die sagte moederliggaam af en lê hulle in vore in; 'n ander begrawe stukke stam, sowel oorkruisgekloofde paaltjies as skerpgepunte stokke in die grond. Sommige bome wag vir die boë van die afgebuigde

inlêloot en die lewende aflêers in sy eie grond. Ander het geen wortel nodig nie, en die snoeier aarsel nie om die boonste lote om te buig en dit aan die aarde toe te vertrou nie. Ja, selfs nadat die stamme afgekap is – wonderbaar om te vermeld – stoot 'n olyfwortel tevoorskyn uit die droë hout. En dikwels sien ons dat die takke van die een boom sonder skade in takke van 'n ander een verander; dat 'n peerboom wat van voorkoms verander het, ingeënte appels dra, en dat grootpit kornoelies rooi word aan pruimbome. 30

Daarom, kom boere, leer elkeen se eie behandeling, soort vir soort; maak wilde vrugte met verbouing mak en laat jul grond nie leeglê nie. Dis vreugde om Ismarus met wingerd toe te plant en groot Taburnus met die olyfboom te beklee. En u, Maecenas, my trots, en tereg die grootste deel van my roem, wees u teenwoordig en deurloop saam met my die taak wat ek onderneem het. Sprei u seile uit en skeer oor die oop see heen. Ek verlang nie om alles met my verse te omvat nie, nee, al sou ek 'n honderd tonge, 'n honderd monde en 'n stem van yster hê. Wees teenwoordig en vaar vlak langs die soom van die naaste strand; die land is byderhand. Ek sal u nie hier te midde van uitweidinge en lang inleidings met verse van die verbeelding ophou nie. 40

Die bome wat hul vanself na die kuste van die lig verhef, is weliswaar onvrugbaar, maar skiet welig en sterk op; in die grond is daar immers natuurlike groeikrag. Nietemin, as iemand hulle sou ent of oorplant en aan goedbewerkte vore toevertrou, sal hulle ook hul wilde natuur aflê, en met telkens herhaalde bewerking gou-gou enige bekwaamheid nastreef wat jy wil hê. En die loot wat onvrugbaar heel onder uit die stam uitgroeï, sou dit ook doen as hy in die oop velde weg van ander geplant is. Nou laat val die hoë blare en takke van sy ma 'n skaduwee op hom, beroof hom van sy lote terwyl hy groei en dor hom uit as hy dra. En dan, die boom wat hom uit afgegooide saad verhef het, groei stadig en sal eers vir jou verre nageslag skaduwee maak. Sy vrugte gaan agteruit en verloor hul vroeë geur, en die wynstok dra misvormde trosse as buit vir die voëls. 50

Natuurlik moet daar aan alle bome arbeid bestee word, en almal moet in rye gedwing en met groot moeite getem word. Maar olywe antwoord beter uit stamme, die wynstok uit 'n ingelegde 60

loot, die mirt van Paphos uit vaste hout. Klipharde² haselare ontstaan uit steggies, en ook die reuse-es, die skaduryke boom van Hercules se kroon, en die eike van die Chaoniese vader.³ So ontstaan ook die rysige palmboom en die den wat die gevare van die see sal aanskou. Maar die ruie aarbeiboom word met 'n okkerneutloot geënt, en onvrugbare platane het al gesonde appels gedra. Die beuk⁴ het grys geword van die wit bloeisel van die kastaing, die es van die wit bloeisel van die peer, en onder die olms het varke al akkers vermorsel.

70

Daar is meer as een metode om te ent en te okuleer. Want waar botsels van midde uit die bas uitstoot en hul dun omhulsels laat oopbars, word daar 'n smal snytjie presies in die knoppie gemaak. Hierin lê hulle 'n botsel wat van 'n vreemde boom af kom, en leer hom om aan die sappige bas vas te groei. Of anders weer word gladde stamme teruggesny, en met wê 'n spleet diep in die volle hout gekloof. Daarna word die vrugbare entsels daarin gestee, en eerlank het 'n reuseboom met welige takke na die hemel uitgegroeï, en hom verbaas oor sy vreemde blare en die vrugte wat nie sy eie is nie.

80

Daarbenewens is daar nie net een soort stewige olms, of wilger, of lotus, of sipresse van Ida nie. En ryk olywe ontstaan ook nie net in een vorm nie — daar is die orchades, die radii en die pausia met sy bitter bessie — en so ook die appels in Alcinous se boord. Die loot van Crustumeriese en Siriese en die swaar volemepere lyk ook nie eenders nie. Aan ons stokke hang daar nie dieselfde druif as wat Lesbos van die rank van Methymna pluk nie. Daar is wynstokke van Thasos, en daar is die blekes van die Mareotiese meer, laasgenoemde geskik vir ryk, eersgenoemde vir ligter grond. Daar is ook die Psithiese, beter geskik vir rosynwyn, en die fyn Lageïese wat eendag nog jou voete gaan aantast en jou tong aan bande gaan lê; daar is die Perses en die Preciae, en jy, Rhaetiër — in watter lied sal ek jou besing? En tog moet jy nie met Falerniese kelders meeding nie. Daar is ook die wyne van Aminnea, stewigste van wyne, aan wie die wyn van Tmolus en selfs die koning van wyne uit Phanae eer betoon; en die kleiner Argitisdruif waarmee geen ander soort kan meeding, òf om soveel sap te lewer, òf om soveel jare lank te hou nie. Ook vir jou sou ek nie oorlaan nie, o wyn van Rhodos, welkom by die gode en die tweede dis, en jou ook nie, Bumastus, met jou uitgeswelde trosse. Maar daar is geen getal

90

100

om aan te dui hoeveel soorte of name daar bestaan nie, maar dis beslis ook nie van belang om hulle in 'n getal saam te vat nie. Hy wat dit sou wil weet, sou ewe goed wil hoor⁵ hoeveel sandkorrels op die Libiese vlakke deur die Westewind opgejaag word, of wil weet hoeveel golwe van die Ioniese see kus toe aanrol wanneer die Oostewind met buitengewone geweld op die skepe toesak.

Maar alle grond kan nie alles dra nie. Wilgers groei langs riviere, elsbome in modderige moerasse, en onvrugbare bergesse op klipperige heuwels. Die seekus is op sy vrolikste met mirtebosse, en, laastens, die wynstok hou van oop heuwelland, en taksibome van die Noordewind en koue. Aanskou ook die aarde, van end tot end deur boere getem, en die Oosterse wonings van die Arabiere, en die getatoeëerde Geloni: aan bome is daar ook vaderlande uitgedeel. Alleen Indië bring swart ebbehout voort en slegs die Sabaeërs het die wierooktwyg. Waarom sou ek jou vertel van balsem wat uit geurende hout drup, of van die peule van die immergroen akasia? Waarom van die Ethiopiërs se plantasies, wit van sagte katoenwol, of hoe die Sjinese fyn sydraadjies van blare afkam? Of van die oerwoude wat Indië, nader aan Oceanus geleë, voortbring, Indië, daardie uithoek aan die einde van die wêreld waar geen pyle hoër kan trek as die lug om die boomtoppe nie? En tog is daardie ras nie lomp as hulle hul pylkokers opgeneem het nie. 110

Medië bring die suur sap en die klewende geur van die suurlemoen voort, en as wrede skoonmoeders soms die drinkbekers vergiftig, en kruie en skadelike towerspreuke daarmee gemeng het, kom daar geen snelwerkender hulp as dit en dryf die swart venyn uit die ledemate nie. Die boom self is kolossaal en in voorkoms baie na aan 'n lourier, en as hy nie wyd en syd 'n ander geur versprei het nie, dan wás hy 'n lourier. Van geen wind val sy blare af nie, en sy bloeisel sit veral stewig vas. Daarmee reinig die Meders hul asem en slegruikende mond, en dokter hulle hul kortasemige oumense. 130

Maar, nòg die Meders se woude, allergeilste grond, nòg die skone Ganges, en die Hermus, troebel van goudstof, sou met Italië se roem kon meeding; nie Bactra of Indië of die ganse Panchaia, ryk aan wierookdraende sand nie. Geen bulle wat vuur uit hul neusgate blaas het hierdie land omgeploeg toe die tande van die

ontsaglike draak gesaai is nie, en geen oes van krygers het hier stekelig van helms en spiese dig teenmekaar gestaan nie. Maar swaar koringare en Bacchus se Massiese⁶ vog het hierdie land volgestaan; olywe en vrugbare kuddes het hul tuiste hier. Hiervandaan kom die oorlogsperd wat trots oor die vlakke draf, hiervandaan, Clitumnus, die sneeuwit kleinvee en die sneeuwit bul – die edelste offerdier – hulle wat dikwels met jou heilige water begiet is en die triomfoptogte van die Romeine na die tempels van die gode gelei het. Hier is dit ewigdurende lente, en somer in die maande wat aan ander jaargetye behoort. Elke jaar word die vee tweemaal dragtig, en tweemaal is die boom van nut met sy vrugte. Maar woedende tiers en die grimmige kroos van leeus is hier nie. Geen akoniet bedrieg die arme plukkers nie, en die skubbige slang skiet nie sy yslike sirkels oor die grond of rol hom met 'n geweldige kronkeling in 'n spiraal op nie.

140

150

Voeg daarby so baie voortreflike stede, en die geswoeg aan ons bouwerke; so baie dorpe wat deur ons hande op steil rotse gestapel is, en so baie strome wat onder eeue-oue mure langs kabbel. Of sal ek vertel van die seë wat bo⁷ en onder teen ons kuste aanspoel? Of van ons ontsaglike mere? Van jou, Larius, ons grootste, en van jou, Benacus, wat met golwe en segedruis dein? Of sal ek vertel van ons hawens en die walle wat vir die Lucrinusmeer bygevoeg is; van die oseaan wat met luide gedreun sy verontwaardiging toon waar die waters van Julius in die verte weerklink as die see teruggedryf word en die branding van die Tirreense see in die engtes van Avernus instroom? Hierdie einste land toon strome silwer en kopererts in sy are en vloei oor van goud. Hierdie land het 'n stoere geslag helde voortbring: die Marsi en die Sabyne volk, die Liguriër, gewoon aan swaarkry, en die Volsci met hul werpspiee; hierdie land die Decii, die Marii en die groot Camilli; die seuns van Scipio, in oorlog gehard, en vir u, Caesar, die grootste van almal, u wat reeds in die uithoeke van Asië seëvier en nou die onkrygshaftige Indiër van die Romeinse vestings af verdryf. Gegroet, groot moeder van voedsel, land van Saturnus, groot moeder van helde! Tot u eer begin ek nou met 'n onderwerp van oeroue roem en kuns;⁸ tot u eer het ek dit gewaag om heilige fonteine oop te maak, en s'ing ek die lied van Ascras⁹ oral in Romeinse dorpe.

160

170

Nou is dit die regte plek vir 'n bespreking van die eie aard van bouakkers – wat elkeen se krag, wat die kleur, en wat sy

natuurlike vermoë is om produkte te dra. Om mee te begin: moeilike grond en nydige heuwels, waar daar maer kleigrond en gruis in die doringveld is, skep behae in Pallas se boord van die duursame olyf. 'n Teken van sulke grond is die olienhout wat in groot getalle in dieselfde streek opskiet, en die veld wat met wilde bessies besaai is. Maar ryk grond wat oorvloedig bedeel is met soet water, 'n vlakke wat dig begroei is met gras en vrugbaar is van geilheid, soos waarop ons gewoon is om dikwels in 'n hol bergvallei af te kyk — van die kranstoppe af vloei daar strome en voer vrugbare slik daarheen — grond wat van die Suide af klim en voeding verskaf aan die varing wat deur die gekromde ploëë verafsku word: hierdie grond sal eendag vir jou uiters sterk wynstokke lewer waarin baie wyn vloei. Hierdie grond is vrugbaar aan die druif, en aan die sap wat ons uit goue bekere pleng wanneer die gesette Etruriër by die altare op sy ivoorfluit blaas, en ons die dampende hartslag in breë skottels aanbied.

Maar as jy eerder die drang het om kuddes grootvee en kalwers aan te hou, of skaaplammers of bokke wat jou bewerkte lande teister, soek jy dan die bergweides en die afgeleë gebied van vrugbare Tarentum op, of 'n vlakke soos wat arme Mantua verloor het, een wat sneeuwit swane met sy grasbegroeië stroom voed. Helder fonteine en gras sal jou kuddes daar nie ontbreek nie, en net soveel as wat die kuddes gedurende die lang dae afvreet, sal die koel dou in die kort nag herstel.

Swart grond, wat vet is onder die ingedrukte ploegskaar en 'n krummelrige bodem het — want dit is wat ons met ons ploëëry naboots — is gewoonlik die beste vir koring; van geen ander vlakke af sal jy meer waens met langsaam bewegende osse sien huis toe wegtrek nie; of een waarvandaan die ontstoke ploëë die bome weggeroep het, en die bosse wat baie jare lank geen opbrengs gelewer het nie, vernietig, en die oeroue tuistes van die voëls wortel en tak uitgeroep het. Hulle het hul neste verlaat en die hoogte in geyl, maar onder die diepgedrukte skaar het die onbewerkte vlakke geblink. Want voorwaar, rûensveld se skraal gruisgrond bied aan die bye nouluks dwergkaneel en roosmaryn. En skilferige tufsteen en kalkklip wat deur swart waterslange uitgevreet is, sê geen ander veld dra sulke lekker kos en bied sulke kronkelende skuilplekke vir slange nie. Grond wat 'n yl mistigheid en vlugtige rookdampe uitadem, en water indrink en dit vanself weer laat uitsyfer wanneer hy wil, wat homself

voortdurend met sy eie groen gras beklee en die ysterskaar nie met skilferigheid en sout roes beskadig nie – dít is die grond wat jou olmbome met geil wingerdranke sal omvleg, dít is grond wat ryk is aan olyfolie, en dít is die grond wat jy deur bewerking sowel insiklik vir jou kudde as verdraagsaam teenoor die krom ploegskaar sal ervaar. Sulke grond ploeg ryk Capua en die kusstreek wat aan die Vesuviushoogte grens, asook die Claniusrivier, wreed teenoor verlate Acerrae. 220

Nou sal ek vertel hoe jy elke grondsoort sou kan uitken. As jy wil weet of dit los of buitengewoon vas is – aangesien een geskik is vir koring, 'n ander vir wyn : die vaster soort vir Ceres, en al die heel losses vir Bacchus – moet jy eers met die oog 'n plek uitkies, en opdrag gee dat 'n gat diep in die vaste bodem gegrawe word. Plaas dan al die grond weer terug en maak die boonste sand met jou voete gelyk. As daar kortkom, sal die grond los wees, vrugbaar en meer geskik vir vee en weldadige wyn. Maar as dit sé dit kan nie in sy ruimte ingaan nie en daar skiet grond oor nadat die gat gevul is, dan is die land turfagtig. Verwag dan taai kluite en grofgebreekte ploegvoorrûens, en ploeg jou grond met sterk bulle. Maar souterige grond, die wat ook "bitter" genoem word – vir graan is dit onvrugbaar, van ploeg word dit nie sag nie, en dit bewaar nie vir wyn sy karakter, of vir appels hul roem nie – sal dié aanduiding gee. Haal jou mandjies van diggevegte wilgerlatte en jou wynperssiwwe van die rookdeurtrekte dakbalke af. Laat hierdie swak grond propvol hierin ingetrap word saam met soet water uit fonteine. Al die water sal natuurlik met moeite tevoorskyn dring en groot druppels sal deur die vlegwerk tap. Maar hul onmiskenbare geur sal die bewys lewer en die proewers se monde vies laat plooi van die bitter smaak. Insgelyks leer ons grond wat ryk is slegs op die volgende wyse ken: nooit krummel dit as dit in jou hande gebrei word nie, maar net soos pik word dit klewerig aan die vingers van die vashou. 240

250

Klam grond kweek groter plante en is uiteraard geiler as wat nodig is. Maar ai!, laat dit vir my nie té vrugbaar wees, en laat hy hom nie alte sterk betoon wanneer die are nog jonk is nie! Swaar grond verraai homself stilswyend bloot deur sy gewig, en ligte grond ook. Dis maklik vir die oog om swart grond direk te ken, of te sien wat die kleur van elke soort is. Maar om snode koue op te spoor is moeilik: slegs pyn- en skadelike taksisbome, of donker klimop onthul soms sy spore.

Na jy nou op hierdie dinge gelet het, moet jy onthou om jou grond lank vooruit te laat bak, die groot knoppe met groewe te deursny, en om die omgekeerde kluite aan die Noordewind bloot te stel voordat jy die blye geslag van die wynstok plant. Lande met krummelrige grond is die beste: daarvoor sorg die winde, die ysige ryp en die sterk boer wat die omgespitte akkers los maak. Maar manne wie se waaksaamheid hulle nooit verlaat nie, soek eers 'n plek uit waar die jong druiwestokke vir die stutbome gereed gemaak kan word, 'n plek soortgelyk aan dié waarheen dit binnekort gebring en uitgeplant gaan word, om te voorkom dat die jong plantjies hul skielik veranderde moedergrond nie herken nie. Meer nog, hulle merk op die bas die hemelstreek aan om die manier waarop elkeen gestaan, die kant waarmee hy die hitte uit die Suide verduur, en die rugkant wat hy na die noordpool toe gedraai het, weer te herstel soos dit was : so sterk is gewoonte in dié tenger jare.

Stel allereens ondersoek in of dit beter is om jou wynstokke op heuwels of op gelyk grond te plant. As jy geil vlaktegrond afgebaken het, moet jy dig teen mekaar plant — op diggeplante grond dra die wynstok nie minder nie. Maar as jy grond uitgemeet het wat geleidelik teen hoogtes oploop, of sag afhellende heuwels, moet jy ruimte aan die rye gee. Nietemin, as die bome klaar geplant, is, moet elke laan 'n presiese reghoek vorm met die kruislaan wat hy sny, soos dikwels in 'n magtige oorlog, wanneer 'n lang legioen sy kohorte ontplooi, die kolonne op die oop vlakke halt, die slaglinies gerig is en die ganse aarde wyd en syd met glinsterende brons dein; en nog begin hulle nie die aaklige gevegte nie, maar Mars dwaal huiwerend tussen die leërmagte rond. Laat alles met 'n simmetrie van lane uitgemeet wees, nie net dat die voorkoms die moeë gees kan verkwik nie, maar omdat die aarde andersins nie aan lamal eweveel krag sal gee, en die takke hulle nie in die vrye lug sal kan uitstrek nie.

En miskien sou jy vra wat die diepte van die gate moet wees. Ek sou waag om 'n wynstok selfs aan 'n vlak voor toe te vertrou, maar 'n boom word dieper en ver in die aarde af ingeplant, veral die wintereik wat met sy kruin net so hoog na die hemelse briese opreik as wat hy met sy wortel na die Onderwêreld afboor. Daarom ontwortel geen storms, geen windvlae of reënbuie hom nie; onwankelbaar bly hy staan en laat baie kinders se kinders, baie mensegeslagte by hom verbyrol, en

oorleef hulle deur uit te hou. Dan strek hy sy sterk takke wyd uit na alle kante soos arms, en self die middelpunt, onderskraag hy 'n reuseskaduwee.

Laat jou wingerd ook nie na die ondergaande son toe kyk nie, en moet ook nie haselare tussen die wynstokke plant, of die boonste ranke afsny, of lote uit die kruin van die boom breek nie — so sterk is hul liefde vir die aarde — of die jong lote met 'n stomp snoeimes seermaak, of stamme van wilde-olyf tussen hulle plant nie. Want dikwels val daar 'n vonk van onverskillige herders af, wat eers skelmpies onder die olieryke bas skuil en die hout pak. Dan sluip hy uit na die hoë blare en laat 'n geweldige geknetter die hemel in styg. Vandaar storm hy as oorwinnaar deur die takke heen en heers oor die hoë kruine. Hy hul die ganse woud in vlamme, en dig van pikagtige rook skiet hy 'n swart wolk na die hemel op, veral as 'n storm uit die hoogte op die bosse neergestort het en die wind die vlamme aanwaai en oopenhoop. Wanneer dît gebeur, het hulle geen krag in hul stam nie, en as hulle afgekap word, kan hulle nie herstel of weer uit die bodem van die aarde groen uitbot tot dieselfde plante wat hulle was nie: alleen die onvrugbare olienhoutboom met sy bitter blare oorleef dit.

En laat geen raadgewer, hoe slim ook al, jou ompraat om die verstyfde grond om te spit wanneer die Noordewind waai nie. Dan sluit die winter die lande met sy ryp, en wanneer die jong plant ingesit is, laat hy nie toe dat dit sy bevrore wortel in die aarde vasslaan nie. Die beste uitplanttyd vir wynstokke is wanneer die wit voël, gehaat deur die lang slange, in die bloesende lente opdaag, of vlak voor die eerste herfskoue wanneer die versengende Son nog nie die winter aanraak met sy perde nie en die somer reeds aan die verbygaan is. Die lente is by uitstek dienstig vir die lower van die woude, ja, dienstig is die lente vir die bosse. In die lente swel die grond en roep om lewegewende saad. Dan daal die Hemel, die almagtige vader, met bevrugte reëns in die skoot van sy verheugde gemalin¹⁰ neer, en voed elke gewas wanneer hy in al sy mag met haar magtige liggaam verenig. Dan weerklink die afgeleë ruigtes van welluidende voëls, en seek die kuddes op vasgestelde dae opnuut na Liefde. Die milde aarde bring voort, en by die louwarm briesse van die Westewind open die velde hul skoot. Sagte vog is in alles oorvloedig aanwesig, en die gras durf hulle met veiligheid aan die

nuwe sonne^{1 1} toevertrou. Die wingerdrank vrees ook nie die opstekende Suidewinde of die reënbui wat deur sterk Noordewinde uit die hemel neergedryf is nie, maar stoot sy botsels uit en ontvou al sy blare.

Dae soos die, sou ek glo, het by die vroegste ontstaan van die wêreld in wording aangebreek, en net so het hulle verloop. Lente was dit toe, die groot aarde het lente gevier, en die Oostewinde het hulle wintervlae weggehou toe die eerste vee die lig ingedrink, en die ystersterk geslag van helde hul kop uit die harde velde uitgesteek het, toe wilde diere in die bosse, en sterre in die hemel losgelaat is. En tere dinge sou hierdie inspanning nie kon verduur het as daar nie so 'n lang verposing tussen die koue en die hitte gekom, en milde weer nie die aarde oorgeneem het nie.

340

En laastens, watter steggies jy ook al in jou lande plant, bestrooi dit met ryk mis, en moenie vergeet nie, bedek dit met 'n dik laag grond: of spit sandsteen of growwe skulpe by hulle in. Want die water sal daartussen deursypel, 'n ligte luggie sal binnesluip en die plante sal moed skeep. Voorheen is daar al mense gevind wat die plante met klippe en baie swaar potskerwe toegepak het : dit is beskerming teen stortreëns, dit wanneer die hittebringende Hondster die lande, gapend van dors, laat oopbars.

350

Wanneer die jong wingerdstokkies uitgeplant is, bly daar vir jou nog die taak oor om die grond gedurig om die wortels los te woel en die harde tweetandskoffelpik te swaai, of om die bodem onder die ingedrukte ploegskaar te bewerk en jou beurende bulle selfs tussen die wingerdrye te laat draai. Dan is dit jou taak om gladde riete en stokke met afgeskilde bas, en eshoutpale en stewige mikke in te plant, sodat die wingerdstokke op hulle krag kan steun en gewoonde kan raak daaraan om die winde te minag en van die een verdieping na die ander tussen die olmtoppe op te rank.

360

En terwyl hul prille jeug met nuwe blare opgroei, moet jy versigtig wees met die tenger plantjies, en solank die loot met vrye teuels deur die helder lug uitskiet en hom met blydskap na die briese verhef, moet jy die plantjies self nog nie met die skerpte van die snoeimes aanpak nie, maar die blare met ge-

kromde vingers afpluk en hier en daar uitdun. Daarna, wanneer hulle reeds met sterk stamme die olmbome omhels en boontoe klim, top dán hulle lokke, snoei dán hul arms – voordat hulle vir die mes terugdeins – voer dán uiteindelik 'n streng heerskappy en betueel die golwende ranke. 370

Jy moet ook heinings vleg en jou hele kudde weghou, veral solank die blaar nog jonk is en niks van swaarkry weet nie. Behalwe wrede winters en die felle son, verniel die wilde oeros^{1 2} en graag-knabbelende reebokooie dit gedurig, en vreet skape en gulsige koeie dit af. Geen koue, verstyf van wit ryp, of somerhitte wat swaar op dorre kranse lê, het soveel skade daaraan gedoen as daardie kuddes en die gif van hulle skerp tande en die littel en wat deur hul byt op die stam ingegrif is nie. Vir geen ander sonde word 'n bok op alle altare tot eer van Bacchus geslag, verskyn ou toneelstukke op die verhoog, het die nageslag van Theseus^{1 3} oral in hul dorpies en by die kruispaaie belonings vir talentvolle geestigheid ingestel, en tussen bekere wyn vreugdevol in die sagte velde op oliegedrenkte sakke gebokspring nie. Ook die Italiaanse boere, 'n volk van Troje af gestuur, vermaak hulself met primitiewe verse en skaterlag, sit grieselrige mombakkiese van uitgeholde boombas op, roep u, o Bacchus, met vrolike liedjies aan, en hang sagte wasmaskers tot u eer aan 'n hoë den op. Ten gevolge hiervan word elke wingerd met 'n oorvloedige opbrengs ryp, en kom hol valleie en bodemlose bergweides en elke plek waarheen die god sy edele hoof gedraai het, tot volheid. Daarom sal ons op paslike wyse aan Bacchus sy besondere eer betoon in die liedjies van ons vaderland, en offerskottels en -koeke bring; daarom sal die gewyde bok, aan die horing gelei, voor die altaar staan, en sal ons die vet hartslag aan braaispitte van haselhout braai. 380

Die verbouing van die wynstok het ook nog hierdie ander taak waarmee nooit klaargekry word nie. Want al die grond moet jaarliks drie- of viermaal oopgeklouf, die kluite moet onophoudelik met omgekeerde tweetandskoffelpikke stukkend geslaan, en die hele woud moet van sy blare verlig word. Boere se werk kom weer, want dit word in 'n sirkelgang voortgedryf, en die jaar rol op sy eie spore in homself terug. En dadelik, telkens wanneer die wingerd sy laaste blare laat val en die koue Noordewind die woude se skoonheid van hul afgeskud het, dadelik brei die flukse boer sy sorge dan na die komende jaar toe uit, val 390

die wynstok wat aan homself oorgelaat was met Saturnus se krom snoeimes aan, sny hom terug en gee hom vorm met die snoei.

Wees jy die eerste wat jou grond omspit, die eerste wat die snoeisels uitry en verbrand, en die eerste wat jou stutpale onder dak bring: maar jy moet laaste oes. Tweemaal neem die skaduwee oor jou wingerd toe, tweemaal oortrek onkruid jou land met digte doringstruike. Albei is harde werk: prys groot plase, maar bewerk 'n kleintjie. Oral in die bos word daar ook nog ruwe lote van die braambos, en rivierriet op die oewers gekap, en die versorging van die wildewilger hou jou gedurig besig. Nou is die wynstokke opgebind, nou lê die wyngaard die snoeimes neer, nou sing die laaste wingersnoeier van sy afgehandelde rye. Jy moet egter die grond omspit en stof laat trek, en ter wille van jou reeds rypgeworde druiwe bang wees vir Jupiter se reëns. 410

Olywe, daarenteen, het geen versorging nodig nie, en hulle wag nie op die die krom snoeimes en stewige skoffelpikke as hulle eers eenmaal aan die velde vasgeklou en die winde getrotseer het nie. Die aarde self lewer voldoende vog vir die plante as dit met die krom tand van die skoffelpik losgekap, en 'n swaar vrugtedrag as dit met die ploegskaar oopgebreek word. Op hierdie wyse moet jy die vet olyf wat vir Vrede behaaglik is, kweek. 420

Ook vrugtebome, sodra hulle hul sterk stamme bemerk het en hulle eie krag besit, beur met kenmerkende mag ylings na die sterre en het ons hulp nie nodig nie. En intussen word elke woud net so vinnig swaar van vrugte, en die onbeboude verblyfplekke van die voëls bloos van bloedrooi bessies. Die lusern word afgewei, die hoë bos verskaf dennehoutfakkels, die nagtelike vure word gevoed, en versprei hulle lig. En weifel mense dan nog om te plant en sorg te bestee? Waarom sou ek 'n relaas van groter dinge gee? Wilgerbome en nederige bremstruike – dis hulle wat òf blare aan die kudde verskaf òf skaduwee aan die herders, en 'n heining vir gesaaides en voedsel vir heuning. Dis 'n genot om Cyturusberg, golwend van bukshoutbome, en die woude van Naryciaanse denne te aanskou! Dis 'n genot om velde te sien wat niks aan skoffelpikke, niks aan enige sorg van mense verskuldig is nie. Sels die onvrugbare bosse op Kaukasusberg se kruin, wat die woedende Oostewinde gedurig breek 440

en buig, lewer elk na eie aard sy opbrengste, lewer nuttige timmerhout: dennebome vir skepe, die seder en sipresse vir huise. Hiervan draai boere speke vir wiele, hiervan speeklose wiele vir waens, en lê hulle breë kiele vir skepe. Wilgerbome is ryk aan bindlatte, olms aan blare, maar die mirt en die kornoelieboom aan sterk spiesskagte, nuttig in oorlog, terwyl taksisbome tot Ituraeiese^{1 4} boë gebuig word. Ook gladde lindebome, of bukshout wat op die draaibank gepolys is, neem vorm aan en word deur die skerp beitel uitgehol. En ook die ligte elsboom word op die Po gestoot en swem deur sy onstuimige golwe: en bye verberg hul swerms in hol boombas en in die buik van 'n halfvergane steeneik. Wat het Bacchus se gawes opgelewer wat ewe noemenswaardig is? Bacchus het selfs al aanleiding gegee tot vergryp: dis hý wat die rasende Sentoure met die dood getem het – Rhoecus en Pholus, en Hylaeus wat die Lapithae met 'n yslieke mengvat dreig.

450

O gelukkige boere, alte gelukkig as hulle hul seëninge sou ken! Ver van twistende wapens af skink die allerregverdigste aarde ongevraag vir hulle 'n maklike leeftog uit sy grond. Al braak geen rysige woning met 'n trotse ingang smôrens vir hulle 'n geweldige stroom vleiërs uit al sy sale nie, en al gaap hulle nie deure aan wat met pragtige skilpaddop ingelê is, of klere, verbeeldingryk met goud opgesmuk, of Korinthise bronswerke nie; al word hul wit wol nie met Assiriese gifstof gekleur, en hul gebruik van helder olyfolie nie met kaneel bederf nie, is daar tog vir hulle onbekommerde rus, en 'n lewe wat bedrog nie ken nie maar ryk is aan skatte van allerlei soort. Ja, vir hulle is daar ontspanning op die uitgestrekte velde, is daar grotte en natuurlike mere, koel valleie en die gebulk van beeste, en soete slaap onder 'n boom. By hulle is daar bergweides en die skuilplekke van wilde diere; 'n jeug wat teen werk gehard is en gewoon om met baie min klaar te kom, aanbidding van die gode en eerbied vir die vadere; by hulle het Geregtheid haar laaste spore getrap toe sy van die aarde vertrek het.

460

470

Maar laat die Muses, dierbaar bo alles, hulle wie se heilige kentekens ek dra – want ek is getref deur 'n magtige liefde – my allereers by hulle verwelkom en my die hemelbane en die sterre, en die verskillende sons- en maansverduisteringe toon; waar aardbewings vandaan kom; van welke mag die diep seë swel, hul versperrings verbreek en weer in hulself terugtrek;

480
 waarom die wintersonne hul so erg haas om in die Oseaan in te duik, of watter oponthoud die langsame nagte in die weg staan. Maar as die koue bloed om my hart verhoed dat ek hierdie terreine van die natuur kan bereik, laat die velde en die vloeiende strome in die dale my dan bekoor, laat my roemloos riviere en bosse liefhê. O daar waar die vlaktes en die Spercheusrivier lê, en Taygetus waarop Spartaanse meisies Bacchusfeeste vier! O mag daar tog iemand wees om my in die koel valleie van die Haemus neer te lê en met 'n magtige skaduwee van takke te beskut!

490
 Gelukkig is hy wat die oorsake van dinge kon deurgrond, en alle vrees en die onverbiddelike noodlot en die gedruis van die gierige Onderwêreld onder sy voete vertrap het. Gelukkig is ook hý wat die landelike gode ken: Pan, die ou man Silvanus, en die Nimfe-susters. Vir hom beïnvloed die roedebundels van die volk nie, nie die purper van konings en die twis wat trouelose broers teen mekaar aanhits nie. Ook nie die Daciër wat van die saamgeswore Donou af neerstorm, of die mag van Rome, of koninkryke wat bestem is om onder te gaan nie. Hý ken nie pyn wat spruit uit jammerte vir die arm man nie, en hy beny nie die man wat iets besit nie. Hy pluk die vrugte wat die takke, wat die velde self gewilliglik uit eie beweging dra. Ysterharde wette, die waansinnige markplein, of die volksargiewe sien hy nie. Ander bring onbekende seë met roeispane in beroering, storm op die swaard af en dring die paleise en voorhowe van konings binne. Die een val 'n stad en sy arme huisgode met verdelging aan, sodat hy uit 'n juweelbesette drinkbeker mag drink en op Tiriese purper mag slaap. 'n Ander vergaar skatte en broei op goud wat hy begrawe het; die een gaap die sprekerstoel verbluf aan; die applous van die volk en senatore wat weer en weer tussen die blokke sitplekke dawer, voer 'n ander een verbluf mee. Dis hul vreugde om van broederbloed deurdrenk te wees, en hulle verruil hul huise en dierbare haarde vir ballingskap en soek 'n vaderland wat onder 'n vreemde son geleë is.

500
 510

Intussen het die boer die aarde met sy gekromde ploeg omgewoel: dît is sy werk van die jaar, dááruit onderhou hy sy vaderland en sy ou klein kindskindertjies, daaruit sy beeskuddes en troue bulle. Sonder verposing lewer die jaar 'n oorvloed van ôf vrugte ôf jong vee, ôf gerwe van Ceres se koringhalms, en hy oorlaai die ploegvore met sy opbrengs en oorwin die skure. Die

winter kom: Sicyon se bessie⁵ word in die olieperse gepars, die varke keer vet van die eikels terug, en die woude lewer wildearbeie. Ook die herfs lewer verskillende vrugte, en hoog teen sonbestraalde kranse word die wynoes ryp gebak. Intussen hang sy liewe kinders om sy soentjies, sy kuise huis bewaar sy reinheid, die koeie laat sak hul melkge vulde uiers, en op die geil gras stoei die vet bokkies met hul horings teenmekaar. Die boer self bring die dae feestelik deur, en uitgestrek op die grasperk, wanneer 'n vuurtjie in hul midde brand en sy vriende die mengvate omkrans, bring hy 'n plengoffer en roep u aan, Lenea⁶, en stel vir die veewagters wedstryde met die gevleuelde jagspies in die olmboom op, of hulle ontbloot hul uiters gearde lywe in die landelike stoeikryt. 520

Hierdie lewe het die ou Sabyner eertyds gelei, hierdie lewe Remus en sy broer. So, gewis, het dapper Etrurië in mag toegeneem, het Rome die skoonste stad ter wêreld geword en met 'n muur haar sewe heuwels saam omring. Selfs nog voor die heerskappy van die koning⁷ van Dicte, en voordat 'n goddelose ras feestelik gesmul het aan geslagte bulle, het goue Saturnus hierdie lewe op die aarde gelei toe mense ook nog nie gehoor het dat 'n krygsbasuin geblaas word nie, nog nie dat swaarde kletter waar hulle op harde aambeelde geplaas is nie. 530

Maar ons het 'n vlakte, ontsaglik in sy uitgestrektheid, oorgesteek, en nou is dit tyd om ons perde se dampende nekke af te toom. 540

Georgicon III: Veeboerdery

Ook u sal ek besing, grote Pales, en vir u, beroemde herder¹ van Amphrysus, en vir julle, bosse en strome van Lycaeus. Ander temas wat sorgvrye harte met poësie sou kon boei, is almal reeds holrug gery. Wie ken nie die wrede Eurystheus of die vervloekte altare van Busiris nie? Deur wie is die seun Hylas, Delos van Latona, Hippodame, of Pelops wat die oog vang met sy ivoorskouer en onverskrokke met perde is, nie besing nie? Ek moet 'n pad probeer waarlangs ek my ook van die aarde af sou kon lig en seëvierend op die lippe van mense kon rondvlieg.

Ek sal die eerste wees, as daar maar net lewenstyd oorbly, wat by my terugkeer na my vaderland die Muses triomfantelik van die Aoniese kruin² af saambring; die eerste, Mantua, wat vir jou die palms van Idumaea terugbring, en op die groen vlakke 'n marmertempel by die water oprig, waar die geweldige Mincius met langsame kronkelings dwaal en sy oewers met malse riet omsoom. In die middel sal my Caesar staan, en hy sal die heiligdom bewoon. Tot sy eer sal ek, opvallend in Tiriese purper, 'n honderd vierspanstrydwaens seëvierend langs die rivier dryf. Vir my sal die ganse Griekeland die Alpheus en die bosse van Molorchus verlaat, en in naellope en met rou-vel bokshandskoene meeding. Ek self, my hoof met bygeknipte olyfblare versier, sal die offergeskenke bring. Reeds nou al is dit 'n vreugde om plegtige optogte na die heiligdom te lei en die geslagte bulle te aanskou; of om te sien hoe die agtergrond uiteengaan as die sytonele omgeswaai word, en hoe die ingeweefde Britte die purper gordyne optrek. Op die deure sal ek

10

20

die geveg van die Gangaride, die wapens van die seëvierende Quirinus in goud en massiewe ivoor uitbeeld; daarop ook die Nyl wat van oorlog dein en in volle vloed stroom, asook suile wat met brons van skepe in die lug oprys. Daarby sal ek die verowerde stede van Asië en die verslane Niphates³ voeg, en die Parth wat staatmaak op vlug en pyle wat na agter afgeskiet word; ook die twee trofeë wat met geweld aan vyande, ver van mekaar, ontruk is, en die volke aan elk van die twee kuste oor wie daar tweemaal getriomfeer is. Daar sal ook werke van Pariese marmer staan – beelde wat asemhaal : die nakroos van Assaracus, die name van 'n geslag wat uit Jupiter stam, vader Tros, en die Cynthiër,⁴ stigter van Troje. Heillose Afguns sal die Furieë en die grimmige stroom van die Cocytus vrees; ook Ixion se deurvlegte slange en vreeslike wiel, en die onoorwinlike rotsblok.⁵

30

Laat ons intussen die woude en ongerepte dale van die Dryades⁶ volg – geen maklike opdrag van u nie, Maecenas! Sonder u begin my gees niks verhevens nie. Nou kom dan, weg met die trae getalm! Cithaeron, die honde van Taygetus, en Epidaurus, temster van perde, roep ons op met luide geskree, en dawerend weerklink die geroep, verdubbel deur die instemming van die woude. Tog sal ek my weldra omgord om van Caesar se vurige gevegte te sing, en om sy naam in gerug deur soveel jare heen te dra as wat Caesar van Tithonus se vroegste oorsprong af verwyder is.

40

Of iemand nou uit bewondering vir die prys van die Olimpiese palm perde teel, en of iemand bulle, sterk vir die ploeg, grootmaak, hy moet veral die moers se bou uitkies. Die beste bou is die van 'n trots-oog koei met 'n lelike kop en 'n baie dik nek, en waarvan die keelvelle van die kaak tot op die bene hang. Daarbenewens het haar lang flank geen perk nie: alles is groot, selfs die poot en die harige ore onder die krom knyphorings. En ek sou ook van een hou wat met wit spikkels die aandag trek, of wat die juk weier en soms woes is met die horing, en wat haar gesig betref, meer na 'n bul lyk; een wat in die geheel hoog staan, en as sy stap, met die punt van die stert oor haar spore vee. Die ouderdom om moederskap en regmatige huwelik te ervaar, hou voor die tiende jaar op, en begin na die vierde. Die res van haar lewe is sy nie geskik vir aanteel, en ook nie sterk vir die ploeg nie. Intussen, solank die blye jeug nog oorvloedig in

50

60

die kuddes aanwesig is, moet jy die bulle loslaat; wees jy die eerste om jou vee te laat paar, en lewer die een kalweroes na die ander deur teling. Al die beste dae van die lewe vlieg vir arme sterweling die eerste verby; siektes en droewe ouderdom en ellende sluip nader, en die meedoënloosheid van die wrede dood raap hul haastig weg. Daar sal altyd diere wees waarvan jy die bou sou wil verander : in ieder geval moet jy hulle altyd vernieu, en om te voorkom dat jy later terugverlang na wat jy verloor het, moet jy vooraf stappe doen en jaar na jaar jong diere vir jou kudde uitkies. 70

Dieselfde keuring is ook nodig vir 'n perdetrop. Jy moet net aan dié wat jy sal besluit om tot hoop van jou stoet groot te maak, reeds van baie jonk af besondere sorg bestee. 'n Vul uit 'n edel geslag trap van die staanspoor af hoër in die velde en plaas sy pote liggies neer. Hy het die durf om voor te loop, dreigende strome te trotseer, hom aan 'n onbekende brug toe te vertrou, en hy skrik ook nie vir niksseggende geluide nie. Sy nek staan hoog, sy kop is fynbesnee, sy buik kort, sy rug breed, en sy fiere bors bult weelderig van die spiere. Die goeie perde is die vosse en blouskimmels; wittes en liggéles het die swakste kleur. En dan, as wapens in die verte gekletter het, kan hy nie stilstaan nie. Hy spits sy ore en bewe in sy ledemate; hy snork⁷ en laat sy versamelde vuur onder sy neusgate rol. Sy maanhaar is ruig, en as hy dit gegooi het, golf dit op sy regterblad neer; tussen sy lendes loop die ruggraat dubbelbreed, hy hol die grond uit, en sy hoef van stewige horing dreun diep. So 'n perd was Cyllarus wat deur Pollux van Amyclae se teuels getem is, en dié waarvan die Griekse digters melding maak: die tweespan van Mars en die span van groot Achilles. En so het Saturnus self, flink by die aankoms van sy vrou, sy maanhaar oor sy perdenek gegooi en in sy vlug die hoë Pelion met 'n skril gerunnik vervul. 80

Ook wanneer 'n perd agteruitgaan, verswak deur siekte of reeds alte traag van die jare, moet jy hom op stal weghou en sy nare ouderdom nie verskoon nie. 'n Ouerige perd is koud vir paring en vervul langsaam en vergeefs 'n ondankbare taak. En as dit die slag tot 'n geveg gekom het, woed hy vergeefs, soos 'n groot vuur soms kragteloos in stoppels brand. Jy sal dus veral let op vurigheid en jeugdigheid; daarna op ander deugde, die afstamming van sy ouers, hoe groot elkeen se verdriet is na 'n neerlaag en hoe groot die trots op 'n oorwinning. 90

Sien jy dan nie, wanneer renwaens in 'n halsoorkop wedstryd oor die vlakke weggesnel het en in 'n stroom van die slagboom af storm, wanneer die jong drywers se hoop styg en polsende vrees hul bonsende harte vermoei nie? Met kronkelende sweep jaag hulle voort, leun vooroor en gee teuel; woes vlieg die warm wiel voort. Die een oomblik laag gebuk, die ander oomblik hoog opgerig, lyk dit of hulle deur die leë lug sweef en na die hemel opstyg. Geen oponthoud, geen rus is daar nie, maar 'n wolk geelbruin stof slaan op, en hulle word nat van die skuim en asem van die agtervolgende perde : so sterk is hul begeerte na roem, soveel waarde heg hulle aan oorwinning.

110

Erichthonius het dit eerste gewaag om vier perde voor 'n renwa te span en in volle vaart as oorwinnaar oor die wiele te staan. Die Lapithae van Pelethronium⁸, op die perd se rug geplaas, het ons die toom en draaibewegings gegee, en die ruiter geleer om in volle wapenrusting sekelnek oor die grond te trippel en sy trotse pas met gekromde voorpote uit te voer. Albei take⁹ is ewe swaar, en afrigters soek eweseer 'n jong dier uit wat vurig van gees en kragtig in die hardloop is, al het die ander¹⁰ een al dikwels die vluggende vyand voor hom uit gedryf, en noem hy Epirus of magtige Mykene sy vaderland en spoor hy sy ras uit Neptunus¹¹ se afkoms self na.

120

Wanneer telers aan hierdie aspekte aandag gegee het, laat hulle, wanneer die regte tyd nader, geen steen onaangeroer nie en bestee alle sorg daaraan om die een wat hulle as leier gekies en as hings vir die trop aangestel het, met stewige vet uit te vul. Hulle sny vir hom gras in blom en verskaf vars water en koring, sodat hy opgewasse kan wees vir sy aangename taak, en swak vullens nie hul vaders se maerheid weergee nie. Hulle maak egter juis die merries doelbewus maer deur uithongering en wanneer die reeds bemerkte wellus die eerste paring ontlok, gee hulle nie bladvoer nie en hou die diere van die waterbronne af weg. Dikwels gee hulle hul ook oefening met hardloop en put hulle uit in die son, terwyl die dorsvloer swaar onder die getrapte koring kreun en die leë kaf teen die opstekende Westewind in opgegooi word. Dit doen hulle om te voorkom dat die bruikbaarheid van die teelakker nie van alte groot weelde effens afgestomp sal wees en die trae vore laat toeslik nie, maar dat dit die saad dorstig sal aangryp en diep binne in hom bêre.

130

Dan weer, begin die versorging van die vaders af te neem en dié van die moeders die plek daarvan in te neem. Wanneer hulle maande voltooï is en hulle swaar dragtig rond dwaal, moet niemand hul toelaat om die jukke van swaar waens te trek, of oor 'n pad te spring, of in vurige vlug oor die weivelde te hardloop, of meesleurende riviere in te swem nie. Hulle laat hul in oop bergweides en langs vol riviere wei waar daar mos is en die oewer die groenste van die gras, waar grotte skuiling kan bied en die skadu van die krans uitgestrek kan lê.

140

In die omgewing van die Silaruswoude en Alburnusberg, groen van die steeneike, swerm daar 'n gevleuelde insek waarvan die Romeinse naam "asilus"^{1 2} is – die Grieke het dit vertaal en noem hom "oestrus" – 'n kwaai ding wat venynig gons en waarvoor hele kuddes doodverskrik in alle rigtings deur die bosse vlug. Geskok deur hul gebulk daver die lug waansinnig, en ook die woude en die oewers van die dorre Tanager. Met hierdie gedrogtelike ding het Juno eens op 'n tyd haar afgryslike woede botgevier toe sy 'n plaag bedink het vir Inachus se versdogter.^{1 3} Hierdie ding – want in middaghitte val hy venyniger aan – moet jy van dragtige vee af weghou en jou kudde pas na sonsopkoms laat wei, of wanneer die sterre die nag aanbring.

150

Nadat die koeie gekalf het, word alle sorg op die kalwers oorgedra. Sonder uitstel brand hulle die merk en naam van die ras in, en merk dié wat hul wil grootmaak vir die behoud van die kudde, of heilig wil bewaar vir die altare, of wil hê om die aarde oop te kloof en die vlakke om te keer dat dit hobbelrig lê van die opgebreekte kluite. Die res van die kudde wei in die groen gras, maar dié wat jy vir plaasbelange en plaasgebruik gaan oplei, moet jy reeds as kalwers aanmoedig en die weg van makmaak betree, terwyl die jong diere se aard nog meegaande, terwyl hul leeftyd nog buigsam is. En heel eerste moet jy lospassende halters van slanke wilgerlat om hul nekke bind. Daarna, wanneer hul vrye nekke aan diensbaarheid gewoon geraak het, koppel jy hulle in pare wat juis aan die halsbande aanmekaar vasgemaak is, en dwing jy die bulletjies om langs mekaar te loop. En laat hulle nou reeds dikwels lê karre oor die aarde trek en hul spore op die stof se oppervlakte intrap. Daarna moet die as van beukehout onder 'n swaar gewig beur en kraak, en moet die bronsbeslane disselboom die paar wiele trek. Intussen sal jy vir hul ongetemde jeug nie net gras, skraal wilgerblare en moerasriet

160

170

met die hand afpluk nie, maar ook jong koring. En jou kalwerkoeie sal ook nie volgens die gebruik van ons voorvaders die sneeuwit melkemmaers vul nie, maar hul uiers ten volle aan hul dierbare kroos bestee.

Maar as jou belangstelling eerder na oorlog en woeste ruiterskadrons neig, of om op wiewe langs Pisa se Alpheusstrome voort te gly en jou vliegende strydwa in Jupiter se heilige woud te dryf, dan is jou perd se eerste taak om die strydslus en wapens van die krygers te aanskou, trompetgeskal te verduur, die gekreun van die voortgesleurde wiel te verdra, en die rinkelende tooms in die stal te hoor; daarna, om hom meer en meer te verbly in sy afrigter se strelende lof, en om van die geluid te hou as sy nek geklop word. En laat hom hierdie dinge waag sodra hy van sy moeder gespeen is, en laat hom nou en dan sy neus in sagte halters steek, selfs as hy nog swak en bewend, selfs nog onbekend met die lewe is. Maar as drie somers verby is en die vierde breek aan, moet hy spoedig in die sirkelbaan begin draf, sy hoewe met ritmiese treë laat klap, sy bene om die beurt in boë krom, en lyk soos een wat hard werk. Dan, ja, dan moet hy die winde met sy vaart uitdaag, asof vry van teuels oor die oop vlaktes vlieg, en sy spore nouliks op die sand se oppervlakte afdruk — soos wanneer 'n hewige Noordewind van Hyperboreïese^{1 4} kuste af neergestort het en Skithië se storms en waterlose wolke voor hom uitsprei; dan sidder die hoë graan en watervlaktes onder sy ligte vlagies, die boomtoppe ruis, en lang golwe stu na die strande; maar hý kom aangevlieg en skeer in sy vlug tegelyk oor velde en seë heen. So 'n perd sal òf by die draaipunte en reuserondtes van Elis se renbaan sweet en bloederige skuim uit sy bek laat drup, òf met soepel nek Belgiese strydwaens beter trek. Eers dan op langelaas, wanneer hulle reeds klaar getem is, moet jy hulle toelaat om van growwe voer groot van lyf te word; want voor die inbreek sal hulle geweldige trots aan die dag lê en as hulle gevang word, weier om die kronkelende sweepslae te duld en die wrede wolfsgebitstange te gehoorsaam.

Maar geen ywerige sorg verstewig hul kragte meer as om die liefde en die prikkels van blinde wellus van hulle af weg te hou nie, of die hantering van beeste nou vir 'n mens aangenamer is, of die van perde. Daarom verwyder telers die bulle ver na eensame weides agter 'n bergversperring en oorkant breë riviere,

of hou 'n oog oor hulle waar hulle in stalle by goedgevulde krippe opgesluit is. Want net deur haar te sien, put die vroulike dier hul kragte langamerhand uit en verteer dit, en met haar soete verlokkinge laat sy hul gewis nie toe om aan die bosse of gras te dink nie, en dwing dikwels die trotse minnaars om die saak onderling met die horings uit te spook. In die groot woud van Sila wei sy, 'n pragtige vers: met groot geweld knoop die bulle beurtelings gevegte aan, gepaard met talle wonde; donker bloed stroom oor hul lywe, en met luide gebrul word die gerigte horings na die beurende teenstanders gedryf; die bosse en uitgestrekte Olympus weelgalm. 220

Dis nie die gewoonte dat teenstanders saam op stal staan nie, maar een van die twee gaan oorwonne weg en leef as balling ver aan onbekende strande. Hewig steun hy oor sy skande, oor die stote van die trotse oorwinnaar, en oor die liefde wat hy ongewreek verloor het; en met 'n blik na sy stal verlaat hy sy voorvaderlike ryk. Daarom oefen hy sy kragte met alle sorg, lê volhardend^{1 5} op 'n ongespreide bed tussen harde rotse, en leef van stekelrige blare en skerpgepunte rietgras; hy stel homself op die proef, en al beurend teen 'n boomstam leer hy om sy woede in sy horings te werp. Hy daag die winde uit met sy stote, skop stof en lewer die voorspel tot die stryd. En dan, wanneer sy sterkte vergader en sy kragte herstel is, dra hy sy vaandels vooruit en storm blindelings op die vyand af wat hom al vergeet het: soos wanneer 'n golf in die middel van die see wit begin opskuim en sy gewelfde massa van verder terug uit die diepsee trek; terwyl hy landwaarts rol, dreun hy donderend oor die rotse en stort vooroor, so groot soos 'n berg self; maar van onder af bruis die water in kolke op en slinger die swart sand die hoogte in. 240

Ja, elke ras van mens en wilde dier op aarde, en elke ras van die see, vee en helderkleurige voëls, storm die waansinnige vuur in: die liefde werk by almal eenders. Op geen ander tydstip vergeet die leeuwyfie haar welpies en dwaal kwaaiër op die vlaktes rond, of saai die wanstaltige bere soveel dood en slagting orals in die bosse nie. Dan is die wildevark woës, dan is die tierwyfie op haar gevaarlikste. Ag, sleg is dit dan om in die eensame velde van Libië rond te dwaal! Sien jy dan nie hoe 'n siddering die perd se hele lyf deurtril, as die reuk maar net die bekende briese na hom gebring het nie? En nou hou die ruiters se teuels hulle nie teë, 250

ook nie wrede sweepslae nie, en geen rotse of uitgeholde kranse of versperrende riviere wat berge oorval en voortwentel in hul deining nie. Selfs die Sabyne swyn storm voort, slyp sy tande en woel met sy poot die grond voor hom om. Hy skuur sy sye teen 'n boom, en aan alle kante hard hy sy blaaië teen wonde. Wat van die jongeling^{1 6} in wie se gebeente die wrede liefde 'n groot vuur aanblaas? Laat in die donker nag swem hy immers deur die seestraat, onstuimig van losbarstende storms. Bokant hom donder die ontsaglike hemelpoort, en die golwe gebeuk teen die kranse, weergalm. Sy bedroefde ouers kan hom nie terugroep nie, en ook nie die meisie wat boonop 'n wrede dood sal sterf nie. Wat van Bacchus se gespikkelde rooikatte, en die wrede geslag van wolwe en honde? Wat van die gevegte wat vredeliewende herte voer?

260

Ongetwyfeld is merries se raserny die opvallendste van alles. Venus self het hulle die hartstog geskenk toe die vierspan van Potniae Glaucus se ledemate met hulle kake verskeur het. Vir hulle lei die liefde oor Gargara en oor die donderende Ascanius; hulle loop oor berge en swem deur riviere. En sodra die vlam aan hul hunkerende murg gelê is – merendeels in die lente, want in die lente keer die hitte in hul gebeente terug – dan staan hulle almal op die hoë rotse, hul koppe na die westewind gedraai en snuif die ligte briesies op. Dikwels – wonderbaar om te vermeld – raak hulle sonder enige paring dragtig van die wind, en vlug in alle rigtings oor rotse en kranse en deur diep dale, nie na jou opkoms nie, Oostewind, en ook nie na die son s'n nie, maar na die Noorde en die Noordweste, of na die oord vanwaar 'n pikswart Suidewind opsteek en die hemel met reënerige koue versomber. Dan, en dan alleen, drup daar uit die lies 'n taai slym wat die herders met die paslike naam "perdewaansin" noem – iets wat bose stiefmoeders dikwels versamel en met kruie en dodelike towerspreuke meng.

270

280

Maar intussen snel die tyd verby, snel dit onherroeplik verby terwyl ons, aangegryp deur liefde vir ons tema, elke afsonderlike aspek in besonderhede beskryf. Vir grootvee is hierdie genoeg: die tweede deel van my taak bly nog oor – om wollige kuddes en ruigharige bokke aan te jaag. Hier is werk; hieruit, stoere boere, moet julle hoop om roem te verwerf. En ek het geen twyfel in my gemoed oor hoe moeilik dit is om dié dinge in woorde baas te raak en so 'n eer aan nietige sake toe te deel

290

nie, maar soete begeerte sleur my oor die verlate steiltes van Parnassus mee. Dis vir my 'n vreugde om met die bergruens langs te stap waar geen voorganger se pad met 'n sagte helling na Castalia¹⁷ afdraai nie. Nou, eerbiedwaardige Pales, nou moet ons uit volle bors sing.

Om mee te begin, verklaar ek dat skape hul hooi in aangename krale moet vreet totdat die lowerryke somer weldra terugkeer, en dat jy die harde grond onder hulle met baie strooi en bondels varing bedek, sodat die koue ys nie jou brose trop kwaad doen en vir hulle brandsiek of aaklige klouseer bring nie. En dan, om van hier af voort te gaan, beveel ek jou om jou bokke van genoeg aarbeiboomlote te voorsien en vars lopende water te verskaf, en die krale weg van die winde af, na die Suide gekeer, aan die winterson bloot te stel, wanneer die koue Waterdraer reeds sy reën aan die einde van die jaar laat stroom. 300

Ook die bokke hier moet ons nie met minder sorgsaamheid oppas nie, en hulle wins sal nie kleiner wees nie al word die wol van Miletus teen 'n hoë prys verhandel wanneer dit met Tiriese purper gekleur is. Van hulle kom daar 'n talryker nageslag, van hulle 'n ruim voorraad melk; hoe meer die emmer skuim wanneer die uier leeggemelk is, hoe oorvloediger sal die strome vloei as die spene weer gedruk word. Net so dikwels skeer mense intussen die baard en gryse kenne en ruie hare van die Cinypsrivier¹⁸ se bokke, vir die gebruik van leërkampe en as bedekking vir die arme matrose. Wat meer is, hulle wei in die bosse en op Lycaeus se kruine, en vreet stekelrige braambosse en kreupeelhout wat van steiltes hou; hulle onthou vanself om terug te kom huis toe en hulle lammers te bring, en vanweë hul swaar uiers kom hulle nouliks oor die staldrumpel. Daarom, hoe minder menslike sorg hulle nodig het, des te meer moet jy ys en sneeuwinde met alle ywer van hulle af wegkeer, en blymoedig vir hulle kos en takkiesvoer aandra en nie jou hooisolders die hele winter toesluit nie. 310

Maar voorwaar, wanneer die vreugdevolle somer terwyl die Westewinde nooi, albei¹⁹ troppe die bergweides en weivelde instuur, moet ons saam met die Môrester se eerste glans die koel velde bewei solank die oggend nog vars, solank die gras nog wit vertoon en die dou op die tere halm op sy lekkerste is vir die vee. Dan, wanneer die hemel se vierde uur die dors gebring het 320

en die klaende sonbesies die ruigtes met hul lied laat oopbars, sal ek die kuddes beveel om by putte of diep poele die water te drink wat in eikegeute vloei. Maar in die middaghitte sal ek hul beveel om 'n skaduryke dal uit te soek, êrens waar Jupiter se massiewe eikeboom, oud en kragtig, sy reusagtige takke uitsprei, of êrens waar daar 'n woud, donker van talryke steeneike, met heilige skaduwee uitgestrek lê. Ek sal jou aanraai om hulle dan weer helder water te gee en hulle weer tot sonsondergang te laat wei, wanneer die koue Aandster die lug matig, en die maan wat nou sy dou laat val die bergwoude verkwik, en die strande weerklink van die ysvoël, en die kreupelhout van die vink.

Waarom sal ek vir jou Libië se herders besing, waarom hulle weivelde en staanplekke wat in verspreide hutte bewoon word? Dikwels wei die kudde daar dag en nag, 'n hele maand lank sonder onderbreking, en trek dit die uitgestrekte woestyne in sonder enige onderdak: so 'n*ontslaglike vlakke strek daar uit. Die veeboer van Afrika neem alles met hom saam – sy hut, sy haar, sy wapens, sy Spartaanse hond, sy Kretensiese pylkoker – presies soos wanneer die flink Romein, toegerus met vaderlandse wapens, voortruk onder 'n haas te sware las, en voordat die vyand hom verwag, sy kamp klaar opgeslaan het en in slagorde aangetree staan.

340

Maar dis nie die geval waar die stamme van Skithië en die waters van Maeotis,²⁰ en die onstuimige Hister²¹ wat geel sand voortwentel, te vinde is nie, en waar Rhodope wat tot aan die middel van die noordpool uitstrek, suidwaarts terugbuig nie. Daar hou hulle hul kuddes in stalle opgesluit, en op die vlakke is geen gras, en aan die boom geen blare te sien nie. Maar wyd en syd lê die aarde vormloos met hope sneeu en hoë ys en verrys tot 'n hoogte van sewe el. Altyd is dit winter, altyd Noordwesters wat koue adem. Nooit ook verdryf die Son die bleek mistigheid nie, nie wanneer hy in sy perdekar ry en na die hoë hemel koers, en ook nie wanneer hy sy neerylende strydwa in die rooigekleurde watervlak van die Oseaan afspoel nie. Op die stromende rivier pak daar skielik yskorste saam, en reeds dra die water ysterbeslane wiele op sy rug – voorheen gasvry vir skepe, nou vir breë waens! Oral bars die brons, aangetrekte klere verys, en met byle kloof hulle die vloebare wyn. Damme verander heeltelmal in soliede ys, en 'n stekelrige yskeël word hard aan ongekamde baard.

350

360

Intussen val die sneeu onverminder uit die ganse hemel; die vee vrek, en groot lywe van beeste staan oortrek van die ryp. In 'n opeengedringde trop verstyf die herte onder die nuwe las, en steek skaars nog met hul horingspunte uit. Hulle jag die mense nie met honde wat op hulle losgelaat word, nie met enige jagtersnette, of terwyl hul sidder van angs vir die karmosyn veer nie, maar terwyl hulle vergeefs met die bors teen die sneeberg beur wat hul pad versper, dood hulle hul van naby met die swaard, vel hulle neer terwyl hulle benoud bulk, en dra hulle vrolik en onder luide gejuig huis toe. Die mense self lewe in uitgegraafde grotte diep onder die grond in kommerlose rus; hulle rol stapels stompe na die vuurherd toe en gooi hele olmbome in die vuur. Hier bring hulle die nag deur met spel, en vrolik boots hulle bekeryn na met bier en suur lysterbessies. Sodanig is die wilde menseras wat onder die sewe sterre van die Groot Beer in die verre noorde lê en deur die Riphaeïese Oostewind geboek word, en hulle liggame met geelbruin pelse van diere bedek.

As wol jou belangstelling is, dan moet daar allereers geen doringrige struikgewas of klitsgrasse of distels wees nie; vermy geil weilande, en soek van die staanspoor af wit kuddes uit met sagte wol. Maar al is jou ram self ook hoe wit, en hy het net 'n swart tong onder sy klam verhemelte, dan moet jy hom uitgooi om te voorkom dat hy die velletjies van die pasgebore lammers met donker vlekke besoedel, en kyk in die vol veld rond vir 'n ander een. Met so 'n sneeuwit geskenk van wol – as ons dit maar kan glo – het Pan, die god van Arkadië, vir u bekoor en bedrieg, o Maan, toe hy u die diep woude in geroep het; en u het hom nie versmaai toe hy roep nie.

Maar hy wie se hartsbegeerte melk is, moet self met eie hand lusern en volop heuningklawer en gesoute groenigheid na die krale toe aandra. Hiervan raak hulle liever vir die waterstrome, laat hulle hul uiers groter uitswel en bring 'n bedekte sout-smakie in die melk. Baie boere hou selfs die pasgebore boklammertjies van hul moers weg en heg ystermuilbande voor aan hul bekkies vas. Dit wat hulle met sonop en gedurende die ure van die dag gemelk het, pers hulle snags; wat hulle melk as dit reeds aand is en die son ondergaan, pers hulle teen ligdag: dit dra hulle in mandjies weg – die herder gaan dorp toe – of hulle smeer dit met 'n knypie sout in en bêre dit vir die winter.

En laat ook die versorging van jou honde nie by jou die laaste plek inneem nie, maar voer die vinnige Spartaanse welpies en die kwaai Molossers saam, met ryk wei. Met hulle as die wagters sal jy nooit 'n nagtelike dief in jou stalle, of strooptogte van wolwe, of ongetemde Spanjaarde agter jou rug vrees nie. Dikwels ook sal jy in volle vaart skrikkerige wilde-esels en die haas met jou honde jag; met jou honde op takbokooie jag maak. Dikwels sal jy wildevarke van hul rolplekke in die bos verjaag, hul met die geblaf van jou honde agtervolg en in verwarring bring, en met geskree die reusagtige hert oor die hoë berge na die nette toe dryf.

410

Leer ook om geurige sederhout in jou stalle te brand en gevaarlike waterslange met harsreuk te verdryf. Dikwels al het 'n adder, dodelik om aan te raak, onder verwaarloosde krippe geskuil, en doodbang die daglig ontvlug; of het 'n rinkals wat gewoonlik onder die dak se skaduwee inseil en gif sprinkel op die vee — smartlike plaag vir beeste — in die grond geboer. Gryp klippe in jou hand, gryp stewige stokke, herder, en vel hom neer as hy hom dreigend oprig en sy sissende keel opblaas! Vlugtend het hy nou reeds sy bang kop diep weggesteek terwyl die verstrengeling van sy middellyf en die wringing van die punt van sy stert verslap, en die laaste kronkeling langsame sirkels sleep. Daar is ook nog daardie dodelike slang in die bergwoude van Calabrië wat met bors omhoog sy skubbige lyf oprol, en oor sy lang pens met groot vlekke gespikkel is. Solank daar nog enige strome by hul bronne uitborrel, en solank die grond nog nat is van lenteklammigheid en reënbringende Suidewinde, boer hy by die kuile. Hy maak sy tuiste op die oewers, en onversadigbaar prop hy hier sy swart keel vol visse en praatsieke paddas. Maar nadat die moeras drooggebak is en die aarde van hitte oopbars, spring hy uit op die droë grond, rol sy vlamme oë en woed in die velde, sowel grimmig van die dors as hewig verskrik deur die hitte. Laat ek dan nie lus kry om heerlike slaap onder die blote hemel te geniet, of om in die gras op 'n beboste heuwelrug uitgestrek te lê nie, wanneer hy nuut vervel en blinkend van jeug voortkronkel, of sy kleintjies of eiers in sy nes agterlaat en hoog na die son opgerig met drievoudig gesplete tong flits.

420

430

Ek sal jou ook die oorsake en simptome van siektes leer. Afskuwelike brandsiek val die skape aan wanneer koue reën en die bibberende winter met sy wit ysige koue te diep in hul lewende

440

vleis bly sit het, of wanneer onafgewaste sweet aan hulle bly kleef nadat hulle geskeer is, en stekelige doringstruik hulle lywe gesny het. Daarom spoel die wagters die hele kudde met vars water af, en word die ram met druipnat wol in 'n stroom gedompel, en na hy losgelaat is, dryf hy stroomaf. Of hulle smeer die geskeerde lyf in met bitter oliemoer, en meng silwerskuim, natuurlike swawel, teer van die Idaberg, was wat ryk is aan olie, see-ajuin, sterk nieskruid en swart aardpik. Geen goeie raat vir hulle lyding is egter van groter onmiddellike hulp, as wanneer iemand in staat was om die bopunt van die sweer met 'n mes oop te sny nie. Die kwaad word gevoed en leef voort deur dit toe te hou, terwyl die herder weier om helende hande op die wonde te lê en tot die gode sit en bid om beter voortekens. Ja, selfs wanneer die pyn tot in die diepste gebeente van die blêrende siekes getrek het en dáár woed, en die dorre koors hul ledemate verteer, dan help dit om die brandende hitte te verdryf en 'n snit te maak in die aar wat tussen die kloutjies vol bloed klop, soos die Bisaltae en die flink Geloniër gewoonlik doen wanneer hulle na Rhodope en die Getae se woestenyte vlug, en dikmelk gemeng met perdebloed drink.

450

460

Wanneer jy van ver af sien dat 'n skaap alte dikwels na die aangename skaduwee toe gaan, of alte lusteloos aan die gras-toppies pluk; dat hy heel laaste agter die trop aanstap, of in die middel van die veld gaan lê terwyl hy wei en laataand alleen daar padgee, dan moet jy sonder versuim die kwaad met jou mes aan bande lê, voordat 'n aaklige besmetting ongemerk deur jou argelose kudde sluip. 'n Orkaan wat die storm aandryf, stort nie in soveel vlae oor die see neer as wat vee se menigvuldige besoekinge op hulle neerstort nie. En die siektes pak nie die diere een-een aan nie, maar hele somerkuddes, sommer skielik, die hoop van die kudde tesame met die kudde self — die hele ras, wortel en tak. Iemand sou dit dán wel besef, as hy die hemelhoeë Alpe, Noricum se vestings op die heuwels, en die velde van lapydiese Timavus, selfs nou nog na so 'n lang verloop van tyd aanskou, en die verlate koninkryke van die herders en die wyd en syd ontvolkte bergweides.

470

Ten gevolge van 'n pes in die lug het hier eens op 'n tyd 'n ellendige tydsgeurig aangebreek. Dit het van die volle herfshitte gegloei, elke soort vee en elke soort wilde dier laat vrek, die mere verpes en die weidings met verrotting besmet. Die pad van

480

die dood was ook nie eenvoudig nie; maar wanneer 'n vurige dors, deur al die are heen gejaag, die rampsalige ledemate al klaar verskrimpel het, het daar weer 'n waterige vloeistof opgewel en al die beendere wat stuksgewys van die siekte ineengestort het, in hom ingetrek. Dikwels het 'n offerdier in die middel van 'n plegtigheid ter ere van die gode, waar hy voor die altaar staan onderwyl die wolhoofband met 'n sneeuwit lint om sy kop gebind word, sterwend tussen die tydsame altaardienaars neergeslaan. Of as die priester 'n rukkjie tevore reeds een met sy mes geslag het, dan vlam die altaar nie op as die ingewande daarop geplaas word nie, en kan die geraadpleegde siener ook geen antwoorde gee nie; die offermesse onder die keel geplaas, word nouliks met bloed bevlek, en slegs die boonste lagie sand word deur 'n dun straaljie dooibloed donker gekleur. Dan vrek die kalwers oral in die welige gras, of gee by die gevulde krippe hul liewe lewens weer terug; dan kom daar dolheid oor die flikflooiende honde, en skok 'n hygende hoes die siek varke en bekleem hulle in die toegeswelde kele. Die wenperd is ongelukkig in sy pogings en sak sonder 'n gedagte aan gras inmekaar; hy versmaai die fonteine en kap herhaaldelik met sy poot op die grond. Sy ore hang, en 'n ongedurige sweet slaan op hulle uit — en dit, naamlik, die koue sweet op skepels wat bestem is om te sterwe. Sy vel is droog, hard om aan te raak, en dit weerstaan die hand wat dit betas.

490

500

Hulle vertoon hierdie simptome gedurende die eerste dae voor hul dood. Maar as die siekte met verloop erger begin word, dan, voorwaar, gloei hulle oë, en word die asem diep gehaal, swaar soms van gesteun. In 'n lang geroggel trek hulle die onderpunte van die flanke styf saam, swart bloed stroom uit die neusgate, en die skurwe tong druk die versperde keelgat toe. Dit het al gehelp om wyn in te gee met behulp van 'n horing wat jy in sy bek steek; dit was blykbaar die enigste redmiddel vir sterwende diere. Maar juis dit was spoedig hulle ondergang : na hulle kragte herstel is, het hulle van waansin gebrand en self, reeds in die aangesig van die smartlike dood — mag die gode 'n gelukkiger lot aan die vromes gun, en daardie dwaling aan ons vyande! — hulle eie ledemate met die blote tande verskeur en vermink.

510

Maar kyk, sweedampend onder die harde ploegskaar slaan 'n bul neer, braak bloed gemeng met skuim uit sy bek, en gee 'n

laaste kreun. Bedroef nader die ploegman, span die bul uit wat oor sy broer se dood treur, en laat die ploeg in die middel van sy taak vasgesteek staan. Nie die skadu's van die hoë woude, nie die malse weivelde kan sy gemoed roer nie, nie die rivier wat helderder as barnsteen oor die rotse rol en vlakke toe stroom nie; maar sy flanke val diep in, bewusteloosheid lê swaar op sy brekende oë, en onder 'n neerdrukkende gewig sink sy nek op die grond neer. Wat baat sy arbeid of sy dienste? Wat, dat hy die swaar grond met die ploegskaar omgekeer het? En tog het Bacchus se Massiese gawes²² bulle soos hy geen skade aangedoen nie, nie feesmale wat telkens weer voorgesit is nie! Hulle lewe van blare en die voeding van eenvoudige gras; hulle drank is helder fonteine en rusteloos stromende riviere, en geen kommer onderbreek hul gesonde slaap nie.

Hulle sê dat daar op geen ander tydstip in daardie streke na beeste gesoek is vir Juno se heilige rites nie, en dat die strydwaens deur onpare oerosse na haar rysige skatkamer getrek is. Daarom woel die boere die grond daar moeisaam met skofelpikke om, begrawe die graan selfs met hul naels in die grond, en trek met styf gespanne nek hul krakende waens oor die hoë berge. Die wolf stel nie sy liste om die skaapkrake op die proef, en sluip nie snags om die kuddes rond nie: 'n feller bekomernis hou hom in bedwang. Skugter reebokke en skrikkerige herte dwaal nou tussen die honde en om die huise rond. Reeds spoel die golwe die kroos van die onmeetlike see, en elke soort swemmende kreatuur soos lyke na 'n skipbreuk op die kant van die strand uit, en teen hul natuur vlug die robbe die riviere in. Ook die adder vrek, vergeefs beskerm deur sy kronkelende skuilhoëke; ook die waterslange, ontsteld en met skubbe orient. Selfs vir voëls is die lug skadelik; halsoorkop val hulle, en laat hul lewe onder 'n hoë wolk agter. Bowendien help dit nie nou om die voedsel te verander nie; die geneesmiddels wat hulle soek, doen kwaad; die leermeesters het opgegee, Chiron, seun van Phyllira, en Melampus, seun van Amythaon.

Bleek Tisiphone woed, en uit Stygiese duisternis na die daglig uitgelaat, jaag sy Siektes en Vrees voor haar uit, en terwyl sy opstyg, lig sy haar gulsige kop dag na dag steeds hoër. Die riviere, die versmagtende oewers en glooiende heuwels weerklink van die geblêr van kuddes en aanhoudende gebulk. En nou rig sy haar slagting tropsgewys aan en stapel die karkasse,

vergaan van afskuwelike verrotting, selfs in die stalle op, totdat die mense leer om dit met grond te bedek en in gate te verberg. Want daar was geen nut vir die velle nie, en niemand kan die vleis met water reinig, of met vuur baasraak nie. Selfs die wol, deurvreet van pes en vuil, kan hulle nie afskeer, en die vrot weefsels ook nie aanraak nie. Ja, selfs as iemand probeer het om die afskuwelike klere te dra, het brandende blase en walglike sweet oor sy onwelriekende liggaam gevolg, en sonder om lank daarna te wag, het die vervloekte vuur sy besmette ledemate verteer.

560

Georgicon IV: Bye en Byeboerdery

Vervolgens sal ek die hemelse gawe van heuning uit die lug behandel. Sien ook hierdie deel van my taak met welgevalle aan, Maecenas. Ek gaan vir u van die wonderlike skouspel van onbeduidende ou goedjies vertel, van grootmoedige aanvoerders, en een na die ander van die nasie as geheel as geheel se karakter, hulle belangstelling, hul stamme en gevegte. Dis werk oor 'n nietige tema, maar die roem sal nie nietig wees as die onvriendelike goddelike magte dit vir 'n mens toelaat, en Apollo gehoor gee as hy aangeroop word nie.

Eerstens moet daar vir die bye 'n tuiste en standplaas gesoek word waartoe die winde geen toegang het nie – want die winde verhinder hulle om voedsel huis toe te bring – en waar skape en stoterige boklammers nie op die blomme rondbaljaar, of die verskalf wat oor die vlakte dwaal nie die dou afskud en die groeiende gras vertrap nie. Laat die bont akkedisse met hul skubbige rûe van die vet neste af wegbly, en ook die by-eters en ander voëls, en Procne¹ was haar bors met bloedbesmeerde hande bevlek het. Want wyd en syd roei hulle alles uit en dra die bye self so in die vlug in hul bek weg as heerlike versnapering vir hul genadelose kleintjies. Maar daar moet helder fonteine wees, en poele, groen van die mos, en 'n skraal stroompie wat deur die gras voortjaag. En laat 'n palm of 'n reusagtige olienhoutboom sy skadu oor die korf se ingang gooi, sodat wanneer die nuwe konings die eerste swerms in hul geliefde lentegety voortlei en die jongspan, vrygelaat uit die heuningkoeke, rondbaljaar, die

10

20

nabygeleë oewer hulle kan nooi om die hitte te ontwyk, en 'n boom op hul pad hulle in sy gasvrye lower kan huisves. In die middel van die water, of dit nou roerloos staan of voortstroom, moet jy wilgerstompe in die dwarste en groot rotsblokke gooi, sodat die bye op talryke brûe kan neerstryk en hulle vlerke in die somerson kan uitsprei, indien die Oostewind miskien die traes natgespat, of halsoorkop in die water gedompel het. Laat groen kaneel hierrondom bloei, en wydgeurende wildetiemie en 'n plaat bonekruid met sy skerp reuk; en laat beddinkies viooltjies die sypelende fonteintjie drink.

30

Maar die korwe self, of jy hulle nou van hol kurkbas aanmekaar genaai, of van buigsame wilgerlatte gevleg het, moet smal ingange hê. Want die winter maak met sy koue die heuning styf, en hitte weer maak dit sag en loperig – albei uiterstes wat eweseer te vrees is vir bye. En dis nie sonder rede dat hulle die klein openinkies in hul wonings wedywerend met was toesmeer en die skrefies met 'n gom van blomme opvul, en juis vir hierdie doeleindes 'n lym wat taaiër as hars of die pik van Frigië se Ida is, vergaar en bewaar nie. As die berig juis is, het hulle ook al dikwels hulle huise knus gebou in uitgeholde skuilplekke onder die aarde, en is hulle al diep in puimsteengate, en in die holte van 'n verweerde boomstam aangetref. Maar jy moet hulle slaapsale wat vol splete is rondom met gladde modder toesmeer om hul warm te hou, en 'n paar blare bo-op gooi. En moet ook nie 'n taksisboom te na aan hul woning toelaat, of rooi krappe op jou haardvuur brand, of 'n diep moeras vertrou, of 'n plek waar daar 'n nare reuk van modder is, of waar die hol rotse van die slag weerklink, en die eggo van jou stem terugkaats as hul dit tref nie.

40

50

En origins, wanneer die goue Son die winter verjaag en onder die aarde in verdryf, en die hemel met somerlig ontsluit het, deurkruis hulle onmiddellik die bergweides en woude, en samel die oes van die helderkleurige blomme in en proe liggies aan die oppervlakte van die strome. Daarom is hulle vrolik van 'n geheimsinnige vreugde en vertroetel hulle hul kroos in die nes; daarom smee hulle die vars was kunstig en vervaardig klewerige heuning. Daarom, wanneer jy opkyk en die swerm, pas uit hul korf bevry, deur die helder somerlug na die hemelse sterre sien dryf, en dit jou verbaas hoe hulle as 'n donker wolk op die wind voortgetrek word, let dan goed op: altyd is hulle op

60

soek na soet water en lowerryke skuilings. Hier moet jy die voorgeskrewe geure spreï: gekneusde balsembossie en die nederige blad van die wasblom. Laat hier 'n gerinkel weerklink en skud die simbale van die Moeder² in die omgewing: uit hulle eie sal hulle op die behandelde plekke gaan sit, en uit hulle eie, volgens gewoonte agter in hulle broeikamer gaan skuil.

Maar as hulle daarenteen uittrek tot die stryd – want dikwels het tweedrag hom al met felle hartstog van twee konings meester gemaak – kan 'n mens dadelik van ver af die gevoelens van die menigte en die harte, polsend van geesdrif vir die stryd, vooraf bemerk. Want die bekende strydgescal van die skor koper berispe die traes, en 'n geluid wat die staccato klanke van trompette naboots word gehoor. Dan kom hulle onrustig met trillende vlerke bymekaar, slyp hulle angels met hul bekke en span hul spiere. Rondom die koning en vlak by hulle hoofkwartier drom hulle dig saam, en daag die vyand met luide geskree uit. Wanneer hulle dan 'n helder lentedag en 'n oop vlakke kry, storm hulle by die poorte uit; die geveg word aangeknoop en hoog in die lug ontstaan 'n dreungeluid. Deurmekaar pak hulle in 'n groot bol saam en val dan halsoorkop op die grond neer: hael val nie digter uit die hemel nie, en soveel akkers reën nie uit die steeneik neer wanneer dit geskud word nie. Tussen die veglinies handhaaf die aanvoerders met hul opvallende vlerke self reusemoed in hulle klein hartjies, deurentyd vasbeslote om nie te wyk nie, totdat die gestrengte oorwinnaar hierdie of daardie kant verplig het om die rug te keer en te vlug. Hierdie hartstogte en hierdie felle botsings word betuel en kom tot bedaring deur die opgooi van 'n klein bietjie stof.

Maar wanneer jy albei leiers uit die slag teruggeroep het, moet jy die een met die swakker voorkoms aan die dood oorlewer, sodat hy nie as verkwister 'n oorlas sal wees nie, en laat die een met die edeler voorkoms toe om alleen in die paleis te regeer. Een van hulle sal gloei van ruwe goue vlekke – want daar is twee soorte – die een is edeler, opvallend in voorkoms, en skitter van geelrooi skubbe; die ander verwaarloos van slapheid, en sleep 'n breë maag roemloos agter hom aan. Net soos die voorkoms van die heersers tweevoudig is, so ook die gestaltes van die gewone volk. Want party is onooglik en verwaarloos, soos wanneer 'n gedehidreerde reisiger uit diep stof kom en grond uit sy droë mond spuug. Die ander blink en skitter met 'n glans, hul

gloeierende lywe gespikkel met simmetriese goue vlekies. Dìt is die verkieslikste ras; van hulle sal jy in die vasgestelde jaargety soet heuning uitdruk – nie juis so soet, as helder en geskik om die wrang smaak van wyn te temper nie. 100

Maar wanneer die swerms doelloos rondvlieg en in die lug baljaar, die heuningkoeke versmaai en hulle korwe koud agterlaat, moet jy hulle wispelturige hart die onsinnige spel ontsê. En dis geen groot taak om hulle dit te ontsê nie: pluk jy net die konings se vlerke uit! Solank hulle agterbly, sal geen enkele by dit waag om 'n tog deur die hemelruim te onderneem of om die vaandels in die kamp uit te ruk nie. Laat tuine, geurend van saffraankleurige blomme, hulle dan lok, en laat die bewaker teen die we en voëls, laat die beskermende hand van Priapus uit die Hellespont hulle met sy wilgerhoutsekel beskerm. Laat die boer wat op sulke dinge gesteld is, self tiemie en veldlouriere van die hoë berge af bring en hulle orals om die korwe plant. Self moet hy sy hand met harde arbeid laat wegslyt, self vrugbare steggies in die grond plant en voedende reënwater daarop giet. 110

En waarlik, as ek nie reeds vlakby die uiterste einde van my taak besig was om my seile in te haal, en my te haas om die voorstewe landwaarts te swaai nie, sou ek miskien ook gesing het van die sorgvuldige bebouing wat tuine weelderiger versier; van die roostuine van Paestum wat twee maal per jaar bloei; van hoe die sigoreiplante en die oewers, groen van seldery, hulle verlustig in die stroompies wat hulle opdrink; van hoe die komkommer deur die gras kronkel en aanswel en 'n magie kry. En ek sou ook nie geswyg het oor die láát bloeiende narsing, of oor die taai stengel van die krullende beerklou, die bleek klimop, en die mirte wat van die kus hou nie. Want ek herinner my dat ek onder die torings van Oebalië³ se vesting, waar die donker Galaesus die goudgeel koringvelde benat, 'n ou man uit Corycus gesien het wat 'n paar akker uitvalgrond gehad het, grond daardie, wat nie vrugbaar vir ploegdiere, of geskik vir 'n kudde, of bruikbaar vir wynbou was nie. En tog, terwyl hy hier en daar tussen die braambosse sy groente plant, met wit lelies en ysterkruid en slanke papawer daarrondom heen, het hy in sy gemoed die skatte van konings geëwenaar, en wanneer hy saans laat terugkeer huis toe, het hy sy tafel belaaie met 'n fees wat hy nie gekoop het nie. Hy was die eerste wat in die lente rose, en in 120 130

die herfs vrugte gepluk het, en wanneer die sombere winter nog die rotse met sy koue laat kraak, en die waterstrome met sy ys betueel, het hy alreeds die bloeïesels van die tere hiasint afgepluk, terwyl hy die somer wat so laat kom, en die talmende Westewinde verwyf. Daarom was hy ook die eerste wat .n oorvloed vrugbare moederbye en menige swerms gehad het, en die eerste wat skuimende heuning uit die geparste koeke versamel het. Hy het ook 'n menigte lindebome en veldlouriere gehad, en net soveel vrugte as waar die vrugbare boom hom in die vroeë blomtyd mee bekleed het, het dit aan ryp vrugte in die herfs behou. Hy het ook volgroeiende olmbome in rye oorgeplant, peerbome met harde hout, wildepruime wat al pruime dra, en die plataanboom wat reeds aan drinkers skaduwee verskaf. Maar omdat ek self inderdaad deur onvoldoende ruimte verhinder word, gaan ek hierdie onderwerpe verby en laat hulle aan ander oor om ná my te vertel.

140

Kom nou, en ek sal die eienskappe uiteensit wat Jupiter self aan die bye toebedeel het, as beloning waarvoor hulle die soetklinkende geluide en kletterende brongeskal van die Curetes gevolg, en die koning van die hemelruim in die grot van Dicté gevoed het. Hulle alleen het 'n gemeenskaplike kroos, besit die wonings van hul stad gesamentlik, en bring hul lewe onder magtige wette deur. Hulle alleen ken 'n vaderland en 'n vaste tuiste, en gedagtig aan die winter wat sal kom, verrig hulle in die somer harde werk en bêre wat verkry is, vir almal se gebruik. Want party hou toesig oor die insameling van voedsel en volgens 'n akkoord aangegaan, swoeg hulle in die velde; party plaas binne die grense van hul wonings narsingtraan en taai gom van boombas as die eerste fondamente vir die heuningkoeke, en daaraan hang hulle die klewerige was. Nog ander lei die volgroeiende jong bye, die hoop van die nasie, na buite, en ander stapel die allersuiwerste heuning op en laat die selle swel van helder nektar. Daar is ander op wie die wagstaan by die poorte as 'n lotstaak geval het, en om die beurt bespied hulle die reënbuie en wolke van die hemel, of hulle neem die vragte van die aankomelinge in ontvangs, of vorm 'n slaglinie en hou die hommelse, 'n trop luitaards, van hul wonings af weg. In gloeiende ywer gaan die werk voort en die geurige heuning ruik na tiemie. Net soos wanneer die Siklope haastig bliksems uit taai metaalmassas smee, en party die lug met blaasbalke van beesvel intrek en uitstoot, terwyl ander die sissende koper in die water-

150

160

170

bak dompel; Etna kreun onder die aambeelde wat op hom geplaas is; met groot krag lig hulle hul arms ritmies om die beurt en keer die yster om met 'n knellende tang — net so, as dit geoorloof is om klein dingetjies met grotes te vergelyk, vuur die ingebore drang om te besit die Atheense bye aan, elkeen met sy eie taak. Die bejaardes versorg die dorpe, en dis hul taak om die heuningkoeke stewig te bou en vorm te gee aan die vernuftig ontwerpte wonings. Maar die jongeres keer laataand vermoed terug, hulle bene met tiemie belaa; oral rond wei hulle op

180

Wanneer die aandskemering hulle gemaan het om nou eindelijk weer uit die weiding op die vlaktes pad te gee, dán soek hulle hul wonings op, dán versorg hulle hul liggame; 'n gegons ontstaan, en hulle soem om die rande en die ingang. Later, wanneer hulle hul reeds te ruste gelê het in die slaapvertreкке, tree daar stilte vir die nag in en welverdiende slaap oorval hulle moeë ledemate. As daar reën dreig, gaan hulle nie te ver van hulle opstal af weg, en vertrou ook nie die lug as die Oostewinde opkom nie, maar onderneem kort toggies en gaan haal in veiligheid water in die buurt, vlakby die mure van hul stad. En dikwels neem hulle klippies saam boontoe, net soos dobberende bootjies ballás opneem wanneer die stormgolwe hulle rond-slinger, en daarmee beheer hulle hul ewewig deur die yl wolke heen.

190

Dit sal jou verbaas dat juis dié gebruik by bye ingang gevind het, naamlik, dat hulle nie behae skep in geslagsverkeer of loom hulle liggame vir liefde laat ontspan, of met geboortepyne 'n kroos voortbring nie, maar vanself⁴ hul kinders met die mond van blare en geurige gewasse afhaal, vanself hulle koning en klein burgertjies aanvul, en opnuut hul paleise en koninkryke van was ómvorm. Dikwels het hulle ook met hul rond-dwaal tussen ruwe rotse hulle vlerkies stukkend geskuur en hul lewe gewillig onder hul las prysgegee: so groot is hulle liefde vir blomme, so groot vir hul die eer om heuning te vervaardig. Derhalwe, hoewel die einde van 'n kort bestaan op die bye self wag — want dit strek nie verder as die sewende somer nie

200

—bly die geslag tog onsterflik, hou die lotgevalle van die huis baie jare lank stand, en word grootvaders van grootvaders onder hulle getel.

Bowendien eer nòg Egipte, nòg die magtige Lidië, nòg die stamme van die Parthiërs, of Mediese Hydaspes hulle heerser só. Solank die koning veilig is, het almal een strewe, maar as hulle hom verloor het, verbreek hulle die onderlinge trou, plunder self die heuningselle wat hulle opgebou het en verwoes die vlegpatrone van die koeke. Hý hou toesig oor hul take, hóm vereer hulle, hóm omring almal met die gesoem van 'n menigte en drom in groot getalle om hom saam. Dikwels lig hulle hom op hulle skouers, stel vir hom hul liggame aan die stryd bloot en soek 'n roemryke dood aan wonde. Afgaande op hierdie aanduidings en na aanleiding van hierdie voorbeelde het sommige mense beweer dat bye iets van die goddelike gees, en teue van die eter het; want hulle sê God deurdring alle lande, al die uitgestrekte gebiede van die see en die diepte van die ruim; vee en kuddes, die mens en iedere soort wilde dier, haal elkeen by geboorte sy brose lewe van Hom; daarna word alles immers na Hom teruggebring en herlei wanneer dit ontbind is; vir die dood is daar geen plek nie, maar lewend vlieg hulle na die sterrenmenigte en styg na die hoë hemel op.

Wanneer jy ook al hul verhewe woning en die opgegaarde heuning in die skatkamers ontsluit, moet jy eers jou gesig met 'n skeppie water besprinkel en beskerm, en indringende rook voor jou in jou hand uithou. Twee maal samel boere die oorvloedige opbrengs in, en daar is twee oestye: sodra die Pleiade Taÿgete haar skone gelaat aan die aarde vertoon, en met haar voet die water van die Oseaan veragterend weggestoot het; of wanneer dieselfde ster op haar vlug voor die konstellasie van die waterryke Vis, bedroef uit die hemel in winterwaters ondergaan. Die bye se woede ken geen perk nie, en as hul gesteur word, blaas hulle gif in hul byte, klou aan jou are vas, laat hul angels onsigbaar agter, en lê hul lewens neer in die wond.

Maar as jy 'n strawwe winter vrees en op die toekoms bedag is, en medelye het met hul gebroke moed en verwoeste wêreld, wie sou dan aarsel om die korf met tiemie te ontsmet en die leë waskoeke weg te sny? Want dikwels het 'n akkedis onopgemerk aan die heuningkoeke geknaag, is die slaapvertrekke volgepak

van ligsku kakkerlakke, en sit die werksku hommél by 'n ander se dis aan; of het die nydige perdeby met ongelyke wapens tot die stryd togetree, of 'n aaklike soort mot, of die spinnekop, gehaat deur Minerva, hang sy losgeweefde nette voor die ingang op. Hoe meer hulle uitgemergel is, hoe flinker sal almal hulle beywer om die ondergang van hul gevalle nasie te herstel, sal hulle die rye selle vul en die skure met blomwas bou. 250

Maar as hul liggame wegwyn van 'n aaklige siekte – want die lewe het vir die bye ook ons lotgevalle besorg – iets wat jy nou aan onmiskenbare tekens sal kan herken : die siekes het dadelik 'n ander kleur; 'n afgryslike maerte ontsier hul voorkoms; dan dra hulle die lyke van die ontslapenes uit hul huis en vorm 'n lang, somber lykstoet. Of anders hang hulle by die ingang met hul pootjies aan mekaar gehaak, of almal draal daarbinne in hul toegesluite huis, pap van die honger en traag van die ny-pende koue.

Dan word 'n dieper geluid gehoor, en hulle soem op slepende toon, soos die koue Suidewind soms in die bosse ruis, soos die gekwelde see sis as die golwe terugspoel, soos verterende vuur in toe oonde dreun. Dan sal ek jou aanraai om dadelik geurige hars te brand, en met rietpypies heuning in te drup terwyl jy hulle nog bowendien aanmoedig, en die vermooides na hul welbekende voedsel nooi. Dit sal ook help om die smaak van gal-appel by te meng, en verwelkte roosblare, of moskonfyt, dik gekook oor 'n groot vuur, of rosyntjies afkomstig van die Psithiese wynstok, en Atheense tiemie en duisendguldekruid met sy skerp reuk. In die velde is daar ook 'n blom waaraan die boere die naam 'amellus'⁵ gegee het, 'n plant wat maklik te vind is vir dié wat daarna soek, want uit een enkele pol verhef dit 'n reusebos blare; die hart self is goudkleurig, maar in die kroonblare wat baie dig daarrondom uitskiet, glim die purper van die donker violet. Dikwels is die altare van die gode getooi met kranse wat daarvan gevleg is; die smaak is frank in die mond, en die herders pluk dit in die kaalgeweide valleie naby die kronkelende strome van die Mella. Kook hierdie plant se wortels in geurige wyn en plaas dit in vol mandjies by die korfingang as voedsel. 270

Maar as iemand se hele byekroos hom skielik in die steek gelaat het, en hy weet nie waaruit die ras in 'n nuwe stamlyn herstel 280

Maar as iemand se hele byekroos hom skielik in die steek gelaat het, en hy weet nie waaruit die ras in 'n nuwe stamlyn herstel

kan word nie, dan is dit tyd om ook die merkwaardige ontdekking van die meester uit Arkadië te onthul, en op watter manier bedorwe bloed al dikwels reeds bye uit gedode bulle voortgebring het. Ek sal dit weer van sy vroegste oorsprong af nagaan en die hele verhaal uitvoeriger ontvou. Want daar waar die geseënde volk van Pellaïese⁶ Canopus langs die Nyl wat met sy oorstromende waters plasse vorm, woon en in beskilderde bootjies om hul landerye vaar; waar die naburigheid van pylkokerdraende Persië hulle benou en die snelvloeiende rivier in sewe verskillende mondinge vertak nadat dit ononderbroke van die donkerkleurige Indiërs af neergevloei het en met sy swart slik, Egipte groen en vrugbaar maak, daar grond die hele streek sy vaste redding op hierdie kuns. 290

Eers word 'n klein en ingeperkte plekkie juis vir hierdie doel uitgekies. Hierdie plekkie sluit hulle in met 'n smal teëldak en eng saamgedringde mure, en sit daar vier vensters in die vier windrigtings in, met skuins-invallende lig. Dan word daar 'n bulkalf gesoek wat reeds horings op sy tweejaaroud voorkop laat krul. Sy twee neusgate en die asem van sy bek word ondanks sy hewige gespartel toegestop; hy word met houe doodgemaak, en sy vleis deur die ongeskeurde vel pappeslaan. So laat hulle hom in die ingeslote ruimte lê, en stoot stukkie tak, tiemie en varsgeplukte kaneel onder sy ribbes in. Dit word gedoen wanneer die Westewinde die golwe begin opstoot, nog voor die velde in nuwe kleure bloos, nog voor die kwetterende swaeltjie sy nessesie aan die balke hang. Intussen gis 'n warm sugvog in die saggeworde beendere, en op wonderbaarlike wyse is daar lewende wesentjies te sien, eers sonder pote, maar weldra gons hulle ook met vlerke en wemel deurmekaar. Al meer en meer waag hulle dit die dun lug in, tot dat hulle tevoorskyn bars soos 'n reënbui wat uit somerwolke stort, of soos pyle van die trillende boogpees af wanneer die beweeglike Parthe die eerste geveg aanknoop. 300

Watter god, o Muses, watter een het hierdie kuns vir ons gesmee? Vanwaar het die mensdom se nuwe ervaring sy oorsprong geneem? Op sy vlug uit Tempe langs die Peneusrivier, het die herder Aristaeus – so lui die verhaal – sy bye deur siekte en hongersnood verloor. Bedroef het hy by die heilige fontein van die stroom se oorsprong gaan staan met baie jammerklagtes, en sy moeder met hierdie woorde aangespreek: “O moeder, moe- 310

der Cyrene, u wat in die dieptes van hierdie maalstroom woon, waarom het u my uit die luisterryke stam van die gode gebaar – indien Apollo van Thymbra, soos u beweer, maar net my vader is – as voorwerp van haat vir die noodlot? Of waarheen is u liefde vir my verdryf? Waarom het u my laat hoop op die hemel? Kyk, selfs hierdie einste kroon van my sterflike lewe, wat die kundige versorging van oeste en vee nouliks vir my gesmee het terwyl ek alles op die proef gestel het, laat ek nou vaar – al is u my moeder. Nee wat, kom dan en ruk self met eie hand my vrugbare boorde uit; bring die vyandige vuur na my stalle, verwoes my oeste, verbrand my plante en swaai die stewige byl teen my wynstokke, as so 'n groot afkeer van my verdienste u beetgepak het".

330

Maar in haar woonkamer onder die diep rivier het sy moeder die geluid gehoor. Om haar heen was die Nimfe besig om wol uit Miletus, gekleur met 'n ryk glasgroen tint, te spin – Drymo en Xantho, Ligea en Phyllodoce, hul glansende lokke oor melkwit nekke uitgestort; Cydippe en blonde Lycorias, die een 'n maagd, die ander een het toe pas haar eerste barenswee deurgemaak; Clio en Beroe haar suster, albei dogters van die Oseaan, albei omgord met goud, albei met gespikkelde velle: Ephyre en Opis en Deiopea uit Asië, en die geswinde Arethusa wat op langelaas haar pyle opsy gesit het. In hul midde was Clymene besig om van Vulcanus se vergeefse voorsorg en Mars se liste en soete vryasies te vertel, en om die tallose liefdesavonture van die gode sedert die Skepping op te noem.

340

Onderwyl hulle, bekoor deur hierdie lied, die sagte wol om die spoel afgespin het, het Aristaeus se jammerklag weer eens sy moeder se ore getref, en almal het op hul stoele van kristal verstyf. Maar voor die ander susters het Arethusa haar blonde kop bo die wateroppervlak uitgelig, vorentoe getuur en van ver af uitgeroep: "O suster Cyrene, nie verniet is jy doodverskrik oor so 'n luide weeklag nie: Aristaeus self moet jy weet, jou grootste sorg, staan bedroef by die water van vader Peneus en ween, en noem jou by name wreed." Deur 'n vreemde vrees in haar hart aangegryp, antwoord die moeder haar: "Bring hom, kom dan, bring hom na my: hy het die reg om die drumpels van gode te betree". Tegelyk beveel sy die diep stroom om wyd uiteen te vloei, sodat die jongman daarlangs kon binnekem. Maar rondom het die gewelfde water in die voorkoms van

350

360

'n berg gestaan, hom in sy ontsaglike boesem verwelkom en onder die rivier ingestuur. En reeds het hy aangestap, verwonderd oor sy moeder se woning, 'n koninkryk van water; oor die poele wat in spelonke opgesluit is, en oor die ruisende woude. Stomgeslaan deur die magtige beweging van die waters, het hy al die riviere, elkeen op 'n afsonderlike plek, onder die groot aarde sien voortgly: die Phasis, die Lycus, en die bron waaruit die diep Enipeus eerste voortbars: die waaruit vader Tiberinus, waaruit die Anio se strome, die donderende rotsagtige Hypanis en die Caiçus van Mysië ontspring, asook die Eridanus met twee vergulde horings op sy gesig van 'n bul, onstuimiger as wie geen ander rivier deur die ryk geploegde lande na die purperkleurige see uitstroom nie. 370

Nadat hy in haar woonkamer met sy dak van hangende rotse aangekom, en Cyrene die ongegronde redes vir haar seun se trane verneem het, bied sy susters een vir een helder fonteinwater vir sy hande aan, en bring servette van gladgeskeerde vag. Ander belaaï die tafels met feesgeregte en sit dan weer gevulde bekere daarop neer terwyl die altare van wierookvure walm. En toe sê sy moeder: "Neem die bokale met Maeoniese wyn: laat ons 'n plengoffer aan Oceanus bring!" Met dié aanbid sy Oceanus, die Alvader, en die Nimfe, haar susters, wat oor 'n honderd woude, wat oor 'n honderd strome waak. Driemaal besprinkel sy die brandende altaar met helder nektar; driemaal het die vlam tot bo teen die dak opgeskiet en helder weerkaats. Met hierdie voorteken sterk sy sy moed en begin self soos volg: 380

"In Neptunus se Carpathiese waters, woon daar 'n siener, donkerblou Proteus, wat die ontsaglike seevlak met behulp van visse en 'n span twee-been perde deurkruis. Tans besoek hy weer die hawens van Emathia en sy vaderland, Pallene. Hóm vereer sowel ons Nimfe as die hoogbejaarde Nereus self, want as siener weet hy alles – wat is, wat was, wat voortstrek en weldra sal gebeur. Sodanig, immers, is die wil van Neptunus, wie se reusagtige kuddes wanstaltige robbe hy onder die see se waters laat wei. Hóm, my seun, moet jy eers in boeie slaan, sodat hy vir jou die hele oorsaak van die siekte kan verklaar, en die uitslag daarvan gunstig maak. Want sonder dwang sal hy geen voorskrifte gee, en met soebat sal jy hom ook nie vermurwe nie. As jy hom gevang het moet jy forse geweld en boeie teen hom gebruik. Slegs hierteen sal sy liste hulle vergeefs te pletter loop. Wanneer 400

die son sy middaghitte laat ontvlam, wanneer die plante dors is en die skadu reeds aangenaam vir die kudde, sal ek self vir jou na die ou man se skuilplek neem, waarheen hy hom uit die golwe terugtrek as hy moeg is, sodat jy hom maklik kan oorval terwyl hy lê en slaap. Maar wanneer jy hom gegryp het, en met hande en boeie vashou, dan sal verskillende gedaantes en gestaltes van wilde diere jou uitoorlê. Want skielik sal hy 'n vark met stekelrige hare word, of 'n dodelike tier, 'n geskubde draak, 'n leeuwyfie met geelbruin maanhare; of hy sal die knettergeluid van vuur laat hoor en so uit jou strikke glip, of tot 'n dun straaltjie water versmelt en ontsnap. Maar hoe meer hy hom in allerhande gedaantes verander, des te stywer, my seun, moet jy sy knellende boeie aantrek, totdat hy na al sy gedaanteverwisselinge so sal lyk soos jy hom gesien het toe hy sy oë gesluit het aan die begin van sy slaap."

410

Dit sê sy, en giet helder, geurige ambrosia uit, waarmee sy haar seun se hele lyf bestryk. En kyk, 'n soet geur het uit sy mooi versorgde hare versprei, en lenige krag het in sy ledemate gevaar. Daar is 'n ontsaglike grot in die wand van 'n weggevrete berg waarheen tallose golwe deur die wind gedryf word en in baaitjies verder na agter opsplits, voorheen 'n allerveiligste ankerplek vir seelui wat deur 'n storm oorval is. Daarbinne hou Proteus hom verskuil agter die versperring van 'n massiewe rotsblok. Hier laat die Nimf die jongman in 'n donker skuilhoek staan, weggedraai van die lig, en sy self, onsigbaar in 'n newel, gaan staan 'n endjie daarvandaan. Reeds het die versengende Hondster wat die dorstige Indiërs verskroei, aan die hemel gebrand, het die gloeiende son die helfte van sy baan verslind, was die gras aan verdor, en het die sonstrale die hol riviere in hul droë kanale verhit en tot klei gebak, toe Proteus uit die golwe kom en soos gewoonlik sy grot opsoek. Om hom heen baljaar die druipnat volk van die uitgestrekte see, en wyd en syd spat hulle die sout druppels rond. Oral op die sand vly die robbe hulle neer en slaap; hy self – soos die wagter van 'n kraal op die heuwels soms maak wanneer die Aandstond die kalwers uit die weiveld huis toe bring, en die lammers met hul geblêr die wolwe wat dit hoor se vraatsug wek – gaan sit tussen hulle op 'n rots en tel hul getal.

420

430

Toe Aristaeus 'n geleentheid gebied word om hom te gryp, het hy die ouman skaars toegelaat om sy moeë ledemate neer te lê,

of hy storm met 'n luide geskree op hom af en oorval hom met boeie soos hy daar lê. Hy, daarenteen, vergeet nie sy vaardigheid nie en verander homself in allerhande wonderlike dinge: vuur, 'n skrikwekkende wilde dier en 'n stromende rivier. Maar toe geen slim set vir hom ontvlugting verkry nie, keer hy gefnuik na sy eie gestalte terug, en praat op langelaas met mensemond en sê: "Wie het nou eintlik, allervermetelste van jongmanne, vir jou opdrag gegee om na my woning toe te kom? Of wat soek jy hier?" Maar Aristaeus sê: "U weet, Proteus, u weet dit self, en dit is ook nie moontlik om u in enigiets te bedrieg nie, maar u moet ook ophou om my te wil bedrieg. Ek volg die voorskrifte van die gode, en het gekom om hier van u 'n godspraak te vra vir my ontredderde bestaan." Slegs dît het hy gesê. Hierop het die siener uiteindelik onder sterk dwang sy oë, gloeiend met 'n grysgroen glans, op horn gekeer en terwyl hy briesend sy tande kners, sy mond soos volg met noodlotsgebeure geopen:

440

450

"Die toorn van een of ander god kwel jou; groot is die sonde waarvoor jy boet! Arme Orpheus verwek hierdie straf teen jou – tensy die noodlot dit teenstaan – gewis nie volgens wat jy verdien nie, en hy gaan woes te kere oor die skaking van sy vrou. Sy, voorwaar, 'n meisie tot die dood gedoem, het nie die reuse-waterslang wat op die oewers skuil in die lang gras voor haar voete gesien, terwyl sy ylins langs die rivier vir jou gevlug het nie. Maar die skare bosnimfe, net so oud soos sy, het die bergtoppe met krete laat weergalm. Rhodope se spitse het geweën, ook die hoë Pangaea, en die land van Rhesus, aan Mars gewy, en die Getae, die Hebrus en Orithyia van Athene. Orpheus self het sy liefdesmart met sy uitgeholde lier gesus, en van jou gesing, geliefde vrou, van jou, alleen met homself op die eensame strand, van jou as die dag breek, van jou as dit daal. Hy het selfs die kake⁷ van Taenarus, Dis se hoë ingang, en die woud, duister van somber verskrikking, betree; ook die Skimme en hul vreesaanjaende heerser, en die harte wat nie weet om deur die gebede van mense vermurwe te word nie, het hy genader. Maar ontroer deur sy lied, het die yl skimme en gedaantes van hulle wat die lewenslig ontbeer uit die diepste wonings van Erebus⁸ gekom, soveel duisende as die voëls wat onder die blare skuil wanneer die Aandstond of 'n reënbui in die winter hulle van die berge af verjaag – moeders en mans, gestaltes van fiere helde wat die lewe volbring het, seuns en ongehude dogters, en jongelinge voor hulle ouers se oë op die

460

470

brandstapel geplaas. Om hulle heen is daar swart modder en die afskuwelike riete van die Cocytus, die haatlike moeras met sy traagvloeiende water keer hulle vas, en die Styx wat negemaal tussendeur vloei hou hulle gevange. Ja, selfs die woning van die Dood, die diepste dieptes van die Hel, en die Furieë met donkerblou slange in hulle hare gevleg, het oorstelp gestaan; Cerberus het sy drie bekke geluidloos oopgesper gehou, en die wiel waarop Ixion ronddraai, het mét die wind stil bly staan. 480

En reeds was hy besig om terug te keer en het aan alle gevare ontsnap. Eurydice, wat aan hom teruggegee is, het die lug van die bowêreld genader terwyl sy agter hom aanstap – want Proserpina het hierdie voorwaarde gestel – toe ’n skielike waansin hom, onbehoedsaam in sy liefde, beetpak – vergeeflik weliswaar, as die Skimme vergifnis geken het. Toe hulle reeds vlak onder die lig was het hy gaan staan, onnadenkend, helaas! en in sy gemoed oorweldig, na sy geliefde Eurydice omgekyk. Op daardie oomblik was al sy moeite vergeefs, was die meedoënlose tiran se ooreenkoms verbreek, en driemaal is ’n donderslag oor die poele van Avernus⁹ gehoor. Sy skree: “Watter waansin, Orpheus, watter ontsaglike waansin het my, rampsalige èn vir jou vernietig? Kyk, weer eens roep die wrede noodlot my terug en sluit die slaap my brekende oë. En nou, vaarwel! Omgewe deur ’n geweldige nag word ek weggesleur, terwyl ek, helaas! nie meer joune nie, my kragtlose hande na jou uitsteek.” Sy het klaar gepraat, en skielik soos rook wat met yl lug meng, ver weg uit die gesig verdwyn, en hom nie weer daarna gesien nie, hewel hy vergeefs na die skadu’s gegryp het en nog baie dinge wou sê. Ook die veerman van Orcus het hom nie toegelaat om weer die moeras wat sy weg versper, oor te steek nie. Wat kon hy doen? Waarheen kon hy hom wend noudat sy vrou hom al tweemaal ontroof is? Met watter geweën kon hy die Skimme, met watter gebed die gode ontroer? Sy, immers, was reeds besig om koud in die bootjie van die Styx weg te dryf. 490 500

Sewe volle maande lank, sê hul, het hy aanmekaar geweën onder ’n hoë krans langs die waters van die verlate Strymon, net hy alleen, en dat hy daar diep in ’n koue grot hierdie treurlied ontplooi, en met sy lied die Tiers bekoor, en die eike in beweging gebring het: net soos ’n nagtegaal wat in ’n populier se skaduwee treurend kla oor haar verlore kleintjies wat die 510

hartelose boer raakgesien, en nog sonder donsies uit die nes gepluk het; maar sy ween die hele nag deur, en waar sy op 'n takkie sit, sing sy haar deerniswekkende lied oor en oor en vul die omgewing wyd en syd met haar droewige weeklag. Geen liefde vir 'n vrou, geen huwelikslied kon sy gevoel verander nie: eensaam het hy oor die ysvalke van die Noorde rondgedwaal, langs die bevrore Don, en deur die velde wat nooit sonder Rhiphaeus se ryp is nie, terwyl hy kla dat Eurydice hom ontroof, en dat Dis se geskenk doelloos was. Die vroue van die Cicone wat deur hierdie toewyding van hom gesmaad is, het die jongman gedurende die heilige rites van die gode en die nagtelike swelgfeeste van Bacchus verskeur, en die stukke oor die wye velde heen gestrooi. Selfs toe nog, terwyl Oeagrus¹⁰ se Hebrus die kop wat van die marmierblanke nek geruk is, in die middel van sy stroom voortdra en om en om rol, het die blote stem en kille tong nog met die laaste vervlietende asem na Eurydice geroep, ag, arme Eurydice! En oral langs die hele rivier het die oewers weerklink : 'Eurydice!' "

520

Dit het Proteus gesê, en met 'n sprong in die diep see ingeplons, en waar hy ingeplons het, die skuimende water vinnig onder die kolkling laat draai. Maar nie Cyrene nie, want uit haar eie het sy die skrikbevange jongman aangespreek: 'My seun, jy kan nou maar die droewe sorge uit jou hart laat vaar. Dit is die hele oorsaak van die pestilensie, en daarom het die Nimfe saam met wie sy altyd in die hoë bergwoude reidanse uitgevoer het, die aaklige einde oor jou bye gestuur. Bied jy as smekeling boetgeskenke aan, vra om genade, en vereer die inskiklike dalnimfe; want hulle sal vergifnis skenk op jou gebede en hulle toorn matig. Maar eers sal ek jou punt vir punt sê hoe jy moet bid. Soek vier pragbulle met voortreflike liggaamsbou uit, wat jy nou op die kruine van groen Lycaeus laat wei, en eweveel verse waarvan die nekke nog nie deur die juk aangeraak is nie. Bou vir hulle vier altare op die hoë heiligdom van die godinne, laat die gewyde bloed uit hul kele vloei, en laat die beeste se karkasse self in 'n lowerryke woud agter. Daarna, wanneer die negende Daeraad sy opkoms vertoon, moet jy papawers wat vergeetelheid bring as dode-offer aan Orpheus stuur, 'n swart skaapooi slag en weer die woud besoek. Eer dan vir Eurydice wat nou versoen sal wees, deur 'n kalf te slag.'

530

540

Hy talm nie, en sonder versuim voer hy sy moeder se opdragte uit. Hy bereik die heiligdom, rig die voorgeskrewe altare op, bring vier pragbulle met voortreflike liggaamsbou, en net soveel verse waarvan die nekke nog nie deur die juk aangeraak is nie. Daarna, toe die negende Daeraad sy opkoms ingelei het, stuur hy 'n dode-offer aan Orpheus en besoek weer die woud. Maar hier aanskou hulle 'n onverwagte verskynsel, wonderbaar om te vertel: in die papverrotte vleis van die beeste, oral in die buik, gons daar bye; hulle borrel by die oopgebarste ribbes uit, en reusewolke van hulle trek deur die lug; nou pak hulle in 'n boomtop saam en hang in 'n tros aan die buigsame takke. 550

Hierdie dinge het ek oor landbou en die versorging van kuddes en oor bome gesing, terwyl die grote Caesar langs die diep Eufraat in oorlog gedonder, as oorwinnaar onder deemoedige volke wette voorgeskryf, en sy pad na Olimpus gebaan het. Gedurende daardie tyd het lieflike Parthenope vir my, Vergilius, gevoed, terwyl ek my verlustig het in die liefhebberye van roemlose leeglê — ek wat speelse herdersliedere gedig, en oormoedig in my jeugdigheid, Tityrus, van jou gesing het onder die blaredak van 'n wydgetakte beukeboom. 560

INLEIDING

- 1 Die woord is afgelei van die Grieks *boukolos*, 'n beeswagter.
- 2 Hierdie naam beteken "uitgesoekte gedigte", waarskynlik na analogie van Theocritus se idilles wat ook *Eclogae* genoem is.
- 3 Theocritus self het ook lank in die Groot Egiptiese stad Alexandrië gewoon en gewerk.
- 4 Hierdie tema word nog sterker beklemtoon in Vergilius se volgende werke, die *Georgica* en die *Aeneis*.
- 5 *Vergil : Eclogues*, Cambridge Univ. Press, 1977, p. 35.
- 6 Hierdie twee komponente, die *dulce* en die *utile* is later deur Horatius (*Ars Poetica* 343-44) as die hoekstene van 'n literêre kunswerk gepostuleer.
- 7 *Virgil and his Meaning to the World of today* (1963), p. 65. Vgl. ook Alfred Tynnyson se gedig *To Virgil*:
Thou majestic in thy sadness
at the doubtful doom of human kind.
- 8 V. Pöschl : *Die Dichtkunst Vergils* (1950), p. 9.
- 9 Dis nie onwaarskynlik nie dat Antonius effens oorgewig geraak het tydens sy rondflankeerdery met Cleopatra, gepaard met talryke feesmale en swelgpartye. Hierdie selfde motief van glinstering en glans rondom Octavianus en tweederangsheid rondon Antonius vind ons herhaal in die *Aeneis*, Bk. VIII, 678 e.v.
- 10 Dit is die eerste geskrewe aanduiding dat Vergilius van plan was om sy grootste werk, die nasionaal-historiese epos, die *Aeneis* te dig.
- 11 *Virgil : Bucolics and Georgics* (1968), inleiding p. xxxviii.

ECLOGA I

- 1 Die Hybla was 'n berg in Sicilië; beroemde heuning is van die berg af verkry.

ECLOGA II

- 1 'n Koning en sanger van Thebae, wat saam met herders in die berge opgevoed is.
- 2 'n Beroemde fontein van Thebae.
- 3 'n Berg op die grens tussen Attica en Boeotië.
- 4 Die vernaamste held van bukoliese poësie, en herder aan die voet van Etna waar hy die fluitspel van Pan geleer het.
- 5 'n Waternimf van heilige bronne.

ECLOGA III

- 1 'n Beroemde sterrekundige van die derde eeu v.C.
- 2 Griekeland se grootste sanger. Met sy sang het hy die hele natuur in verrukking gebring, dermate dat hy bome en wilde diere aangelok het.
- 3 Dit wil sê, vir geen beoordelaar nie.
- 4 Die maan.
- 5 Vergilius se staatsmanvriend, self ook 'n digter.
- 6 Die Muses.
- 7 Dit wil sê vir Pollio wat 'n waarderende leser van literêre kunswerke was.
- 8 Bavius en Maevius was twee swak digters, tydgenote van Vergilius.
- 9 'n Spreekwoordelike uitdrukking vir 'n nuttelose taak.

ECLOGA IV

- 1 Die model vir Vergilius se bukoliese poësie was Theocritus van Sicilië.
- 2 Pollio, verkose konsul vir 40 v.C., en vriend van Vergilius.
- 3 Te Cumae het die Sibille die Sibillynse boek bewaar, waarin 'n orakelspreuk voorspel het dat die begin van 'n nuwe kringloop van die eeue in ±40 v.C. te verwagte was.
- 4 Astraea, beskermgodin van geregtigheid, wat die aarde verlaat het nadat die mensdom begin goddeloos word het.

- 5 Die Goue Eeu.
- 6 Godin van geboortes, maar hier = Diana, die Maangodin, suster van Apollo, die Songod.
- 7 Geen bepaalde kruid nie; dit stel slegs Oosterse weelde voor.
- 8 Die oseaan.
- 9 Die stuurman van die mitiese skip, die Argo, waarop die Argonoute weggevaar het om die goue vag in Colchis te gaan haal.
- 10 Trojaanse oorlog.
- 11 Die Grieke se groot held tydens die beleg van Troje.
- 12 Die Muse van epiese poësie.
- 13 Die skutsgod van minnesangerskuns.

ECLOGA V

- 1 'n Italiese godin, beskermster van vee en weivelde.
- 2 'n Stad in die Noorde van die eiland Chios, baie beroemd om sy wyne.
- 3 'n Stad op Kreta.

ECLOGA VI

- 1 Die digter se Muse.
- 2 Dit wil sê bukoliese verse; Theocritus, die uitvinder van bukoliese poësie, was in Syracuse gebore.
- 3 Apollo.
- 4 Die berg in midde-Griekeland wat aan Phoebus (=Apollo) en die Muses gewy was.
- 5 Dit wil sê soveel as wat die aanhoorders Silenus se lied bewonder.
- 6 Berge in Thrasië, verbonde aan die Orpheus-legende.
- 7 Hierdie woorde is deur Pasiphaë uitgeroep.
- 8 Die Griekse digter Hesiodus.

ECLOGA VII

- 1 Die Muses was die dogters van Mnemosyne, dit wil sê "Geheue"; hulle put dus uit hulle eie geheue om die sangers te inspireer.
- 2 'n Grot in die Heliconberg, wat aan Apollo en die Muses gewy was.
- 3 Volgens oorlewering kon hierdie plant towerkrag afweer.
- 4 Diana.
- 5 Natuurlik omdat hy so na Galatea verlang.

ECLOGA VIII

- 1 Die digter spreek sy vriend Pollio hier aan: die gedig is aan hom gerig.
- 2 Om op die huweliksaand in 'n prosesie na die bruid se toekomstige huis gedra te word.
- 3 'n Vrugbaarheidsritus by 'n Romeinse huwelik, of miskien simbool van die bruidegom se neerlegging van sy seunskap.
- 4 Medea.
- 5 Cupido (=Amor= Liefde).
- 6 Dil wil sê die beeldjie van Daphnis.
- 7 Ek lees vv. 105-106 sonder aanhalingstekens.

ECLOGA IX

- 1 Skuilnaam van Vergilius.
- 2 Orakelduiwe van die ou stad Dodona in N-W Griekeland, waarvan Chaonië 'n distrik was.
- 3 Varus het vir Pollio opgevolg as goewerneur van Gallia Cisalpina. Cremona is eerste aan die Driemanskap se veterane uitgedeel, maar dit was nie genoeg nie. Mantua sou waarskynlik nou ook aan die beurt kom.
- 4 Heuning van Korsika was bitter, en dus ongewild.
- 5 Begaafde en beroemde digters, tydgenote van Vergilius.
- 6 NI. met voorbereiding om te begin sing, ter aanvaarding van die uitdaging in v. 30.
- 7 'n Komeet wat tydens die rouspele ter ere van Julius Caesar verskyn het, en wat as teken van sy vergoding beskou is.
- 8 Volgens 'n Romeinse bygeloof sou 'n mens sy stem verloor as 'n wolf hom eerste raaksien.
- 9 Om vir Menalcas te hoor sing.

ECLOGA X

- 1 'n Waternimf wat op vlug voor die riviergod Alpheus in 'n stroom verander, en onder die see deur gevloei het om op die eiland Ortygia, naby Syracusa, weer as 'n fontein tevoorskyn te borrel.
- 2 C. Cornelius Gallus, die digter se vriend.
- 3 Lycoris, skuilnaam van Cytheris, die ontroue minnares van Gallus.
- 4 Die see.
- 5 Eikels is in water geweek as voer vir beeste in die winter.

- 6 Gallus.
- 7 Gallus het 'n gedig van Euphorion van Chalcis in Latyn vertaal.
- 8 Kretensiese, want Cydonia was 'n stad op Kreta.
- 9 Die god van liefde.
- 10 Die god van liefde.

GEORGICON I

- 1 In hierdie verse word die onderwerpe van die vier boeke van die *Georgica* meegedeel: akkerbou, die kweek van bome en die wynstok, veeteelt, en byeboerdery.
- 2 Aristaeus (vgl. Bk. IV)
- 3 Triptolemus.
- 4 Konstellasie van die Skerpioen (Scorpio).
- 5 Nie soseer van die bebouing self as van die toestande vir bebouing nie, nl. nat somers en droë winters.
- 6 Demeter, tot eer van wie misterie-ritusse te Eleusis uitgevoer is.
- 7 Die gigante.
- 8 Die planeet Mercurius.
- 9 Die see-arend. Nisus, 'n koning van Megara, se stad is deur Minos beleër. Nisus se dogter, Scylla, het verlief geraak op Minos en die purper haarlok waarvan haar vader se lewe afgehang het, van sy hoof afgeskeer, met die gevolg dat hy met die inname van die stad gesterf het. Nisus is deur die gode in 'n see-arend verander, en Scylla in 'n ander soort seevoël.

GEORGICON II

- 1 Die eike van Dodona.
- 2 Ek lees 'n puntkomma aan die einde van v. 64, en sonder die punt in die middel van v. 65. Vgl. T.E. Page en H.R. Fairclough en Will Richter ad loc.
- 3 Jupiter.
- 4 Ek lees 'n puntkomma aan die einde van v. 70, en *fagus* in v. 71, sonder enige leesteken. Vgl. T.E. Page en Will Richter ad loc.
- 5 In v. 106 lees ek *discere* in plaas van *dicere*.
- 6 Die beroemde wyn van die Massicusberg in Campanië.
- 7 Die Adriatiese en Tirreense seë resp.
- 8 Ek lees *artis* i.p.v. *artem* in v. 174. Vgl. Will Richter ad loc.
- 9 Dit wil sê 'n lied van Hesiodus, wat in Ascra gebore was.

-
- 10 Die aarde.
 - 11 Dit wil sê elke nuwe dag se nuwe son nadat dit gedurende die winter nie geskyn het nie.
 - 12 Moontlik die buffel.
 - 13 Die Atheners.
 - 14 'n Streek in Noord-Oos Palestina.
 - 15 Die olyf.
 - 16 Die god van die wynpers.
 - 17 Jupiter.

GEORGICON III

- 1 Apollo.
- 2 Helicon.
- 3 'n Berg in Armenië wat Armenië as geheel voorstel.
- 4 Apollo.
- 5 Sisyphus s'n.
- 6 Nimfe.
- 7 Ek lees *fremens* i.p.v. *premens*
- 8 Thessalië.
- 9 Nl. om òf reises- òf oorlogsperte te teel.
- 10 Die oorlogspert wat pas beskrywe is.
- 11 Vgl. Georgicon I, 12-14.
- 12 Die perdevlieg.
- 13 Io.
- 14 Noordelike.
- 15 Ek lees *pernix* i.p.v. *pernox* in v. 230. Vgl. Heinz Hofmann, *Acta Classica* XX (1977), p. 216.
- 16 Leander, wat deur die Hellespont na sy geliefde Hero geswem het.
- 17 'n Bron aan Apollo en die Muses gewy, naby Delphi geleë.
- 18 Geleë in Libië.
- 19 Sowel skape as bokke.
- 20 Die see van Asof.
- 21 Die Donou.
- 22 Vgl. nota by Georgicon II, 143.

GEORGICON IV

- 1 Die swaeltjie.
- 2 D.w.s. die Groot Moeder = Cybele.

- 3 Tarentum.
- 4 D.w.s. sonder bevrugting.
- 5 Die purper Italiaanse aster.
- 6 Macedoniese.
- 7 'n Grot.
- 8 Die Onderwêreld.
- 9 Die Onderwêreld.
- 10 Thracië.